


# Leesgids Afrikaans Huistaal Graad 10
deur Hettie van Zyl

Hierdie gids is as hulpmiddel vir die onderwyser in die klaskamer bedoel. Dit is geskryf met Graad 10 Huistaal as hooffokus en volgens die riglyne van die Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring (KABV) uiteengesit. Die roman en onderwysersgids kan ook vir Graad 11 Eerste Addisionele Taal gebruik word mits die onderwyser die nodige aanpassings maak soos deur die KABV voorgeskryf word.

Kopiereg © 2021 deur NB-Uitgewers
Leesgids geskryf deur Hettie van Zyl
Kopiereg gepubliseerde uitgawe © deur NB-Uitgewers
Eerste uitgawe in hierdie vorm in 2021
deur Human & Rousseau,
’n druknaam van NB-Uitgewers,
’n afdeling van Media24 Boeke (Edms.) Bpk.

Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Human & Rousseau
An imprint of NB Publishers

# Inhoud


| | | Bl. |
|---|---|---|
| | **Afdeling A: Pre-lees** | |
| | Die agtergrond van *Draairivier* | 1 |
| | Biografie van die skrywer | 2 |
| | Die verhaal in ’n neutedop | 3 |
| | Literêre begrippe in *Draairivier* | |
| 1. | Titel | 5 |
| 2. | Intrige | 5 |
| 3. | Konflik (botsing) | 7 |
| 3.1 | Innerlike konflik | 8 |
| 3.2 | Uiterlike konflik | 10 |
| 4. | Verteltyd en vertelde tyd | 12 |
| 5. | Milieu – tyd en ruimte | 13 |
| 6. | Taalgebruik | 15 |
| 7. | Tema | 15 |
| 8. | Motiewe (beelding) | 18 |
| 9. | Karakterisering | 20 |
| 10. | Stemming/atmosfeer | 27 |
| | **Afdeling B: Lees** | 28 |
| | **Afdeling C: Post-lees** | |
| 1. | Opsomming en kontekstuele vrae per hoofstuk | 30 |
| 2. | Opsteltipe vrae | 66 |
| 3. | Konsepvraestel | 70 |
| 4. | Memorandum en nasienriglyne | 73 |
| 5. | Glossarium van literêre terminologie | 106 |
| 6. | Woordverklarings | 115 |
| | Bronnelys | 119 |

## Afdeling A: Pre-lees

### Die agtergrond van *Draairivier*

Die verhaal speel af in die Boesmanland. Dit is ’n droë gebied in die Noord-Kaap. Boesmanland het nie spesifieke grense nie, maar as jy ’n sirkel trek tussen Kenhardt, Verneukpan, Brandvlei, Loeriesfontein, Kliprand en Pofadder gee dit ’n aanduiding van die gebied se ligging. Die Boesmanland is tussen die Kalahari en Namakwaland geleë. Hierdie streek kry baie min reën, is baie warm in die somer met gematigde herfstemperatuur en koue winters. In 2020 het die streek reeds agt jaar agtereenvolgende droogtes ondervind.

Dit is belangrik om ook kennis te dra van die era waarin die verhaal afspeel. ’n Treinkaartjie vanaf Upington na Kakamas het R12 gekos, goedkoper as ’n liter petrol vandag. Die Valiant waarin die Van Zyls in 1955-56 gery het, was ’n deftige, groot motor.




**Foto deur Kalle Stillersson on Unsplash.com**

Die Jansens was arbeiders op die plaas Draairivier in die omgewing van Boesmanland. Hulle het ’n eenvoudige leefwyse gehad. Sara kook seep en maak kos in ’n kookskerm. Dit klink byna ondenkbaar om vandag in enige huis te woon wat nie van elektrisiteit voorsien is nie, maar in 1955-56 was daar nog nie ’n uitgebreide netwerk van kragvoorsiening in afgeleë plattelandse gebiede nie. Sommige mense het wel daardie tyd paraffien-ys- en vrieskaste gehad, maar meestal moes alternatiewe metodes gebruik word om bederfbare produkte koud

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

te hou. Hieronder is ’n voorbeeld van die tipe strykyster waarmee klere in daardie jare gestryk is.



**Foto deur Paolo Chiabrando on Unsplash.com**

Weens apartheid het bruin en wit mense nie na dieselfde kerk gegaan nie. Dit was egter vir die eienaars van plase belangrik dat hul arbeiders moes kerk toe gaan. Geld was skraps in daardie jare, daarom het Sanna en haar familie nie hangkaste gehad om hul klere op te hang nie.

Sara is baie streng met Sanna. Sy sal haar sommer ’n klap gee as sy parmantig is. In daardie tyd was dit nie vreemd om ‘n kind te tugtig deur ‘n klap of lyfstraf nie.

## Biografie van die skrywer

Engela Ovies is gebore op 1 Julie 1968 op Onseepkans, ’n grenspos tussen Pofadder in die Noord-Kaap en Namibië. Sy was op skool in St. Philomena langs die Oranjerivier. Sy het as kind reeds ’n voorliefde gehad vir skryf, en sy teken ook graag. Een van haar gunsteling-buitemuurse aktiwiteite op skool was die sangkompetisies waaraan haar skool deelgeneem het.

Sy wou nog altyd ’n boek geskryf het oor ’n tiener in ’n rolstoel. Anoeschka von Meck, skrywer van die bekroonde *Vaselinetjie*, het Engela “ontdek”. Sy het Engela aangemoedig om ’n deel van die manuskrip vir haar te stuur en het dit toe aan ’n uitgewer in

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

die Kaap gestuur. Deur middel van ’n mentor het Engela daarin geslaag om die manuskrip af te rond en só het haar debuutroman, *Draairivier*, die lig gesien.



**Foto: Engela Ovies deur Retha Ferguson** kopiereg © NB Uitgewers

In 2003 trek Engela na Noudonsies naby Augrabies waar sy tans saam met haar twee seuns, een dogter en twee kleinkinders woon. Sy het deur *Draairivier* ’n goeie voorbeeld gestel vir haar kinders en kleinkinders. Dit is vir haar belangrik dat hulle dieselfde deursettingsvermoë as sy moet hê om hulle drome te bewaarheid.

Engela hou daarvan om jongmense te inspireer en gee Sondagskool vir die jeug in haar omgewing. Haar raad aan voornemende skrywers is dat dit nooit te laat is om te begin skryf nie. Sy is reeds besig met haar tweede manuskrip wat gegrond is op ’n ware verhaal.

## Die verhaal in ’n neutedop

### 1955-1956

Suzanna (Sanna) Jansen woon in die Suurvlakte-omgewing saam met haar ma en pa, Sara en Hendrik, en haar broer Gert. Hulle bly in ’n riethuisie op Bertus en Rita van Zyl se plaas, Draairivier. Haar pa en broer sien bedags om na die skape op die plaas en haar ma werk in die Groothuis. Sanna is verlief op Johannes Neelsen wat op die plaas Bultfontein, wat aan Draairivier grens, woon.

Eendag merk Sanna ’n pragtige blonde meisie in die venster van die Groothuis op. Sy is gedetermineerd om uit te vind wie dit is, want sy het haar nog nie voorheen gesien nie. Die Van Zyls het drie kinders: die tweeling, Elsie en Jana, en ’n ouer broer Nols wat studeer.

Sy vind uit dat die meisie waaroor niemand praat nie se naam Inge is. Inge is verlam en is afhanklik van ‘n rolstoel.  Ma Sara ontwyk Sanna se vrae oor Inge. Sy sê dat Sanna nie haar neus in die Van Zyls se sake moet steek nie.

Sanna glip eendag ongesiens in Inge se kamer in. Sy leer vir Inge laslappiewerk, en ’n goeie vriendskap ontstaan. Haar kuiertjies by Inge bly ’n geheim. Die Van Zyl-gesin laat nie toe dat Inge uit die huis kom nie. Dit is ook net Sanna se ma, Sara, wat ooit in Inge se kamer kom.

Sanna se kêrel, Johannes, is smoorkwaad vir Sanna omdat sy Kersdag saam met Inge tyd deurbring en hom afskeep. Sy voel vreeslik alleen toe Johannes Nuwejaar by die myne in Okiep gaan werk en selde vir haar skryf. Na ’n konfrontasie met mevrou Rita begin Inge en Sanna openlik kuier en Sanna stoot haar buite rond.

’n Misterieuse skilder bring ’n paar dae op Draairivier deur nadat sy bussie naby Sanna-hulle se huis gaan staan het. Inge raak verlief op Henk, wat allerhande beloftes aan haar maak, maar sy hoor niks van hom ná sy vertrek nie en dit breek haar hart.

Net voor Sanna kan begin met haar matriekeindeksamen gebeur twee insidente op die plaas wat die Jansen-gesin se lewe onherroeplik verander.

**1971**

Ná vyftien jaar word Sanna in Augustus 1971 vrygelaat uit die tronk. Sy het baie geheg geraak aan haar selmaat, Agnes. Agnes se ma het vir haar geld gegee vir ’n treinkaartjie na Kakamas waarvandaan sy na Suurvlakte en uiteindelik na Kliprant, haar geboortedorp, sal gaan.

Sy ry op ’n oop vragmotor van Kakamas na Suurvlakte in ysige weer en word siek. ’n Eertydse vriendin, Martha, vind haar voor haar huis en neem haar hospitaal toe waar sy behandel word vir dubbele longontsteking. Ná haar ontslag woon sy vir ’n maand en ’n half by suster Anna voordat sy na Kliprant gaan.

Sy vind uit dat haar broer hulle huis verkoop het en dat haar enigste oorblywende familielid, oom Dries, weer getroud is. Sy is geskok om te hoor dat Johannes ’n kind het by Rosie, want sy het gedink hy sal op haar wag. Oom Dries ontferm hom oor haar en sy sien weer vir Johannes. Hy is steeds verlief op haar en wil net trou, maar daar is ’n paar dinge wat haar weerhou van ’n oorhaastige troue.

## Literêre begrippe in *Draairivier*

## 1. Titel

Die titel van die roman verwys na die plaas waar Sanna Jansen gewoon het voor haar tronkstraf. Elke tweede hoofstuk in die roman en die laaste hoofstuk handel oor die Jansens se verblyf op Draairivier.

Die figuurlike draai in die Jansens se lewe word ook deur die titel uitgehef. Sanna was ’n onskuldige tiener wat net wou goed wees vir Inge, maar hierdie vriendskap het haar duur te staan gekom.

Draairivier is die plaas van Rita en Bertus van Zyl. Hendrik en Gert pas bedags die skape in die veld op en Sara werk in die Groothuis vir mevrou Rita. Mevrou Rita dra die broek in die huishouding, want Draairivier is haar erfgrond. Meneer Bertus is heilig oor sy skape.

Inge, die verlamde dogter van meneer Bertus by ’n ander vrou, word soos ’n kluisenaar in haar kamer opgesluit. Sanna is gefassineer deur Inge se lot en probeer alles in haar vermoë om Inge se lewe beter te maak. Sanna se vriendskap met Inge veroorsaak ’n draai in haar én Inge se lewens. Inge kom vir die eerste keer na haar ongeluk buite en sy en Sanna word hegte vriende.

Die omstandighede op Draairivier draai die Jansen-gesin in ’n heel ander rigting.

’n Geweldige storm, gepaardgaande met wind, hael en weerlig, veroorsaak dat ses en dertig van die skape vrek, maar mevrou Rita glo dat Hendrik se nalatigheid dit veroorsaak het. Hy word afgedank en hulle moet weggaan van Draairivier.

Sanna is bly dat Inge na ’n tehuis wil gaan, want dit maak die afskeid makliker. Inge wil Draairivier gaan groet. Sy wil vir oulaas ’n draai by die donga maak waar sy die rivier kan hoor. Mevrou Rita stamp vir Inge by die afgrond af en pak die skuld op Sanna. Alhoewel sy onskuldig is aan die moord op Inge, wil niemand haar glo nie.

In die slot van die verhaal maak Johannes en Sanna weer ’n draai op Draairivier om die skilpad vry te laat. Hierdie besoek aan Draairivier bring vrede vir Sanna.

## 2. Intrige

Die roman is ingedeel in twee tydlyne. Dit begin in hoofstuk 1 met Sanna Jansen se vrylating uit die tronk. Al die onewe hoofstukke speel af in 1971, die hede in hierdie verhaal. Die ewe hoofstukke speel af in die verlede, 1955-56.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

Die **motoriese moment** vind plaas die oomblik toe Sanna die meisie met die geel hare in die Groothuis opmerk. Hierdie gebeure sit die handeling aan die gang. Sanna het ’n obsessie om alles oor Inge uit te vind. Sy peper haar ma met vrae oor Inge, maar Sara is baie vaag en sê vir Sanna dat die Van Zyls se doen en late niks met haar uit te waai het nie.

Die **ontwikkeling** van die roman wentel om Sanna se strewe om met Inge vriende te word. Sy is vasbeslote om alles oor Inge uit te vind en doen navraag by Martha Swarts wie se ma, Mina, voorheen vir mevrou Rita se ouers gewerk het. Sy is geskok om te hoor dat Martha dink dat Inge dood is. Antie Poppie vertel vir Sanna van Inge se ongeluk wat veroorsaak het dat sy verlam is en dat ’n dokter in die Kaap gesê het dat sy weer sal kan loop.

Die eerste geleentheid wat Sanna kry, gaan sy na Inge se kamer en maak kennis met haar. Ma Sara verbied Sanna om na Inge toe te gaan, maar sy besoek haar steeds skelm en leer haar om laslappieslopies te maak.

Sanna is verlief op Johannes en is teleurgesteld toe sy hoor dat hy myn toe gaan. Hy gee vir haar ’n skilpad, Wouksie. Sy is in die wolke toe hy haar vra om sy meisie te word, maar sy voel onseker oor hul verhouding toe hy vertrek na die myne by Okiep.

Op Kersdag besluit Sanna om tyd saam met Inge deur te bring. Sy vat haar na die eende se dam en hulle eet saam onder die bloekomboom. Haar ma is woedend toe sy hulle later vas aan die slaap kry en raas met Sanna omdat sy sonder toestemming vir Inge uit die huis geneem het. Daarna word Sanna verbied om na die Groothuis te gaan, maar op Nuwejaar 1956, versoek Inge dat Sanna vir haar moet kom kuier.

’n Week na Nuwejaar kuier Sanna weer skelm by Inge toe mevrou Rita haar in die huis betrap. Sy is kwaad oor hulle agteraf gekonkel. Ma Sara tree vir hulle in die bres en al hou Mevrou niks van die stand van sake nie, laat sy Inge en Sanna se vriendskap toe.

Sanna is in matriek en sien nie gereeld vir Inge nie, maar wanneer hulle kan, is hulle bymekaar. Toe die skilder, Henk de Waal, se bussie naby Sanna-hulle se huis onklaar raak, ontmoet hy vir Inge. Albei is halsoorkop verlief, maar toe hy die plaas verlaat, laat hy nie weer van hom hoor nie en breek Inge se hart.

Die **krisis** in die roman ontstaan toe ses en dertig skape in ’n haelstorm vrek en pa Hendrik daarvoor verantwoordelik gehou word. Mevrou Rita dank Hendrik af. Die gevolge daarvan is dat die Jansens sonder werk en heenkome is. Boonop is dit net voor die begin van Sanna se matriekeindeksamen.

Inge besluit om haar pa te vra om na ’n tehuis vir gestremdes te gaan en wil van die plaas afskeid neem. Sy vra vir Sanna om haar na die donga te stoot waar sy die Oranjerivier

kan hoor. Die **klimaks** is in hoofstuk 34 toe mevrou Rita vir Inge by die afgrond afstoot en vir Sanna beskuldig van moord.

Al die hoofstukke wat in 1971 afspeel vorm saam die **afloop** van die verhaal. In hierdie hoofstukke word Sanna vrygelaat. Sy gaan eers na Suurvlakte en beland in die hospitaal weens longontsteking. Daarna gaan sy na Kliprant. Sy en Johannes hervat hulle verhouding en hy wil met haar trou. Die vrylating van Wouks, die skilpad, op Draairivier in die laaste hoofstuk is die belangrikste deel van die afloop en voltooi die siklus. Sanna voel werklik vry en vergewe die mense wat haar onskuldig in die tronk laat beland het.

## 3. Botsing/konflik

Konflik veroorsaak spanning in die roman. Dit is belangrik om die oorsaak, die aard van die konflik en die gevolge van die konfliksituasie te bepaal. Die wyse hoe ’n karakter konflik hanteer, is karakteropenbarend. In sommige gevalle word die konflik op een of ander wyse ontlont, maar dit word nie altyd ten volle opgelos nie.

Daar is verskeie soorte konflik:

- Innerlike konflik (wanneer ’n karakter wroeg met ’n sekere saak)
- Uiterlike konflik (’n woordewisseling of ’n fisiese bakleiery, selfs ’n deurborende kyk)
- Konflik tussen die mens en die omgewing
- Konflik tussen die mens en die natuur

### 3.1 Innerlike konflik

**Sanna (1955)**

Innerlike konflik gee soms aanleiding toe uiterlike konflik of andersom. Sanna is as jongmeisie so bekommerd oor die lot van Inge dat sy, teen haar ma se wense, aanhou om ander mense uit te vra oor haar. Sanna erken teenoor Ma Sara dat sy skelm vir Inge besoek het en is kortaf met haar ma. Sy ervaar innerlike konflik omdat sy skuldig voel oor haar onaanvaarbare optrede.

Sanna stem in om Johannes se meisie te word, maar twyfel of hy haar sal onthou as hy na die myne in Okiep gaan. Sy is eintlik baie onseker en het ’n lae selfbeeld. Sy glo dat die meisies agter hom sal aantou en dat hy sal vergeet van “Sanna . . . met die terugspringhare” (p. 169). Toe sy briewe opdroog, is haar hart baie seer en sy glo dat hy nooit weer sal terugkom na haar toe nie. Die twee briewe wat sy by antie Poppie kry, ontlont haar innerlike konflik, want sy vind uit dat Johannes nie geld gehad het vir seëls nie en dat hy tog aan haar dink.

Terwyl Henk de Waal op die plaas kuier, voel dit vir Sanna asof Inge haar afskeep en skielik onthou het dat hulle nie dieselfde velkleur het nie. Met Henk se vertrek besef sy dat haar ma reg was en dat Inge haar nodig het.

Pa Hendrik word deur mevrou Rita afgedank kort voor Sanna se eindeksamen. Sanna wonder wat gaan van Inge word as sy nie meer daar is nie en dink dat sy weer soos ’n kluisenaar sal lewe as hulle weg is. Sy is bly dat Inge na ’n tehuis vir gestremdes wil gaan, want dit maak die weggaan draagliker.

Die moord op Inge ontneem Sanna van ’n normale lewe. Sy wou graag matriek skryf en ’n welsynswerker word, maar word van moord beskuldig. Die vyftien jaar tronkstraf wat Sanna moet uitdien, veroorsaak erge innerlike konflik en lei daartoe dat Sanna al meer in haar dop kruip en in haarself begin twyfel. Bladsy 13 verwys na ’n gesprek tussen Sanna en Agnes. Agnes glo dat Sanna onskuldig is, maar Sanna twyfel oor haar onskuld: “Maar is ek regtig onskuldig, Agnes? Niemand word só lank tronk toe gestuur as jy niks verkeerd gedoen het nie. Is ek nie tóg op een of ander manier skuldig aan wat gebeur het nie?”

Sanna glo dat haar ma se swak hart ingegee het weens haar tronkstraf. Haar pa het haar aanvanklik besoek, maar die geld was skraps en hy het vier maande later gesterf. Haar broer het ’n dronklap geword vanweë al die bekommernis en sy weet nie waar hy is nie. Geen ander familie of Johannes het haar in die tronk besoek nie.

**Sanna (1971)**

Na vyftien jaar in die tronk voel Sanna baie onseker en bang. Sy besluit om die grondpaadjie na die stasie te neem, nie omdat dit noodwendig korter is nie, maar omdat sy nie mense wil teëkom nie. Sy skrik toe die trein met die wegtrek fluit. Toe sy by Kakamas se stasie afklim voel sy hartseer. Daar is niemand wat haar by die stasie verwelkom nie, want niemand weet van haar koms nie en sy voel verwerp. “Is ek dan ’n soort pes wat deur almal vermy moet word?” (p. 23)

Op Suurvlakte voel dit vir haar asof almal “tronkprentjies” (p. 94) op haar lyf soek. Selfs op Kliprant, tussen haar eie mense, voel sy baie skaam en onseker. Sy is geskok toe Rosie haar vertel dat sy en Johannes ’n verhouding gehad het en dat hulle ’n kind het.

Sanna het geglo dat Johannes vir altyd vir haar sal wag en dat hulle sal trou. Toe hulle mekaar weer sien, val haar skanse, maar sy bly onseker of Johannes regtig vir haar lief is. Sy wil nêrens saam met hom gaan nie. Sy voel baie selfbewus weens haar tronkagtergrond en dink dat mense van haar skinder.

Sanna twyfel of sy ooit vir mevrou Rita kan vergewe vir die onreg wat sy haar aangedoen het deur haar vals te beskuldig van moord. Sy voel ook nie werklik vry nie, daarom is dit vir haar moeilik om in te stem om met Johannes te trou. Haar innerlike konflik word ontlont toe sy en Johannes na Draairivier gaan om vir Wouks vry te laat: "Ek voel skielik vry, Johannes. Vir die eerste keer in jare voel my siel lig." (p. 240)

**Inge**

Toe Inge agt jaar oud was, het Bertus en Rita van Zyl 'n hewige woordewisseling gehad. Die gevolg daarvan was dat Inge nie meer met die tweeling in kontak gekom het nie, want mevrou Rita het hulle weggehou van haar af. Sy het van toe af uit almal se pad gebly en stil geword. Sy het alles in haar vermoë gedoen om nie een van die huismense te ontstel nie.

Sy het nooit geweet wie haar ouers is nie, daarom het sy vir Bertus van Zyl daaroor gevra. Sy vrou, Rita, het die gesprek gehoor en Inge uitgeskel vir alles wat sleg is. Inge het gevlug en op 'n perd gespring en weggejaag. Sy het afgeval en is daarna verlam. Rita het geweier om haar vir behandeling te stuur en sy het dag en nag in haar slaapkamer deurgebring.

Sy het nooit weer kans gekry om na buite te gaan nie, want niemand wou haar help nie. Sara was die enigste mens wat sy bedags gesien het. Sara het haar gebad, kos gegee en haar kamer aan die kant gemaak. Inge het haar heeltemal onttrek aan die samelewing. Sy het ook nooit verdere onderrig ontvang nie en leef soos 'n kluisenaar.

**Ma Sara** ervaar innerlike konflik omdat sy vir Sanna van Inge probeer weghou en sy weet dat dit Sanna ongelukkig maak. Sara is bang dat sy in die moeilikheid sal kom indien mevrou Rita van die vriendskap tussen Inge en Sanna uitvind. Sy ia bang dat sy haar werk kan verloor, want mevrou Rita hou nie van moeilikheidmakers nie. Sara gee baie om vir Inge, maar is bang dat Inge 'n houvas op Sanna sal kry. Sara probeer ook die feit dat sy siek is, wegsteek. Sy het gedurig pyn, maar gaan voort met haar werk sonder om te kla. Sanna is bekommerd oor haar ma en glo dat sy by 'n dokter moet uitkom.

Toe Sanna onskuldig opgesluit word vir moord, is haar ma baie hartseer. Skaars 'n maand na Sanna tronk toe is, sterf Sara omdat dit vir haar te moeilik was om die omstandighede te aanvaar.

**Johannes** is baie lief vir Sanna, maar hy weet dat hy nie vir haar 'n goeie lewe kan bied nie, daarom besluit hy om werk te gaan soek by die myne in Okiep. Toe Sanna op Kersdag verkies

om eerder tyd saam met Inge as saam met hom deur te bring, voel hy seergemaak. Hy en Sanna het ’n woordewisseling en hy noem haar “bemoeisiek” (p. 156). Hierdie innerlike konflik veroorsaak dat hy en Sanna beide onseker voel wanneer hy kort daarna weggaan.

Toe Sanna tronk toe is, het hy haar probeer besoek, maar die konstabel het hom oortuig dat Sanna weggestuur is Kaap toe. Sy ma, antie Poppie, het geglo dat Sanna die doodstraf gekry het en dat haar lyk verbrand is. Op sy ma se aandrang knoop hy ’n verhouding met Rosie aan, maar hy hunker die hele tyd na Sanna en kan haar nie vergeet nie. Dié innerlike konflik oor Sanna veroorsaak dat sy verhouding met Rosie misluk en dat hy nooit trou nie.

Na vyftien jaar sien hy weer vir Sanna en dit is asof die jare tussenin nooit bestaan het nie. Hy wroeg oor die feit dat hy nie genoeg moeite gedoen het om verder navraag te doen oor Sanna nie en vra vergifnis. Toe Sanna instem om met hom te trou, word sy innerlike konflik ontlont.

### 3.2 Uiterlike konflik

**1955**

**Sanna en haar ma** is gedurig in konflik omdat sy nie wil luister wanneer haar ma vir haar sê dat sy vir Inge moet uitlos nie. Sy vra knaend vrae aangaande Inge, maar Sara gee baie min inligting. Toe Sanna nie antwoorde oor Inge kry nie, doen sy navraag by Martha van antie Mina en is geskok omdat antie Mina vir haar kinders vertel het dat Inge dood is.

Sy is so obsessief oor Inge dat sy besluit om skelm na Inge se kamer te gaan om te gaan kennis maak. Haar ma betrap haar daar en jaag haar huis toe. Haar ma smeek haar om die Van Zyls se wense te respekteer, maar vir Sanna is dit onaanvaarbaar dat Inge soos ’n kluisenaar in haar slaapkamer vasgekeer is. Sy vat die **tweeling, Jana en Elsie**, aan omdat hulle nie vir Inge saamneem as hulle die eende by die dam gaan voer nie.

Vir ’n tweede keer besoek sy vir Inge. Sy vat haar lappies saam en wys vir Inge hoe om slopies van die lappies te maak. Ma Sara kom onverwags by die deur in en Sanna slaag net-net daarin om betyds weg te kruip. Toe sy Inge die derde keer in die geheim besoek, vra Ma Sara vir haar waar sy was en sy erken dat sy by Inge was. Sy is arrogant met haar ma en haar ma mik ’n klap na haar, maar sy ontwyk dit.

Sanna doen navraag by antie Poppie wat aan haar die waarheid oor Inge vertel. Op Kersdag (hoofstuk 20 en 22) gaan kuier sy weer vir Inge. Sy besluit om haar na buite te neem. Hulle hou piekniek by die dam en voer die eende. Hulle raak aan die slaap en Ma Sara kom laatmiddag op hulle af. Sy is baie kwaad en gooi ’n skoen in Sanna se rigting.

Kersdag se kuier by Inge ontketen ook konflik tussen **Johannes en Sanna**. Hy voel dat Sanna hom afskeep en dat sy bemoeisiek is. Hy neem haar kwalik omdat daar baie min tyd is wat hulle saam kan deurbring voordat hy weggaan. Sanna staan nie terug vir Johannes nie en sê dat hy haar nie besit nie.

Die konflik tussen Ma en Sanna word ontlont toe Ma besef dat Sanna se kuiertjies vir Inge gelukkig maak. Sy kom ook vir Sanna op toe **mevrou Rita** haar in die Groothuis betrap en wil weet wat sy in haar sak het. Mevrou Rita is glad nie tevrede met Sanna en Inge se vriendskap nie.

Mevrou Rita haat Inge omdat sy meneer Bertus se kind by ’n ander vrou is. Dit is juis ’n rusie tussen **Inge en mevrou Rita** wat veroorsaak het dat Inge op ’n perd gespring, afgeval en verlam geword het.

Toe Sanna vir Inge na die donga vat om die plaas te groet, neem mevrou Rita haar kans waar en stoot vir Inge oor die rand. Hierdie konflik het vele gevolge. Inge is dood en mevrou Rita beskuldig Sanna van moord. Meneer Bertus wil nie glo dat sy vrou verantwoordelik is vir Inge se dood nie en dit lei daartoe dat Sanna vir moord opgesluit word.

**1971**

Toe Sanna op Kliprant aankom, is **Rosie** die eerste bekende met wie sy praat. Rosie is ongevoelig aangaande Sanna se tronkstraf en maak onaangename aanmerkings. Sanna moet haarself bedwing om nie iets leliks terug te sê nie. Toe Sanna verneem dat Johannes Lappies se pa is, is sy so ontsteld dat sy bewusteloos raak. Sy kan nie glo dat Johannes van haar vergeet het nie.

Na Gert se terugkoms besoek Rosie (hoofstuk 33) vir Sanna by oom Dries se huis. Hierdie keer maak Rosie weer venynige aanmerkings. Sy sê dat sy gedink het dat Sanna terug is tronk toe. Sy is ook verontwaardig omdat sy uitgevind het dat Johannes en Sanna voor haar tronkstraf in ’n verhouding was en dat hulle liefde weer vlam gevat het ten spyte van die feit dat Sanna vir moord opgesluit was.

Sanna sê vir Rosie: “Dis net ’n bestiering dat hy nie met jou getroud is nie, want dit sou sy grootste fout gewees het.” (p. 229)

**Johannes en Sanna** is verheug om mekaar na al die jare te sien, maar sy is vies omdat Johannes haar nie in die tronk besoek het nie. Sy hou niks daarvan dat hy met Rosie gevry en ’n kind by haar het nie. Johannes maak net troupraatjies, maar Sanna is nog te deurmekaar en onseker om in te stem tot ’n troue.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Johannes is raadop omdat Sanna al ’n maand terug is op Kliprant maar nêrens saam met hom wil gaan nie. Sy vererg haar vir Johannes en sê aan hom dat hulle liewer nie moet trou nie. Johannes se plan om Wouks na Draairivier terug te vat, veroorsaak die deurbraak en Sanna stem in om sy vrou te word.

**3.3 Konflik tussen die mens en sy omgewing**

Inge ervaar konflik weens haar omstandighede. Sy is in konflik met haar omgewing omdat sy emosioneel mishandel word deur die Van Zyls. Sy is op agtjarige ouderdom reeds verstoot toe Rita agtergekom het dat sy Bertus van Zyl se buite-egtelike kind is. Na die ongeluk word sy soos ’n gevangene behandel. Sy het geen vriende nie en was laas op skool toe sy veertien jaar oud was.

Toe Sanna met haar vriende word, leer sy nuwe dinge. Sy leer laslappiewerk doen en vir die eerste keer in byna vier jaar kan sy uit die huis kom en die wonderlike natuur geniet. Sy word bevry van haar kluisenaarslewe en haar innerlike konflik word ontlont.

Inge se vreugde met die nuwe liefde in haar lewe is van korte duur. Toe Henk de Waal van die plaas af weggaan, vergeet hy van haar, en haar droom om bevry te word uit die huis waar sy geen ouerliefde ervaar nie, word vernietig. Toe sy hoor dat Sanna en haar gesin die plaas gaan verlaat, besef sy dat alles weer soos voorheen sal wees. Sy vra haar pa om haar eerder na ’n tehuis vir gestremdes te stuur en glo dat dit vir haar ’n beter uitkoms sal wees.

**Konflik tussen die mens en die natuur** kom tydens die haelstorm voor. Hendrik en Gert moet in ’n miershoop skuil om hulself te beskerm. Ses en dertig skape word deur die hael doodgeslaan. Daar was hoegenaamd niks wat Hendrik en Gert kon doen om die skape te red nie. Alhoewel Hendrik nie die weer kan beheer nie, word hy van nalatigheid beskuldig en summier ontslaan uit die diens van die Van Zyls.

## 4. Verteltyd en vertelde tyd

Verteltyd verwys na die aantal bladsye van die roman. Die verteltyd van *Draairivier* is 233 bladsye.

Vertelde tyd is die tydperk wat in die verhaal gedek word. *Draairivier* speel af in twee tydlyne. Die eerste tydlyn strek oor **ongeveer ’n jaar**, van Desember 1955 tot November 1956. Die tydperk waartydens Sanna in die tronk was, word nie volledig gedek nie. Die leser neem

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

kennis van haar tronkverblyf deur Sanna se gedagtegang en die dialoog met die tronkbewaarder of met haar selmaat, Agnes.

Die tweede tydlyn van die verhaal strek vanaf Sanna se vrylating in Augustus 1971 tot November 1971 – **ongeveer vier maande**. Die totale vertelde tyd is dus ongeveer ’n jaar en vier maande.

Die verhaal word in fragmentariese volgorde aangebied, want die eerste hoofstuk se gebeure vind plaas in 1971, terwyl die tweede hoofstuk handel oor die gebeure in 1955.

Die verhaal word eintlik terugskouend vertel, maar die gebeure in 1955 tot 1956 is die hoofintrige en bevat die sentrale inhoud van die roman.

## 5. Milieu – tyd en ruimte

***Draairivier*** is die titel van die roman en die grootste gedeelte van die intrige speel op dié plaas in die Boesmanland af. Al die hoofstukke met ewe getalle (2, 4, 6 . . . 32, 34) speel af op Draairivier en omgewing in 1955 tot 1956, asook hoofstuk 35, vyftien jaar later.

Die plaas behoort aan die Van Zyls. Hulle woon in die Groothuis, ’n yslike dubbelverdiepinghuis. Die slaapkamers is op die boonste verdieping en die leefruimtes soos die sit- en eetkamer, die kombuis en die waskamer is onder.

Daar is ’n uitgestrekte vyeboord agter die huis. Die dam met die eende is ’n entjie verder. Dan is daar die donga met sy hoë walle wat ’n verbode terrein is omdat dit so gevaarlik is. As jy op die hoë walle staan, kan jy die geluid van die magtige Oranjerivier hoor. Die Van Zyls boer met skaap. Sanna se pa en broer pas bedags die skape op. Saans slaap hulle in die kraal. Daar staan ook ’n wit perd op stal, maar niemand ry op hom na Inge se ongeluk nie.

**Sanna en haar gesin** woon in ’n eenvoudige drievertrek-riethuisie. Die mure is van riet en is met sand gepleister. Weens die gebrek aan elektrisiteit moet hulle van alternatiewe metodes gebruik maak om hulle kos koud te hou. Sanna gebruik ’n strykyster waarin sy warm kole sit om dit te verhit. Hulle het nie hangkaste om hulle klere op te hang nie. Ma Sara kook seep van die vet wat sy soms by meneer Bertus kry. Daar word kos gemaak in die kookskerm.

Die Neelsens woon op die aangrensende plaas, **Bultfontein**, wat aan die Roodts behoort. Sanna staan gereeld op die koppie om vir Johannes dop te hou. Sy loop soms na antie Poppie se werf om te gaan kuier. Ant Poppie het ’n paar hoenders waarmee sy boer. Sy het ’n kokerboomverkoeler waarin sy water, magou en gemmerbier verkoel. Dit word ook gebruik om vleis en smeervet koel te hou.

Sanna is baie gelukkig op Draairivier. Sy ry saam met mevrou Rita en die tweeling skool toe en terug. Sy en haar gesin ry Sondae saam met die Van Zyls na **Suurvlakte**. Hulle laai hulle by die Roomse kerk af voordat hulle na die NG kerk gaan. Sanna-hulle kuier na kerk by antie Mina Swarts en haar gesin totdat meneer Bertus hulle kom oplaai.

Sanna was vir vyftien jaar in die **Gemkor Upington Gevangenis**. Die tronkruimte word gesuggereer deur die verwysing na gesprekke tussen Sanna, Agnes en Pyne. Omdat Sanna die verteller is, gee haar gedagtegang ’n betroubare weergawe van die tronkruimte.

Die eerste hoofstuk van die roman speel af in Augustus 1971. Sanna word vrygelaat en sy loop na die stasie waar sy ’n treinkaartjie koop. Sy reis na **Kakamas** en vandaar kry sy ’n saamrygeleentheid na Suurvlakte. Sy gaan na Martha, antie Mina se dogter, om daar vir ’n oornagplek te vra, maar omdat sy so siek is, beland sy in die hospitaal.

Nadat sy ontslaan word, word sy tydelik versorg deur suster Anna omdat sy nog nie sterk genoeg is om verder te reis nie. Almal op Suurvlakte is Sanna goedgesind. Martha besoek haar in die hospitaal en gee vir haar ’n sak vol klere wat aan haar oorlede suster, Mietjie, behoort het.

In Oktober vertrek sy na **Kliprant**, haar eindbestemming. Kliprant is tans steeds ’n klein dorpie met ongeveer sewe en vyftig gesinne. Die naaste groot dorp aan **Kliprand** , soos dit deesdae bekend staan, is Vredendal wat ongeveer honderd en vyftig kilometer daarvandaan is. As jy links draai by die T-aansluiting buite Kliprand volg jy die pad na Springbok wat in Namakwaland is. Die regterkantste pad lei verder die Boesmanland in.

Sanna se ma het hul ouerhuis op Kliprant geërf. Sanna dink dat haar broer nog in die huis op Kliprant woon, want albei hul ouers is oorlede. Sy is ontnugter toe sy uitvind dat haar broer die huis verkoop het dat hy ’n alkoholis geword het en nou êrens in die Kaap is. Sy word hartlik ontvang deur haar **oom Dries**. Hy en sy vrou, Lalie, woon in ’n netjiese steenhuis. Lalie rig die sinkkamertjie vir Sanna in.

Oom Dries het ’n paar bokke wat saans deur Johannes, Sanna se eertydse geliefde, gemelk word. Dit voel vir Sanna asof almal haar veroordeel weens haar tronkstraf, daarom probeer sy die inwoners van Kliprant sover moontlik vermy. Johannes is steeds smoorverlief op haar, maar sy is skepties oor sy trouaanbod. Dit is eers toe Sanna en Johannes na Draairivier terugkeer om die skilpad vry te laat dat Sanna instem om met Johannes te trou.

## 6. Taalgebruik

Die algemene taalgebruik in die roman word gekenmerk deur eenvoudige, maar keurige Afrikaans. Dit is ryk aan idiomatiese uitdrukkings en vergelykings. Omdat die verhaal grootliks in 1955 afspeel, sal die leser vreemde woorde soos “blikkantien” (bv. p. 38) opmerk.

Die taalgebruik in *Draairivier* ondersteun die era waarin die verhaal afspeel. Engelse woorde word soms verafrikaans; so word daar na ’n treinkaartjie as ’n “treintieket” (p. 9) verwys. Deurgaans word die woord “antie” (in plaas van tannie) (bv. p. 9) gebruik wanneer daar na ’n ouer dame verwys word.

Eiesoortige uitdrukkings word gebruik om omstandighede en gebeure te beskryf. Die petroljoggie by Suurvlakte sê dat Mietjie lankal “witbene” (p. 39) is. Dit beteken dat sy ’n geruime tyd terug oorlede is. Hy glimlag met ’n “wye poort” (p. 40). Dit suggereer dat sy voortande uit is. Op bladsy 109 verwys die verteller na antie Poppie se trekkerige stemtoon wat eie is aan die Namakwalanders.

## 7. Tema

Die hooftema beklemtoon Sanna se stryd. Sy het ten spyte van haar onregverdige tronkstraf almal vergewe en gefokus op die toekoms.

**Gevangenskap teenoor vryheid**

**Sanna** word skuldig bevind aan moord en dien vyftien jaar tronkstraf uit. Sanna was onskuldig, want dit was eintlik mevrou Rita wat vir Inge vermoor het. Haar ouers sterf kort na mekaar terwyl sy in die tronk is en sy kan nie eers hul begrafnisse bywoon nie.

Niemand besoek haar na haar pa se dood in die Gemkor-gevangenis in Upington nie. Oom Dries sê dat hulle verneem het dat sy na die Kaap oorgeplaas is. Antie Poppie het geglo dat sy die doodstraf gekry het.

In die tronk het sy die laaste jaar goed bevriend geword met Agnes, haar selmaat. Sy het saam met Agnes se familie gekuier wanneer hulle haar besoek het. Sy word in Augustus vrygelaat en reis per trein na Kakamas. Sy raak siek op die trein, beland in die hospitaal en bly by suster Anna voordat sy na Kliprant vertrek. Sy bly by oom Dries en raak weer betrokke by Johannes.

Sanna voel nie werklik vry nie. Dit verhoed haar om in te stem om met Johannes te trou. Haar mense glo almal aan haar onskuld, maar weet nie werklik wat gebeur het nie. Uiteindelik vertel sy vir hulle wat daardie dag gebeur het. Eers toe sy en Johannes na

Draairivier ry om vir Wouks vry te laat, ervaar sy vrede in haar hart. Sy voel dan vry om in te stem om met Johannes te trou.

**Inge** was vyf jaar oud toe sy by die Van Zyls gaan bly het. Meneer Bertus het beweer dat sy ’n vriend van hom se dogter is. Alles het aanvanklik goed gegaan, maar toe sy agt jaar oud was, het Rita en Bertus ’n hewige argument gehad. Daarna het Rita haar tweeling van Inge af weggehou en Inge het in haar self gekeer geraak. Toe sy veertien jaar oud was, wou sy by Bertus weet wie haar ouers is. Rita het die gesprek gehoor. Sy het vir Inge sleggesê en haar geklap. Inge het op ’n perd gespring en weggejaag. Die perd het haar afgegooi en sy is verlam.

Na die ongeluk is Inge in haar kamer vasgekluister. Sara is die enigste persoon wat in haar kamer kom. Sy bad haar elke middag en is verantwoordelik vir haar versorging. Toe sy na ’n ander kamer verskuif, merk Sanna haar eendag op. Sanna doen alles in haar vermoë om uit te vind wat Inge se probleem is.

Inge is byna agtien toe Sanna by haar begin kuier. Inge brei babakousies om haar dae om te kry. Sanna bevry haar gedeeltelik van haar gevangenskap toe sy haar Kersdag vir die eerste keer in ongeveer vier jaar buite die huis vat. Met Ma Sara se hulp word dit later ’n gereelde instelling dat Sanna en Inge saam kuier.

Henk de Waal, die skilder, leer vir Inge ’n nuwe gevoel van vryheid: liefde. Inge is halsoorkop verlief en glo dat Henk haar sal wegneem en sy ware vryheid en liefde sal ervaar. Toe daar niks van sy beloftes kom nie, beland Inge in ’n doodloopstraat en word weer ’n gevangene van haar emosies.

Rita jaag die Jansens van die plaas af weg ná die storm omdat sy glo dat Hendrik verantwoordelik is vir die dood van die ses en dertig skape. Inge se besluit om na ’n tehuis vir gestremdes te gaan, is haar enigste hoop op vryheid. Sy begeer om die plaas te groet voor sy weggaan en vra vir Sanna om haar na die donga te vat.

Rita verskyn skielik agter hulle. “Jy wil mos vry wees!” skree sy soos ’n mal ding. “Nou kan jy vry wees!” (p. 235) Sy stoot vir Inge oor die afgrond en Inge val na haar dood. Dit is nie die tipe vryheid wat sy begeer het nie, maar dit was Rita se manier om vry te raak van Inge.

Net voor die Kersfees van 1955 gee Johannes vir Sanna ’n klein skilpadjie. Sy besluit om hom **Wouksie** te noem. Toe Johannes by die myne in Okiep gaan werk, is die skilpad al wat sy van Johannes oor het.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Toe Sanna tronk toe gaan, besluit Hendrik om vir Johannes die skilpad terug te gee. Johannes se obsessie oor die skilpad veroorsaak dat sy en Rosie se verhouding misluk. Toe Sanna na haar vrylating terugkeer na Kliprant sien Sanna weer vir Wouks.

Vir Johannes is dit belangrik om aan Wouks sy vryheid terug te gee, want hy was langer as Sanna in gevangenskap. Johannes en Sanna vat vir Wouks terug na Draairivier en laat hom vry op die plek waar hy jare gelede gevind is. Wouks se vryheid is simbolies van die vryheid wat Sanna ervaar.

**Leuens**

Bertus van Zyl het vir jare almal onder ’n vals indruk gebring dat Inge ’n vriend se kind is. Na drie jaar wat Inge by hulle gewoon het, vind sy vrou, Rita, uit dat hy vir haar gejok het. Dit veroorsaak dat Inge deur almal verwerp word en emosioneel swaarkry. Hy vertel ook nie vir Inge dat hy eintlik haar pa is nie. Hierdie leuens veroorsaak ’n woordewisseling tussen Rita en Inge. Inge vlug uit die huis en ry op die wit perd weg. Sy val van die perd af en word verlam.

Mevrou Rita het gejok toe sy beweer het dat sy vir Inge tuis sal onderrig. Die feit dat Inge nooit saam met hulle êrens heen gaan nie impliseer dat hulle haar wegsteek en waarskynlik oor haar jok, want dit is net die dominee se vrou wat soms in die Groothuis op Draairivier kom kuier.

Die skilder, Henk de Waal, het vir Inge met valse beloftes ’n rat voor die oë gedraai. Hy het beweer dat hy haar na ’n spesialis sal vat en met haar gaan trou, maar dit was alles leuens. Nadat hy weg is van Draairivier, hoor Inge nie weer van hom nie.

Mevrou Rita het Sanna vals beskuldig van die moord op Inge. Boonop wou meneer Bertus haar nie glo toe sy sê dat dit eintlik mevrou Rita was nie. Die hof bevind haar skuldig. Dit veroorsaak dat sy vyftien jaar in die tronk moet sit vir iets wat sy nie gedoen het nie.

**Vergifnis**

Toe Sanna op Draairivier gebly het, het sy vir Johannes kwalik geneem omdat hy lank laas vir haar geskryf het, maar toe sy die twee briewe by antie Poppie kry en hoor dat hy nie geld vir seëls gehad het nie, vergewe sy hom.

Sy is vies vir Inge omdat sy haar afgeskeep het tydens Henk se besoek aan die plaas. Ma Sara wys haar daarop dat Inge haar nodiger as ooit gaan hê as Henk van die plaas af vertrek. Toe Sanna besef dat Henk net vir Inge misbruik het en vir haar gejok het, kan sy nie anders as om haar te vergewe nie.

Terwyl Sanna by suster Anna aansterk, luister sy een Sondag oor die radio na die oggenddiens wat handel oor vergifnis. Sy wonder of sy vir mevrou Rita regtig vergewe het vir die onreg wat sy haar aangedoen het.

Tydens haar tronkverblyf het Sanna se ouers kort na mekaar gesterf. Sanna neem haarself kwalik dat sy indirek tot hul dood bygedra het en sy sukkel om haarself te vergewe. Geen van haar naasbestaandes het haar na haar pa se dood in die tronk besoek nie. Oom Dries verduidelik aan haar dat hulle gedink het sy is na ’n ander tronk in die Kaap verplaas soos die konstabel hulle meegedeel het. Ant Poppie het gesê dat sy die doodstraf gekry het. Sy neem hulle nie kwalik nie en sê op bladsy 149: “Ek het julle almal lankal vergewe.”

Dit is vir Sanna moeilik om vrede te maak met die idee dat Johannes van haar vergeet het en ’n kind by Rosie het. “Wat van jou beloftes van ewige trou? Terwyl ek dag en nag my oë uitgehuil het van verlange na jou, vry jy vir Rosie vuurwarm! Nee, ek dink nie ek wil meer trou nie.” (p. 188)

Toe Rosie weer kwetsende aanmerkings teenoor Sanna maak aangaande haar tronkstraf en die verhouding met Johannes, sit sy haar op haar plek, maar sy voel daarna skuldig. Sanna glo dat sy vir Rosie om verskoning moet vra ter wille van Johannes en sy dogter, Lappies.

Nadat sy en Johannes vir Wouks, die skilpad, vrygelaat het, voel Sanna bevry en is sy gereed om die verlede agter haar te sit en met Johannes te trou. Die slotwoorde van die roman beklemtoon dat Sanna almal wat haar ’n onreg aangedoen het, vergewe het.

Ander temas wat in die roman aangeraak word, is onder andere verlies, onreg, drome en verhoudings.

## 8. Motiewe (beelding)

’n Terugkerende of herhalende motief (leitmotiv) is ’n sekere voorwerp wat voortdurend in die roman na vore kom. Die skrywer verwys na elemente of beelde om ’n sekere betekenis daaraan te koppel.

Sanna sien die **babaklere** wat Inge brei en gebruik dit om ’n gesprek met haar aan te knoop. Sy kry vir Inge innig jammer omdat sy weens haar verlamming dalk nooit haar eie kinders sal hê en die babaklere self nooit sal gebruik nie. Sanna oorreed vir Inge om die babaklere by die volgende basaar te verkoop. Inge het geglo dat sy deur die verkoop van die babaklere genoeg geld bymekaar sal maak om weg te gaan wanneer sy een en twintig word.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Sanna wys vir Inge die **lappies** wat Ma Sara vir haar by die basaar gekoop het en leer vir Inge om daarvan slopies te maak. Toe sy op ’n later stadium (hoofstuk 24) weer vir Inge lappies vat, sien mevrou Rita haar. Sy wil weet wat sy in die sak het. Mevrou Rita verwys smalend daarna as “flentertjies lap” (p. 174) en is woedend. Ma Sara beredder die situasie en moedig vir Sanna aan om na Inge toe te gaan.

Sanna het ’n goeie hart en probeer deur middel van die lappies Inge se lewe verryk. ’n Mooi vriendskap ontstaan tussen Inge en Sanna. Dit is insiggewend dat Rosie en Johannes se dogter se troetelnaam ook Lappies is. Dit is afgelei van Poliena, maar skakel ook met die lappiesmotief.

Johannes se obsessie oor die “ewige **skilpad**” (p. 95) was glo die rede dat haar en Johannes se verhouding nie uitgewerk het nie. Die skrywer lig doelbewus nie die leser in na watter skilpad verwys word nie om afwagting te skep. In hoofstuk 18 gee Johannes vir Sanna ’n skilpad wat sy Wouksie noem. Toe sy gevangenisstraf opgelê is, het Sanna se pa vir Johannes die skilpad teruggee. Hy wys vir Sanna die yslike bergskilpad wat hy al die jare versorg het.

Johannes en Sanna se terugkeer na Draairivier aan die einde van die roman is ’n voltooiing van ’n kringloop. Die skilpad was eintlik net soos Sanna ’n gevangene. Wouks se vrylating in die natuur laat ook vir Sanna vry voel en daarom is sy bereid om Johannes se vrou te word.

Die **donga** by die hoë walle is ’n gevaarlike plek waarteen Ma Sara altyd vir Sanna gewaarsku het. Die donga is aan die bokant van die rivier en die walle is “grillerig hoog” (p. 18).

Op bladsy 33 blyk dit dat Sanna bekommerd is dat Gert vir Johannes sal vertel van haar gevoelens vir hom. Die verteller sê dat sy “sowaar van daai hoë wal by die donga” sal afspring. Sy bedoel dit nie werklik nie, maar die gevaar van die donga word sodoende aan die leser voorgehou. In hoofstuk 32 ry meneer Bertus met die dooie skape in die rigting van die donga en word die skape heel waarskynlik in die donga gegooi.

Inge vra vir Sanna op bladsy 234 om haar na die donga te neem omdat sy wil afskeid neem van die plaas voor sy na die tehuis vir gestremdes gaan. Toe mevrou Rita vir Inge naby die hoë walle sien, stamp sy haar oor die afgrond: “Die rolstoel lê in stukke op die klippe, met Inge se liggaam soos ’n gebreekte pop langsaan.” (p. 236)

## 9. Karakterisering

Die verhaal draai om die hoofkarakter, Sanna Jansen, se lewe, en sy is deurentyd op die voorgrond. Die ander belangrike karakters word "newekarakters" genoem. Hulle dra by tot die groei en ontwikkeling van die hoofkarakter (protagonis).

Die hoofkarakter ondergaan 'n karakterverandering en word 'n "ronde karakter" genoem. Ander onbelangrike karakters wat nie 'n noemenswaardige rol speel nie, staan bekend as "randkarakters" of "figurante".

Daar is twee metodes van karakterisering:

**Eksplisiete karakterbeelding**

- Die leser leer 'n karakter ken op grond van die inligting wat die verteller aan die leser meedeel.
- Dit wat die ander karakters oor 'n karakter sê of van hom of haar dink, beeld die karakter uit.

**Implisiete karakterbeelding**

- Die karakter word oorgedra deur sy of haar voorkoms of deur die voorstelling van sy of haar omgewing.
- Sekere afleidings kan uit die karakter se handeling gemaak word.
- Die karakter se gedagtegang en dialoog is openbarend van 'n karakter se eienskappe.
- Die wyse waarop 'n karakter konflik hanteer, lig die leser in aangaande sy of haar persoonlikheid.

**Die Jansens**

**Sanna Jansen (Protagonis)**

Sanna, oftewel, Suzanna Jansen, is gebore op Kliprant en het daar skool gegaan. Hulle verhuis na Draairivier waar haar ouers en broer vir die Van Zyls werk. Hulle woon in 'n riethuisie 'n entjie van die plaasopstal af. Sy is sewentien en in standerd 9 (graad 11) en gaan skool op Suurvlakte. Haar droom is om na skool te gaan studeer vir 'n welsynswerker.

Die sewentienjarige Sanna is **fluks** en help graag haar ma in die huis. Sy maak hout bymekaar, maak kos, skraap afval, stryk hul klere en gee die vetplante water. Soms help sy

haar ma met die strykwerk by die Groothuis. Sy is lief vir die plaas en geniet die natuur. Haar gunstelingplek is by die dam waar sy die eende kosgee.

Sanna is ’n **omgee-mens wat besorg is** oor haar ma se siektetoestand en haar aanmoedig om dokter toe te gaan. Sy is **nuuskierig** oor die blonde meisie wat sy eendag in die Groothuis se kamervenster sien sit. Haar ma wil nie vir haar vertel van Inge nie en sê dat sy die mense moet uitlos, maar sy is **vasbeslote** om alles oor Inge uit te vind. Sy gaan kuier in die geheim vir Inge in haar kamer en leer haar om laslappiewerk te doen.

Sy is **verlief** op Johannes Neelsen wat op die buurplaas by sy ouers, antie Poppie en oom Jonny, bly. Antie Poppie gee vir haar twee kuikens en Johannes gee vir haar ’n skilpad, Wouksie. Voordat hy myn toe vertrek, vra hy vir Sanna om sy meisie te word en sy stem in. Haar **gebrek aan ’n goeie selfbeeld** is duidelik wanneer sy wonder of hy nie ander meisies in Okiep sal kry en van haar sal vergeet nie.

Sanna is **uitdagend**, want sy weet dat sy in die moeilikheid gaan wees toe sy Kersdag sonder haar ouers se medewete vir Inge gaan kuier. Sy gee vir haar ’n blou kammetjie as Kersgeskenk en vat haar na die dam met die eende. Ma Sara is woedend toe sy laatmiddag op Inge en Sanna by die dam afkom. Na Sanna se mening het sy niks verkeerd gedoen nie. Sy sê aan haar pa dat sy **net vir iemand** wat Kersdag stoksielalleen is **iets wil beteken**.

Johannes is vies vir Sanna omdat sy eerder saam met Inge gekuier het as saam met hom en sê dat sy **bemoeisiek** is. Sy voel baie onseker oor hulle verhouding toe hy weggaan myne toe. Hy skryf vir haar briewe, maar toe die briewe opdroog, dink sy dat hy van “ou maer Sanna . . . met die terugspringhare” (p. 169) vergeet het.

Sanna het ’n **positiewe invloed op Inge** en hulle word goeie vriende. Sy is teleurgesteld toe Inge haar afskeep tydens Henk se kuier op die plaas.

Sanna is **vergewensgesind**. Toe Henk vertrek en Inge nie weer van hom hoor nie, vergewe Sanna vir Inge en ondersteun haar in die moeilike tyd waardeur sy gaan.

Sanna is drie en dertig jaar toe sy na vyftien jaar uit die tronk kom vir ’n moord wat sy nie gepleeg het nie. Sy voel **senuagtig en is skaam** oor die klad op haar naam weens haar tronkstraf. Sy is **dankbaar** vir alles wat Martha en suster Anna vir haar gedoen het toe sy longontsteking gehad het.

Sy is **jaloers** op Rosie omdat sy ’n kind by Johannes het. Sy voel seergemaak omdat Johannes nie vir haar in die tronk kom kuier het nie. Johannes se troupraatjies laat haar ongemaklik voel, want sy voel dat sy nog nie gereed is vir so ’n groot stap nie. Rosie se onsmaaklike aanmerkings aangaande haar tronkstraf en haar verhouding met Johannes

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

veroorsaak dat sy nie langer kan stilbly nie. Sy **staan haar man** en sit vir Rosie op haar plek, maar sy voel later skuldig daaroor en wil haar om verskoning vra.

Met Sanna en Johannes se besoek aan Draairivier om die skilpad vry te laat, vind daar ’n wending in Sanna se karakter plaas. Sy voel skielik **vry** van die verlede en stem in om met Johannes te trou.

Sanna was voor haar tronkverblyf iemand met ’n sterk karakter, wat geweet het wat sy uit die lewe wil hê, maar die tyd in die tronk het veroorsaak dat sy onseker voel. Toe Sanna daarin slaag om die verlede agter haar te laat en almal te vergewe wat haar ’n onreg aangedoen het, sien sy kans om die lewe met sy uitdagings aan te vat.

**Ma Sara**

Sara Jansen is ’n hardwerkende vrou. Ten spyte van die feit dat sy baie pyn het, kla sy nie oor die werk by die Groothuis nie. Met haar besoek aan die dokter vind sy uit dat sy rumatiek het. Sy is twee en veertig jaar oud en versorg namiddae vir Inge wat verlam is. Sy kook graag seep van die vet wat meneer Bertus vir haar gee.

Sy is ’n liefdevolle moeder wat baie omgee vir haar kinders. Sy koop vir Sanna lappies by die basaar sodat sy haar tydens die Desember-vakansie met laslappiewerk kan besig hou. Sy is streng en raak kwaad as Sanna aanhou neul om inligting oor Inge te kry. Sy glo dat hulle nie moet inmeng in die Van Zyls se persoonlike sake nie. Eintlik probeer sy net vir Sanna beskerm, want sy vrees dat Inge ’n houvas op haar het.

Ma Sara probeer vir Sanna weghou van Inge af, want sy wil nie moeilikheid hê met die Van Zyls nie. Toe mevrou Rita vir Sanna in die Groothuis konfronteer en besef dat sy en Inge vriende is, kom Ma Sara vir Sanna op en steur haar nie aan mevrou Rita nie. Sy sterf ongeveer ’n maand nadat Sanna tronk toe gestuur word.

**Pa Hendrik**

Hendrik werk vir meneer Bertus op die plaas. Hy is grys met ’n ligter vel en donker oë. Pa is sewe en veertig jaar oud. Hy is hardwerkend en weet wat om te doen as die skape siek is. Hy is nie iemand wat hou van ’n bakleiery nie. Hy aanvaar gelate sy lot toe mevrou Rita hom van nalatigheid beskuldig en hy afgedank word.

Pa het vier maande lank vir Sanna in die tronk besoek en het aan haar onskuld geglo. Hy sterf ’n paar maande na Sara. Hy gee Ma Sara se juwele en briewe van Johannes vir oom Dries om vir Sanna te bewaar tot die dag wat sy vrygelaat word uit die tronk.

**Gert (Broer)**

Gert is Sanna se broer. Hy is negentien jaar oud en lyk net soos sy pa en ma met sy donker oë. Gert help vir Pa op die plaas met die skape. Hy is ’n terggees wat Sanna se siel uittrek omdat hy weet hoe sy oor Johannes voel. Hy gaan werk in die myn en raak beseer in dieselfde mynongeluk waarin Johannes was.

Na sy ouers se dood erf hy die huis op Kliprant. Weens die trauma van sy ouers se dood, die mynongeluk en Sanna wat in die tronk is, begin Gert alkohol misbruik. Hy verkoop die huis en vertrek na die Kaap waar hy op die drankwinkels se stoepe rondlê. Toe Sanna terugkeer na Kliprant kom hy by Mavis daarvan te hore en besluit om terug te gaan na sy suster en hul geboortedorp.

**Die Van Zyls van Draairivier**

**Rita van Zyl (Antagonis)**

Rita het die plaas by haar ouers geërf, daarom is sy baasspelerig. Sy is ’n onaangename mens wat Inge se lewe hel maak. Sy en Bertus het drie kinders: Nols, ’n student, en die tweeling, Jana en Elsie. Rita haat Inge omdat sy die buite-egtelike kind van Bertus is. Sy wil niks met Inge te doen hê nie en sorg dat sy vasgekluister sit in haar kamer. Sy kom nooit in Inge se kamer nie en reël dat Sara haar versorg.

Na Inge se ongeluk het die dokters gesê dat daar ’n moontlikheid is dat sy weer kan loop, maar Rita weier om die onkoste te betaal. Sy het gejok toe sy gesê het dat sy vir Inge tuis sal onderrig, want sy gee net vir haar breiwerk om te doen en tydskrifte om te lees.

Sy neem daagliks die kinders, Sanna ingesluit, skool toe en terug. Sanna hou niks van haar nie en glo dat sy skynheilig is toe sy koek bak vir die ouetehuis. Rita keur nie Inge en Sanna se vriendskap goed nie. Sy is onbillik en neem vir Hendrik kwalik toe ses en dertig van hulle skape in ’n haelstorm vrek.

Rita se haat vir Inge spoor haar aan tot moord. Sy beskuldig vir Sanna van die moord en lê valse getuienis af sodat Sanna onskuldig in die tronk beland.

**Bertus van Zyl**

Bertus is ’n skaapboer en is baie trots op sy skape. Hy het vir jare beweer dat Inge ’n vriend se kind is. Toe sy vrou uitvind dat Inge sy dogter is, was daar ’n hewige argument en het hy toegelaat dat Inge vereensaam. Hy koop vir Inge nuwe gordyne en beddegoed vir haar kamer, maar hy tree nie op soos ’n vader veronderstel is om op te tree nie.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Hy het geen murg in sy pype om sy vrou teë te gaan toe Inge verstoot word nie en wend ook nie 'n poging aan om vir Inge mediese versorging te gee sodat sy weer kan loop nie. Hy word deur sy vrou gemanipuleer. Hy laat toe dat Rita vir Hendrik wegjaag, alhoewel hy as boer behoort te weet dat geen mens 'n natuurramp kan beheer nie. Hy glo ook Rita toe sy sê dat Sanna vir Inge vermoor het en wil nie na Sanna luister toe sy sê dat Rita eintlik vir Inge se dood verantwoordelik is nie.

**Die Van Zyl-kinders**

Nols is 'n student in die Kaap wat sy pa tydens universiteitsvakansies met die boerdery help. Die tweeling, Elsie en Jana, het rooi hare soos hulle ma. Hulle is bedorwe brokkies wat soos "Middeleeuse dames" (p. 172) sit en tee drink eerder as om te speel. Hulle is veertien jaar oud, maar dink hulle is groot. Elsie is baie katterig, terwyl Jana mooi maniere het. Hulle raak kwaad toe Sanna oor Inge praat en wil niks te doen hê met hulle halfsussie nie.

**Inge (Meneer Bertus se buite-egtelike dogter)**

Inge is ingeneem deur die Van Zyls toe sy vyf jaar oud was. Aanvanklik was almal gaande oor haar totdat sy agt jaar oud was en Rita uitgevind het dat Inge haar man se dogter is. Daarna is sy deur almal verstoot en het Rita gesorg dat sy nie met die tweeling speel nie. Op veertienjarige ouderdom het haar lewe drasties verander toe sy wou uitvind wie haar ouers is. Sy het van 'n perd afgeval en is verlam. Daarna is sy soos 'n kluisenaar in haar slaapkamer gehou. Sy het eers 'n jaar na die ongeluk gehoor dat Bertus haar pa is.

Sy is 'n pragtige meisie met lang blonde hare. Dit is net Sara wat ooit in haar kamer kom en haar laatmiddag bad. Sy hou haar bedags besig met breiwerk, lees tydskrifte en vul blokkiesraaisels in.

Sanna gaan kuier vir Inge in haar kamer, leer haar om laslappieslope te maak en hulle word gou vriende. Nadat Sanna haar op Kersdag uit die huis geneem het, vind daar 'n karakterontwikkeling plaas. Sy eet gesond, slaap goed en is opgeruimd wanneer sy en Sanna saam is.

Toe Henk, die skilder, op die plaas aankom, raak sy smoorverlief op hom en spandeer soveel tyd saam met hom dat sy van Sanna vergeet. Sy is naïef toe sy glo dat Henk met haar gaan trou en na 'n spesialis sal vat wat haar gesond kan maak. Sy word wreed ontnugter toe hy nooit weer van hom laat hoor nie. Sanna ontferm haar oor Inge en hulle hervat hul vriendskap.

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

Toe Inge besef dat sy haar beste vriendin gaan verloor omdat haar stiefma die Jansens van die plaas af weggejaag het, besluit sy om na ’n tehuis vir gestremdes in die Kaap te gaan. Daar kom egter niks van haar planne nie, want sy word die onskuldige slagoffer van haar stiefma se haat.

**Die inwoners van Suurvlakte**

**Die Swarts-gesin**

Antie Mina Swarts en haar gesin is goed bevriend met die Jansens. Sanna-hulle gaan wag Sondae by hulle vir die Van Zyls om hulle op te laai. Antie Mina het vroeër jare by mevrou Rita se ouers op die plaas gewerk. Sy het drie kinders: Martha, Mietjie en Ronnie. Mietjie was ’n tenger dogtertjie en sy en Sanna was vriende op skool. Sy is dood aan koors en antie Mina is ook oorlede. Dis net Martha en Ronnie, wat albei getroud is, wat nog op Suurvlakte woon.

Toe Sanna op Suurvlakte aankom, gaan klop sy by Martha aan om daar te oornag. Martha besef dat Sanna baie siek is. Sy neem haar hospitaal toe, besoek haar in die hospitaal en vat vir haar vrugte en tydskrifte. Sy het ook ’n sak vol van Mietjie se klere vir Sanna gegee.

**Suster Anna**

Suster Anna is werksaam by die O.F. Kulsen-hospitaal op Suurvlakte. Sy neem Sanna in om haar te versorg nadat sy uit die hospitaal ontslaan is. Sy is ’n baie goeie persoon wat omgee vir haar medemens. Sy het een seun, Bennie, en twee kleinkinders wat in Namakwaland woon. Bennie neem vir Sanna na Kliprant.

**Randkarakters**

Die petroljoggie en die dokter wat vir Sanna in die hospitaal behandel, is randkarakters omdat hulle nie ’n noemenswaardige rol in die roman speel nie. Hulle dra ook nie by tot Sanna se karakterontwikkeling nie.

**Die inwoners van Kliprant**

**Dries en Lalie Basson**

Oom Dries is Sanna se oom. Hy en Ma Sara was broer en suster. Hy het na sy ouers se afsterwe ’n paar bokke geërf, terwyl Sara hulle ouerhuis geërf het. Dries het ’n seun by Trisa,

’n vorige meisie van hom. Sy seun is getroud en het twee kinders. Dries is, ten spyte van sy ouderdom, steeds ’n aantreklike man. Sy gesig is vol plooie en hy is stokdoof.

Dries en sy vrou, Lalie, woon in ’n vaalgeel steenhuis met ’n netjiese tuin. Hy het ’n paar bokke wat hy in ’n kraal aanhou. Lalie is ’n pragtige, stylvolle vrou met steil, swart hare. Sy is ’n paar jaar jonger as Dries en werk in die poskantoor op Kliprant. Sanna dink aanvanklik dat Lalie hoogmoedig is, maar kom gou agter dat dit nie waar is nie.

Dries en Lalie is gasvry en ontvang vir Sanna hartlik toe sy by hulle opdaag. Lalie het die sinkkamertjie vir Sanna ingerig. Toe Gert ’n ruk later daar opdaag, is hulle net so bly om hom te sien en bied vir hom ook slaapplek aan.

**Die Neelsens**

Antie Poppie, oom Jonny en Johannes Neelsen het voorheen op Bultfontein net langs Draairivier gewoon. Sanna het graag vir Antie Poppie op Bultfontein gaan kuier. Die Neelsens en Jansens het oor en weer gekuier en soms saam inkopies gedoen.

Antie Poppie se suster, Mavis, is ’n kleurryke karakter. Sy het een Kersfees op Bultfontein by tannie Poppie gaan kuier. Sy woon in 1971 in die Kaap en het vir Gert vertel dat Sanna uit die tronk is.

Sanna is smoorverlief op Johannes wat net so oud soos Gert is. Johannes is ’n behulpsame jongman. Hy bou vir Sanna ’n hok vir die kuikens en help sy pa op die plaas. Johannes en Sanna was in ’n verhouding voordat hy myn toe gegaan het.

Na die mynongeluk het hy en sy ouers na Kliprant getrek. Sy pa is later oorlede en is in dieselfde begraafplaas as Sanna se ouers begrawe. Hy het grafstene op Sanna se ouers se grafte opgerig en gesorg dat hulle in ’n dubbelgraf begrawe word.

Johannes het nie vir Sanna in die tronk besoek nie, want hy het gedink dat sy verplaas is of dat sy dalk die doodstraf opgelê is. Terwyl Sanna in die tronk was, het hy vir Rosie ontmoet en het ’n dogter, Lappies, by haar. Hulle verhouding het nie uitgewerk nie omdat hy obsessief was oor die skilpad en nooit van Sanna kon vergeet nie.

Hy melk elke middag oom Dries se bokke. Hy kry ’n toelaag van die staat en werk in meneer Kowie en die kerk se tuine. Hy is vasbeslote om met Sanna te trou. Hy belowe om haar te help soek na haar broer. Toe hulle die skilpad terugneem Draairivier toe stem Sanna uiteindelik in om met hom te trou.

**Rosie en Lappies**

Rosie is ’n vrou met ’n vol figuur. Sy is uitgesproke oor Sanna se tronkagtergrond en maak ongevraagde en kwetsende aanmerkings. In die gedeelte van die verhaal wat in die 1971-tydgleuf plaasvind, kan Rosie gesien word as die antagonis omdat sy aanvallend teenoor Sanna is.

Lappies is in teenstelling met haar ma se uitgesprokenheid ’n stil, teruggetrokke dogtertjie. Sy gaan wys vir Sanna waar oom Dries se huis is. Rosie is waarskynlik jaloers omdat Johannes en Sanna hul verhouding na al die jare hervat. Toe Gert terugkom na Kliprant maak sy weer vir Sanna seer met neerhalende aanmerkings, maar Sanna sit haar op haar plek.

## 10. Stemming of atmosfeer

Daar heers ’n sekere soort stemming in die verhaal. Daar is ’n gespanne stemming wat heers wanneer Sanna vir Inge sien en heeltyd antwoorde soek by haar ma. Ma Sara is aanvanklik vaag oor Inge en wil hê dat Sanna die Van Zyls se wense moet respekteer. Sy sê dat die wit mense hulle eie manier het om dinge te doen en dat sy nie moeilikheid wil hê nie.

Namate Inge en Sanna se vriendskap groei, begin Inge weer om die lewe te geniet. Die stemming van hulle kuiers is vrolik en Inge lag soms dat die trane loop vir Sanna se stories. Toe mevrou Rita vir Sanna in die huis betrap, word die spanning verhoog, want sy is nie ten gunste van die vriendskap tussen Sanna en Inge nie.

Ses en dertig skape vrek in die haelstorm en mevrou Rita dank vir Hendrik af. ’n Hartseer atmosfeer heers in die Jansens se huishouding. Hendrik voel afgehaal, maar aanvaar dat hulle niks aan die saak kan doen nie. Sanna voel onseker oor die toekoms, want haar matriekeksamen lê voor die deur en sy weet nie waar hulle gaan woon nie.

Deur middel van deurlopende verwysings na die donga word’n onheilspellende stemming geskep. Dit is ’n gevaarlike plek met hoë walle. Reeds aan mevrou Rita se gesigsuitdrukking kan Sanna agterkom dat mevrou Rita nie by haar sinne is nie. Haar woorde aan Inge en die handeling wat daarop volg beklemtoon die onheilspellende atmosfeer.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

## Afdeling B: Lees

- Toon aktiewe begrip van die teks.
- Bepaal die betekenis van onbekende woorde en beelde deur woordaanpakvaardighede en kontekstuele leidrade te gebruik.
- Gebruik leesbegripstrategieë.
- Maak aantekeninge of som hoof- en ondersteunende gedagtes op.

| **WENK** |
|---|
| Moenie te veel klem plaas op die skriftelike beantwoording van vrae tydens die leesfase nie. Dit mag leerders ontmoedig om die verhaal sowel as die leesproses te geniet. Die verhaal moet eers waardeer word voordat daar tydens die post-leesfase enige vorm van assessering plaasvind. Vermy ook om vrae gebaseer op die roman vir "tuiswerk" te gee. Staan tyd in die les af vir leerders om vrae in die klas te beantwoord om sodoende kritiese denke en besprekings oor die roman aan te moedig. |

## Afdeling C: Post-lees

**Riglyne vir die beantwoording van kontekstuele vrae**

Die volgende vrae berus op die inhoud van die roman. Dit is uiters noodsaaklik om seker te maak dat jy alle literêre begrippe onder die knie het voordat jy die vrae beantwoord. Indien jy twyfel oor ’n term raadpleeg die glossarium aan die einde van die leesgids.

Aan die einde van elke vraag word die puntetoekenning tussen ronde hakies (. . .) aangedui. Stapelvrae (waar ’n paar vrae onder een nommer gevra word) moet in die volgorde soos dit gevra is, beantwoord word.

Vrae dek alle kognitiewe vlakke. Kognitiewe vlakke word tussen vierkantige hakies [. . .] aangedui. Vlak 1 en 2-vrae is letterlike vrae wat jy maklik sal kan beantwoord indien jy die inhoud van die roman ken. Vlak 3-vrae is effens moeiliker en jy sal afleidings moet maak en bietjie harder oor situasies en karakters moet dink. By vlak 4 en 5 word daar van jou verwag om krities en evaluerend te antwoord. Sommige vrae vereis dat jy jou persoonlike opinie moet uitspreek. Dit is belangrik dat jy die inhoud van die roman in gedagte hou in jou antwoord en so volledig as moontlik antwoord.

## 1. Opsomming en kontekstuele vrae per hoofstuk

By elke hoofstuk is die ruimte waarteen die gedeelte afspeel tussen hakies geplaas en waar moontlik is die tyd ook aangedui.

**Hoofstuk 1** (bladsy 7-14)
**Ruimte:** Upington-stasie
**Tyd:** Augustus 1971

Sanna was vir vyftien jaar in die tronk. Die laaste jaar was Agnes, wat nege jaar jonger as sy is, nie net haar selmaat nie, maar ook haar vriendin. Elke Woensdag het hulle by die ryk vrouens in Upington se huise gaan werk. Ou Pyne (bewaarder Goosen) was goed vir Agnes en Sanna. Sy het soms haar middagete met hulle gedeel.

Agnes het drie jaar tronkstraf gekry vir huisbraak. Haar mense het gereeld vir haar kom kuier, maar Sanna het na haar pa se dood nooit weer besoekers gekry nie. Sy het sommer saam met Agnes en haar familie gekuier wanneer hulle besoek afgelê het.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Sanna koop vir haar ’n treinkaartjie met die geld wat sy by Agnes se ma gekry het. Sy sit op ’n smal bankie in die beknopte kompartement langs ’n vet vrou. Oorkant haar sit ’n man, ’n vrou en ’n kind. Die kompartement is yskoud. Die vet vrou leen vir haar ’n handdoek om die koue af te weer.

Terwyl die trein ry, dink sy terug aan November 1956.

1. Watter tipe verteller word in *Draairivier* gebruik? (1) [1]
2. Gee ’n moontlike rede waarom die hoofkarakter ander mense wil vermy. (1) [3]
3. Op watter wyse ondersteun die weerstoestand op bladsy 7 Sanna se gemoedstoestand? (1) [3]
4. Wat dink jy is die rede waarom Sanna nie werklik vry voel nie? (1) [4]
5. Verklaar waarom dit ironies is dat die gevangenes opgewonde is om elke Woensdag in die mense van Upington se huise te werk. (1) [3]
6. Noem een karaktereienskap van Pyne, die hooftronkbewaarder, wat op bladsy 8 na vore kom. (1) [3]

7.1 Wie was Sanna se selmaat? (1) [1]

7.2 Watter tipe verhouding was daar tussen Sanna en haar selmaat? Motiveer jou antwoord met TWEE bewyse uit hoofstuk 1. (3) [3]

8. Waarheen is Sanna op pad? Waarom reis sy per trein? (2) [2]
9. “Ek moet seker bly wees dat ek langs die enigste venster beland het.” (p. 12)
   Verduidelik waarom Sanna nie werklik gelukkig was om by die treinvenster te sit nie. (1) [3]
10. Haal ’n voorbeeld van klanknabootsing op bladsy 12 aan. (1) [2]
11. Wie het vir Sanna ’n handdoek gegee om die koue af te weer? Wat kan jy uit die handeling van die persoon aflei? (2) [1, 3]
12. Verduidelik waarom Sanna op bladsy 13 in ’n histeriese lagbui uitbars. Wat is die gevolg van haar optrede? Dink jy die handeling van die vet vrou is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (3) [3,1,4]
13. Sanna het gemengde gevoelens wanneer sy terugdink aan Draairivier. Bestudeer die twee laaste paragrawe van hoofstuk 1 en verduidelik waarom hierdie stelling waar is. (1) [3]

**(20 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Hoofstuk 2** (bladsy 15-21)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** Desember 1955

Sara Jansen is besig om seep te kook buite hulle drievertrek-riethuisie. Sy roep vir Sanna om kos weg te bring na haar pa en broer in die veld, want sy moet agtuur in die Groothuis vir mevrou Rita gaan werk.

Sanna is sewentien jaar oud. Sy is fluks en help graag vir Ma in die huis. Op pad na haar pa-hulle, gaan staan sy op die koppie en kyk of sy nie dalk vir Johannes êrens sien nie. Sy kyk na antie Poppie se huis en die donga waarteen Ma haar gedurig waarsku. Dan dwaal haar oë na die opstal van Draairivier. Sanna is baie gelukkig op die plaas. Haar gunstelingplek is die dam met die eende.

Sy verspeel haar tyd op die koppie en dit veroorsaak dat sy te laat by die sementdam kom waar sy haar pa en broer se kos moet afgee. Terwyl sy vir hulle wag, maak sy vuurmaakhout bymekaar. Toe Gert met die skape dam toe kom, maak sy gou die kraan oop sodat die krip kan vol tap. Gert terg haar, want hy weet dat sy laat is omdat sy op die koppie gestaan het om die buurman, Johannes, te probeer sien. Sanna maak haar vinnig uit die voete, want sy hou nie daarvan as Gert haar terg nie. Sy het gedink dat niemand weet dat sy op Johannes spioeneer nie.

1. Wat is Ma Sara besig om te doen? Watter tipe werk doen sy? (2) [1]
2. Verduidelik waarom Groothuis met ’n hoofletter geskryf word. (1) [3]
3. Wat is die betekenis van: “Ma het ook nie met die hout gespeel nie” (p. 15)? (1) [2]
4. Verduidelik waarom Sanna ’n warm gevoel in haar hart kry as sy aan Johannes dink. Met watter uitdrukking op bladsy 17 gaan die gevoel gepaard? Wat doen Sanna op die koppie? (3) [2]
5. Wat is die naam van die plaas wat aan Draairivier grens? Wie woon daar? (2) [2]
6. “Ek glimlag vir die gedagte aan ‘ons’ plaas” (p. 17). Verduidelik waarom “ons” tussen aanhalingstekens geskryf is. (1) [3]
7. Waarom waarsku Ma vir Sanna teen die donga? (1) [2]
8. Wie is Elsie, Jana en Nols? (1) [1]
9. Waarom dink jy word die wit perd wat op stal staan nooit gery nie? (1) [4]

10. Benoem die beeldspraak in die volgende aanhaling: "Die kweek is soos 'n donskombers onder die boom . . ." (p. 19) (1) [2]

11. Dink jy Sanna se ouma het 'n groot impak op haar gehad? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

12. Verduidelik waarom Sanna vir haar pa en broer moes wag. (p. 19) (2) [3]

13. "Kyk of jy 'n sekere buurman sien?" (p. 20)
Wie is die buurman waarna verwys word? Watter reaksie het hierdie vraag van Gert op Sanna? Gee 'n moontlike rede vir Sanna se reaksie. (3) [2, 5]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 3** (bladsy 22-31)
**Ruimte:** Kakamas en Suurvlakte
**Tyd:** Augustus 1971

Toe die trein tot stilstand kom, gee Sanna vinnig die handdoek vir die vet vrou terug. Sanna voel verlore, want sy ken nie die pad na Suurvlakte nie. Haar hart is seer omdat haar ouers oorlede is en sy weet nie of Gert en Johannes nog leef nie.

'n Kort mannetjie op die stasie bied vir Sanna 'n saamrygeleentheid tot in Suurvlakte aan. Die man se vrou en kinders ry voor saam met hom in die vragmotor en Sanna moet agterop die vragmotor se bak tussen die sakke sit. Sy is vol stof en yskoud toe hulle in Suurvlakte aankom.

Net voor die dorp is die petrolstasie waar Sanna moet afklim. Daar draai die pad links, in 'n noordelike rigting na haar geboortedorp en eindbestemming: Kliprant. Sanna klim af en gaan na die ruskamers. Haar oë is rooi, haar gesig is asvaal van die stof, die mus sit skeef op haar kop en haar rok is smerig. Sanna was haar met die ander klere wat in die sak is, trek haar rok weer aan en vryf die modderkolle met die klam bloes uit.

Sy gooi die sak klere in die drom en koop toffies by die petroljoggie en drink water uit 'n leë koeldrankbottel. Die petroljoggie sê dat sy nie voor Vrydag 'n geleentheid na Kliprant sal kry nie. Sy gaan sit langs die pad op 'n paar rotse in die ysige weer en voel hoe haar kop begin draai. Sy besef dat sy besig is om siek te word.

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

1. Gee twee redes waarom die treinrit vir Sanna onaangenaam is. (2) [2]
2. Gee ’n kort beskrywing van Sanna se gemoedstoestand toe sy op die stasie by Kakamas afklim. (p. 22-23) (2) [3]
3. “Is ek dan ’n soort pes wat deur almal vermy moet word?” (p. 23)
   Watter tipe konflik ervaar Sanna? Wat is die funksie van die retoriese vraag? (2) [2, 3]
4. Haal ’n sin op bladsy 24 aan wat aandui dat die wêreld buite die tronk baie verander het terwyl Sanna in die tronk was. (1) [2]
5. Watter kontras is daar tussen die vrou van die vragmotorbestuurder en Sanna? (2) [3]
6. Verklaar waarom die verteller die rit met die vragmotor as ’n “nagmerrierit” (p. 25) beskryf. Sanna neem die vragmotorbestuurder kwalik vir die situasie waarin sy haar bevind. Dink jy haar gevolgtrekking is geregverdig? Motiveer jou antwoord. (2) [3, 4]
7. Hoe voel Sanna oor die dood van haar ouers? (p. 26) (1) [3]
8. Benoem die stylfiguur in die onderstreepte gedeelte:
   “Tot hy ook besluit het <u>dis beter om te wees waar jou ma is.</u>” (p. 26) (1) [3]
9. Watter traumatiese ervaring het Gert en Johannes gehad? Wat was die gevolg van die traumatiese ervaring? (2) [2]
10. Waarom is Sanna senuagtig om na haar oom in Kliprant te gaan? Dink jy sy het rede om so te voel? Motiveer jou antwoord. (2) [3, 4]
11. Verduidelik waarom Sanna die sak met die klere in die drom gooi. (1) [3]
12. Gee twee redes waarom dit nie vir Sanna moontlik is om dadelik na Kliprant te gaan nie. (2) [2]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 4** (bladsy 32-38)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** Desember 1955

Sanna sien ’n pragtige meisie met blonde hare in een van die vensters van die boonste verdieping van die Groothuis toe sy een middag brood vir die eende vat. Sy wonder of die meisie ’n kuiergas is en waarom sy hartseer lyk. Sy loer weer na die venster toe sy teruggaan huis toe, maar die gordyne is toe.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Toe haar ma later huis toe kom, sien sy dat haar ma moeg lyk en is bekommerd daaroor. Sy probeer haar ma uitvra oor die meisie wat sy gesien het, maar haar ma is baie vaag en sê dat hulle niks te doen het met dit wat in die Groothuis aangaan nie. Sanna kan die meisie nie uit haar gedagtes kry nie en bid laataand vir haar.

Die volgende oggend verslaap Sanna en word wakker met ’n dowwe hoofpyn. Ma Sara gaan saam met die Van Zyls na die kerkbasaar. Sy vra dat Sanna die wasgoed moet was. Sanna is besig om die vetplantjies langs die huis nat te maak toe meneer Bertus se bruin Valiant verbyry. Sy sien dat die meisie met die blonde hare nie in die voertuig is nie en wonder hoekom sy nie saamgaan nie en of sy nog in die huis is.

1. Sanna sien ’n meisie in die boonste verdieping van die Groothuis toe sy op pad is na die eende toe. Wat merk Sanna op in verband met die meisie se voorkoms? (p. 32-33) (2) [2]
2. “Ek spring sowaar van daai hoë wal by die donga af . . .” (p. 33) Wat is die funksies van hierdie verwysing deur die verteller? (2) [3]
3. Is die verwysing na die rasverskil op bladsy 33 effektief in hierdie verhaal? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
4. Noem TWEE karaktereienskappe van Sanna wat op bladsy 34 beklemtoon word. (2) [3]
5. Wat is Ma Sara se reaksie toe Sanna navraag doen oor die meisie met die blonde hare? (2) [2]
6. Hoe hou die Jansens bederfbare produkte koel? (1) [2]
7. Wat dink jy is die rede waarom Jana en Elsie nie oor die blonde meisie praat nie? (1) [4]
8. Lug jou mening oor Sanna wat aan die slaap geraak het met ’n brandende kers. (1) [5]
9. Waarom gaan die Van Zyls en Ma Sara dorp toe? Verduidelik waarom Sanna dit vreemd vind dat die blonde meisie nie saam met hulle in die motor is nie. (2) [2, 3]

**(14 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Hoofstuk 5** (bladsy 39-43)

**Ruimte:** Suurvlakte

**Tyd:** Augustus 1971

Sanna doen navraag by die petroljoggie oor Mina Swarts en haar kinders met wie haar ouers voorheen vriende was. Sy vind uit dat Mina en Mietjie oorlede is en dat Martha en Ronnie steeds in Suurvlakte woon.

Sy besluit om na Martha se huis te gaan om slaapplek te vra. Toe sy daar aankom, is daar niemand tuis nie. Sy wag voor die huis tot Martha arriveer. Martha nooi haar vriendelik in en merk dat Sanna siek is. Sy bied vir haar koffie aan en gee vir haar Disprins vir die koors. Sanna raak aan die slaap weens die koors. Martha sit haar in die bed en versorg haar.

1. Noem TWEE tekens op bladsy 39 dat Sanna besig is om siek te word. (2) [2]
2. "Hoe sal ek sê, wat is suster se lyk se naam?" (p. 39)
   Wat word deur die woorde van die petroljoggie geïmpliseer? (1) [3]
3. "Sy is al lankal witbene." (p. 39)
   Wat is die betekenis van hierdie uitdrukking? (1) [3]
4. Hoe ken Sanna vir Martha en Ronnie? (1) [2]
5. Waarom sal Sanna eers Vrydag 'n moontlike saamrygeleentheid na Kliprant kry? (1) [1]
6. "glimlag hy met 'n <u>wye poort</u>" (p. 40)

6.1 Benoem die beeldspraak in die onderstreepte woorde. (1) [3]

6.2 Dink jy die beeldspraak is effektief? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

7. "Maar sodra ek my oë toemaak, voel dit ek val in 'n gat in." (p. 41)
   Is bogenoemde aanhaling denotatief of konnotatief? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
8. Verduidelik waarom Martha dit vreemd vind toe sy vir Sanna voor haar deur kry. (1) [3]
9. Benoem en verduidelik die beeldspraak:
   "voor die donkerte my weer toevou" (p. 43) (2) [3]

**(13 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

**Hoofstuk 6** (bladsy 44-55)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** Desember 1955

Sanna wil die blonde meisie in die Groothuis nooi om saam met haar na die eende te gaan kyk, maar die gordyne bly toe en niemand maak die agterdeur oop toe sy klop nie. Sy gee vir die eende broodkrummels en gaan terug na hulle huis. Terwyl sy besig is om te stryk, sien sy die meisie en waai vir haar. Sy waai terug.

Toe Ma terugkom van die basaar af, vind sy vir Sanna wat op haar bed lê en slaap. Ma het pannekoek en braaivleis saamgebring. Sy gee vir Sanna bont lappies waarvan Sanna laslappie-kussingslope kan maak in die vakansie.

Ma vertel vir Sanna dat sy elke middag vir Inge moet gaan bad, want sy is verlam. Sanna kry die jong meisie wat soos ’n kluisenaar in die Groothuis vasgekeer is baie jammer.

Johannes kom saam met Pa en Gert by die huis aan. Johannes het ’n rolletjie skoenriem kom haal en wil nie saam koffie drink nie. Toe hy loop, roep Sanna hom terug en sê vir hom dat sy die volgende dag vir sy ma wil gaan kuier. Daar is ’n spesiale oomblik tussen Sanna en Johannes toe hy breed glimlag en haar op haar doopnaam aanspreek. Sanna voel opgewonde toe sy terugstap, maar hoor hoe Ma sê: “Dat so goeie seun nou moet weggaan.”

1. Waarheen wil Sanna die meisie met die blonde hare nooi? (1) [1]
2. Waarom gebruik Sanna nie die sleutel onder die mat by die deur om in die Groothuis in te gaan nie? (1) [2]
3. Sê in jou eie woorde wat die uitdrukking “om my in die oë te sit” op bladsy 45 beteken. (1) [3]
4. Waar bêre Sanna die gesinslede se klere toe sy dit klaar gestryk het? Waarom dink jy het hulle nie hangkaste nie? (6) [1, 4]
5. Gee TWEE redes waarom antie Poppie nie in die Roodts se huis werk nie. (2) [1]
6. Noem DRIE dinge wat Ma saambring van die basaar af. (3) [1]
7. Waarmee kan Sanna haarself besig hou gedurende die Desember-vakansie? (1) [1]
8. Hoe lank bly die Jansens al op Draairivier? Waar het hulle voorheen gewoon? (2) [2]
9. Waarom moet Ma elke middag vyfuur vir Inge gaan bad? (2) [2]

10. Lug jou mening oor die feit dat Inge nooit uit die huis kom nie. (2) [5]

11. Waarom weet antie Mina van Inge? (1) [2]

12. Wat is Sanna se reaksie toe sy sien Johannes kom saam met haar pa en broer aangestap? Wat het Johannes daar kom maak? (2) [2]

13. Waarom voel Sanna opgewonde en teleurgestel na Johannes se vertrek? (2) [1, 3]

**(25 punte)**

**Hoofstuk 7** (bladsy 56-61)
**Ruimte:** Suurvlakte
**Tyd:** Augustus 1971

Sanna word in die O.F. Kulsen-hospitaal wakker. Suster Anna vertel haar dat sy dubbele longontsteking het. Martha sê dat sy haar oorlede suster, Mietjie, se klere vir haar uitgespoel het en dat sy vir Sanna onderklere sal koop.

Sanna is dankbaar vir Martha se besorgdheid, maar sy wens dat besoektyd moet verbygaan omdat sy alleen wil wees. Toe Martha weg is, gee die suster vir Sanna sop. Die dokter gee vir Sanna ’n inspuiting wat haar lomerig sal maak.

Sanna is in trane toe die dokter loop. Sy kry haarself jammer omdat haar ouers oorlede is en sy nie weet wat van haar broer en Johannes geword het nie. Sy vertel vir die suster dat sy in die Gemkor-gevangenis was en wil weet of die suster glo dat sy onskuldig is. Sanna raak aan die slaap weens die uitwerking van die inspuiting.

1. Verduidelik waarom Sanna in die hospitaal is. Wat is die suster wat haar versorg se naam? (2) [2]

2. Waarom dink jy het Sanna na Agnes en Johannes geroep terwyl sy koorsig was? (2) [4]

3. Verklaar waarom Ronnie die tronk gebel het. (1) [3]

4. Waarom is Sanna ontsteld toe sy hoor dat dit Vrydag is? (1) [3]

5. Verduidelik waarom Sanna verlig is toe die besoektyd verby is. (1) [2]

6. Identifiseer die volgende beeldspraak op bladsy 60:

6.1 “Dis soos ’n kraan wat oopgedraai is.” (1) [3]

6.2 “my oë voel lood” (1) [3]

7. Wat kan jy aflei aangaande die vrae wat Sanna vir die suster op bladsy 60 vra? Dink jy die suster se antwoord: "Natuurlik glo ek dit . . ." is geloofwaardig. Motiveer jou antwoord. (2) [3, 4]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 8** (bladsy 62-71)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** Desember 1955, twee weke voor Kersfees

Sanna is teleurgesteld toe sy hoor dat Johannes myn toe wil gaan. Sy help die volgende dag vir Ma met die wasgoed in die Groothuis. Mevrou Rita bak koek vir die ouetehuis.

Teen elfuur sien Sanna dat mevrou Rita en die tweeling onder die koelteboom sit en tee drink en sy sluip na Inge se kamer. Sanna groet en stel haarself voor. Sy sien Inge se breiwerk en vra of sy dit self gebrei het. Sanna skrik toe sy haar ma se stem agter haar hoor, en glip by die deur uit. Die res van die oggend is Sanna ywerig besig met die wasgoed en vermy haar ma, want sy weet dat haar ma met haar gaan raas omdat sy in Inge se kamer was.

Die namiddag skraap Sanna afval. Toe Pa en Gert by die huis kom, hang die skaappens wit geskraap oor die bossieskerm. Sanna lag vir Gert wat onhandig probeer om te help afval skraap.

Saterdagoggend praat Ma met Sanna oor Inge. Sy sê dat sy ook jammer is vir Inge, maar dat sy verkies om so te lewe. Ma vra dat Sanna die Van Zyls se wense moet respekteer. Sanna besluit om nie weer aan Inge of Johannes te dink nie. Sy gaan haal die lappies, pak dit op haar bed uit en begin dit aanmekaarwerk.

1. Waarheen wil Johannes gaan? Hoekom voel Sanna teleurgesteld daaroor? (2) [1, 3]
2. Verduidelik waarom Sanna die volgende dag (p. 63) vir antie Poppie wil gaan kuier. (1) [3]
3. Stem jy saam dat mevrou Rita net koekbak vir die ouetehuis om naam te soek? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
4. Verduidelik waarom Sanna elfuur as die ideale geleentheid sien om na Inge se kamer te gaan. (2) [2]
5. Wat kan jy aflei uit Inge se reaksie ná haar ontmoeting met Sanna op bladsy 65 en 66? (2) [3]

6. Hoe word Sanna se kuiertjie by Inge onderbreek? (1) [1]
7. Wat bring meneer Bertus vir die Jansens? (1) [1]
8. Watter tipe atmosfeer heers tussen Gert en Sanna terwyl hulle afval skraap? (p. 69) Hoe kontrasteer Ma se voorkoms met hierdie atmosfeer? (2) [3]
9. Bestudeer die gesprek tussen Ma en Sanna op bladsy 70. Stem jy saam met Ma of Sanna se houding teenoor Inge en haar omstandighede? Motiveer jou antwoord met TWEE redes binne die konteks van die milieu in die roman. (2) [5]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 9** (bladsy 72-77)
**Ruimte:** Suurvlakte
**Tyd:** Augustus 1971

Die dokter is tevrede met Sanna se gesondheid en sê dat sy die volgende dag ontslaan kan word. Martha het Mietjie se klere vir Sanna by die hospitaal gelos. Die Sondagoggend ry Sanna saam met suster Anna na haar huis waar sy sal aansterk.

Sanna wil graag na Kliprant gaan. Sy kan moontlik saam met die dokter ’n saamrygeleentheid kry, want hy werk elke Vrydag daar. Sanna luister na die oggenddiens op die radio. Dit gaan oor vergifnis en sy wonder of sy mevrou Rita regtig vergewe het vir die onreg wat sy haar aangedoen het.

Maandagoggend kom Martha by suster Anna se huis aan om vir Sanna op te pas omdat suster Anna nagdiens werk. Sanna is dankbaar vir die mense van Suurvlakte wat so baie vir haar omgee.

1. Op watter dag word Sanna ontslaan? Gee TWEE redes waarom sy nie dadelik haar reis na Kliprant kan voortsit nie. (3) [1,3]
2. Waarom dink jy gaan bly sy by suster Anna, ’n vreemdeling, en nie by Martha, haar vriendin van destyds nie? (1) [4]
3. Wat is in die groen seilsak (p. 73) wat suster Anna onder Sanna se bed uittrek? (1) [1]
4. Die vierkantige blokkies van die plafon (p. 73) en die lappiesdeken (p. 75) herinner Sanna aan die lappies wat sy en Inge destyds uitgeknip het. Wat word die literêre term vir ’n voorwerp wat voortdurend in die roman

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

voorkom, genoem? Probeer verklaar waarom Sanna nie aan Inge wil dink nie. (2) [2, 5]

5. Wat is die naam van die hospitaal waar Sanna gehospitaliseer is? (1) [1]
6. Na watter tema in die verhaal word daar op bladsy 75 verwys? (1) [3]
7. Die leser weet nie presies waarvoor Sanna in die tronk was nie. Van watter tegniek maak die skrywer gebruik om die leser aan die raai te hou? Gee nog een rede waarom die skrywer nie die leser inlig oor die rede vir haar tronkstraf nie. (2) [3]
8. Verduidelik waarom Martha na suster Anna se huis kom. (1) [2]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 10** (bladsy 78-84)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Desember 1955

Sanna smeer Ma se skouer in en wil hê dat sy dokter toe moet gaan. Hulle gaan sit by die dam en eet middagete. Sanna vra weer vir Ma uit oor Inge, maar sy wil niks vertel nie en sê dat sy die mense moet uitlos.

Sondagoggend ry Ma en Sanna saam met die Van Zyls kerk toe. Meneer Bertus laai hulle by die Roomse kerk af voordat die Van Zyls NG kerk toe ry. Na die diens kuier Ma en Sanna by antie Mina-hulle. Sanna vra vir Martha of sy vir Inge ken. Martha dink dat Inge dood is.

Toe die Van Zyls hulle kom oplaai, wonder Sanna of mevrou Rita nie bekommerd is oor Inge wat alleen is nie. Sanna loop na die dam toe hulle op Draairivier aankom. Sy gaan lê op die gras onder die bloekomboom. Jana en Elsie kom later daar aan en gaan sit langs Sanna. Elsie is katterig met Sanna. Sanna wil weet hoekom hulle nie vir Inge saamgebring het nie. Elsie reageer aggressief oor haar navraag. Voor Jana iets kan sê, staan Sanna op en stap terug huis toe.

Sanna dink heeltyd dat iets nie pluis is aangaande Inge nie, maar besluit dat sy die meisiekind uit haar kop moet kry.

1. Wat is die werklike rede waarom Sanna wil weet waarmee Inge besig is? (1) [3]
2. Waarmee smeer Sanna haar ma se skouer in? (1) [1]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

3. Waar nuttig Ma en Sanna hul middagete? Wat eet hulle? (p. 79) (2) [1]
4. Waarom dink jy gaan die Jansens en die Van Zyls nie na dieselfde kerk in Suurvlakte nie? (1) [4]
5. Wat dink Martha het met Inge gebeur? (1) [2]
6. Waarom dink jy is Elsie op bladsy 82 katterig met Sanna? Dink jy dit was reg van Sanna om vir Elsie en Jana te vra waarom hulle nie vir Inge saamgebring het nie? (2) [4]
7. Benoem die stylfiguur: "Twee pare groen oë staar my aan." (p. 83) Wat kan jy aflei uit die reaksie van die tweeling? (2) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 11** (bladsy 85-89)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Na meer as 'n maand se verblyf by suster Anna vertrek Sanna saam met Bennie, suster Anna se seun, na Kliprant. Sanna voel angstig toe hulle nader aan Kliprant kom. Bennie ry haastig weg toe hy haar voor haar ouers se eertydse huis afgelaai het. Sanna is geskok toe sy besef dat dit nie meer hulle huis is nie. Die eienaar van die huis sê vir Sanna dat haar oom Dries in die volgende straat woon.

Sy skrik toe 'n maer vrou skielik hard lag. Dit is antie Totie wat vir Sanna as haar oorlede ma aansien. Rosie, Sanna se skoolvriendin, loop haar tegemoet en nooi haar na haar huis. Rosie vertel vir Sanna dat haar broer, Gert, 'n drankprobleem het en dat hy hulle huis aan konstabel Koper verkoop het.

Rosie sê dat Johannes saam met sy ma in Kliprant woon. Sy is baie ongevoelig aangaande Sanna se tronkstraf en maak snedige aanmerkings.

1. Hoe lank het Sanna by suster Anna gebly? (1) [1]
2. Wie vat haar na Kliprant? (1) [1]
3. Waarom vra Sanna vir Bennie om stadiger te ry toe hulle Kliprant binnery? (1) [3]
4. Verduidelik waarom Sanna nie daarvan bewus is dat iemand anders in hulle ou huis bly nie. Aan wie behoort die huis nou? (2) [3, 2]
5. Wie is die eerste bekendes wat Sanna in Kliprant sien? (2) [2]

6. Verklaar waarom die ou vrou gil en lag toe sy vir Sanna sien. Gee TWEE redes. (2) [3]
7. Haal ’n sin op bladsy 88 aan wat dui op sarkasme van die verteller. (1) [3]
8. Sanna hoor goeie sowel as slegte nuus by Rosie. Verduidelik wat hierdie nuus is. (Noem een goeie en een slegte ding wat sy vir Sanna vertel.) (2) [2]
9. “Niemand het verwag om jou weer te sien nie. Ek meen, mense kry mos die doodstraf vir so iets.” (p. 89)
   Dink jy dat hierdie woorde van Rosie geregverdig is? Motiveer jou antwoord. Wat dink jy is die “iets” waarna Rosie verwys? (2) [4]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 12** (bladsy 90-92)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Desember 1955

Toe Sanna een oggend sien dat mevrou Rita en die tweeling ry, neem sy haar kans waar en gaan na Inge toe. Sy loop ’n ompad sodat haar ma haar nie kan sien nie. Sanna klop aan Inge se deur, maar toe sy nie antwoord nie, stap sy in die kamer in. Inge sit op die bed met breiwerk. Sanna maak die gordyne oop en wys vir Inge haar lappies.

Sy gryp die lappies en kruip vinnig agter Inge se bed weg toe sy haar ma hoor aankom. Toe Sara uit is, skud Sanna weer die lappies op Inge se bed uit sodat sy dit kan sorteer. Sanna vertel vir Inge dat sy ’n welsynswerker wil word. Inge wou ’n lugwaardin word, maar weens haar verlamming is dit nie moontlik nie. Toe Sanna loop, sê sy vir Inge dat Ma Sara nie die naaldwerk moet sien nie, anders sal sy weet dat sy daar was.

1. Waarom wil Sanna nie hê haar ma moet haar sien toe sy na Inge toe op pad is nie? Wat wil sy by Inge gaan doen? (2) [2]
2. Verduidelik waarom Sanna die lappies gryp en wegkruip toe sy voetstappe hoor. Wie kom by die deur in? (2) [3, 2]
3. Hoekom dink jy het Inge nie vir Sanna weggegee toe sy onder die bed weggekruip het nie? (1) [4]
4. Dink jy die volgende vergelyking is effektief aangewend?
   “Soos ’n stoomroller is ek al oor haar.” (p. 92) (1) [4]

5. Hoe verskil Inge en Sanna se toekomsdrome? Waarom is Inge se toekomsdrome waarskynlik buite haar bereik? (3) [2, 3]
6. Wat beteken die uitdrukking: "Hou die pot aan die kook." (p. 93) (1) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 13** (bladsy 94-96)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Rosie se stoep is vol nuuskieriges wat sê dat Sanna net soos haar ma lyk. Sanna ontmoet vir Lappies, Rosie se dogtertjie. Lappies is 'n stil, teruggetrokke dogtertjie. Rosie vertel vir Sanna van al die ou bekendes. Sy en Johannes het 'n verhouding gehad, maar dit het nie uitgewerk nie. Sanna is so geskok toe sy hoor dat Lappies eintlik Johannes se kind is dat sy flou word. Sy is hartseer omdat Johannes so gou van haar vergeet het. Sy wil na oom Dries toe gaan en Lappies sal haar gaan wys waar hy bly.

1. Wat word bedoel met "tronkprentjies" op bladsy 94? (1) [3]
2. Hoe oud is Lappies? Hoe kontrasteer Lappies en Rosie se persoonlikhede? (2) [1, 3]
3. Watter redes voer Rosie vir die verwydering tussen haar en Johannes aan? (2) [1]
4. Verduidelik waarom Sanna flou geval het. (1) [3]
5. Wat dink die vrouens is die rede waarom sy flou geval het? (1) [2]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 14** (bladsy 97-103)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Desember 1955, 'n week voor Kersfees

Sanna help vir Ma met strykwerk by die Groothuis. Toe Ma bietjie in die koelte gaan lê en sy hoor dat die huismense stil is, besluit Sanna om na Inge se kamer te gaan. Sy sien die babakousies wat Inge brei en vra haar hoekom sy dit nie verkoop nie. Inge sê dat dit net Sara is wat in haar kamer kom. Sy wys vir Sanna die laslappieslopies wat sy gemaak het en vra dat sy vir haar groen en wit lappies moet saambring as sy weer na haar toe kom.

Ma wil by Sanna weet waar sy was toe sy by die waskamer kom. Sanna is ongeskik met haar, want sy is kwaad vir die huismense omdat hulle Inge ignoreer en omdat Ma nie

haar vriendskap met Inge goedkeur nie. Ma is woedend omdat Sanna haar afjak en stuur haar huis toe.

Vrydagaand wou almal vroeg slaap, maar toe hoor hulle die skape wat onrustig is in die kraal. Van die skape is opgeblaas en almal help met die skape. Hulle kan nie verstaan waarom net elf van die vierhonderd skape opgeblaas is nie. Meneer Bertus besluit die volgende oggend om al die skape in die bo-kamp te laat wei en die klein lammers in die kraal te hou.

1. Watter verskoning bedink Sanna om na Inge se kamer te gaan? (1) [1]
2. Wat dink Sanna moet Inge met die gebreide babaklere maak? Verduidelik waarom Inge nie self die babaklere wil hou nie. (2) [2, 3]
3. Haal 'n sin op bladsy 98 aan wat bewys dat Inge geen kontak met die ander inwoners in die huis het nie. Lug jou mening oor die regverdigheid daarvan. (2) [3, 4]
4. Geniet Inge die laslappiewerk? Motiveer jou antwoord. (1) [2]
5. Wat het daartoe aanleiding gegee dat Sanna haar ma uitdagend antwoord en erken dat sy by Inge was? Dink jy haar arrogante houding teenoor haar ma is aanvaarbaar? Motiveer jou antwoord. (2) [3, 4]
6. Sanna is spyt dat sy ongeskik was met haar ma. Watter tipe konflik word hier openbaar? (1) [3]
7. Wat doen hulle om die skape te laat afblaas? (p. 102-103) (1) [2]
8. Op watter manier verdien die Van Zyls 'n inkomste uit die skape? (2) [1]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 15** (bladsy 104-107)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Rosie vertel vir Sanna dat oom Dries met 'n baie jonger vrou getroud is. Lappies begelei Sanna na oom Dries se huis. Dit is 'n vaalgeel steenhuisie met 'n netjies versorgde tuin.

'n Deftige, aantreklike vrou met steil hare maak die deur vir Sanna oop. Sanna stel haarself voor en sê dat sy vir oom Dries soek.

Oom Dries nooi Sanna in. Hulle gaan sit in die voorhuis en gesels. Oom Dries vertel vir Sanna hoe hy vir Lalie, sy vrou, ontmoet het en dat sy in die poskantoor werk. Sy kom agter dat oom Dries doof is en dink dat Lalie hoogmoedig is.

1. Wat vertel Rosie vir Sanna oor oom Dries? (1) [1]
2. Beskryf die ruimte van oom Dries se huis. (p. 105) (3) [1]
3. Watter verskil is daar tussen die inwoners van Kliprant en Lalie? (1) [3]
4. Wat dink jy is die rede waarom Lalie nie dadelik vir Sanna innooi toe sy die deur oopmaak nie? (1) [4]
5. Waar het oom Dries vir Lalie ontmoet? Waar werk sy op die oomblik? (2) [2]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 16** (bladsy 108-116)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Desember 1955

Sanna stap die oggend deur die veld na antie Poppie se huis. Sy sien haar by die hoenderhokke en stap daarheen. Antie Poppie sê dat Johannes vir Sanna ’n swart-en-wit kuiken wil gee en dat sy ’n haantjie vir haar sal saamgee.

Hulle drink magou en gesels oor Inge. Sanna vind uit dat ’n dokter gesê het dat Inge weer sal kan loop en dat antie Poppie gedink het Inge is iewers waar sy behandeling kry. Volgens antie Poppie het almal aanvanklik gedink dat Inge die dogter van ’n vriend van meneer Bertus is. Inge was vyf jaar oud toe sy op Draairivier kom woon het en almal was mal oor haar. Toe sy agt jaar oud was, het meneer Bertus en mevrou Rita ’n argument gehad. Daarna het alles verander. Sy mag nie meer saam met die tweeling gespeel het nie en het in haar dop begin kruip.

Toe Inge veertien jaar oud was, het sy vir meneer Bertus gevra wie haar ouers is. Mevrou Rita het die gesprek gehoor en ’n rusie het ontstaan. Sy het vir Inge sleggesê en geklap. Inge het uitgestorm en op die wit perd geklim. Die perd het haar afgegooi en daarna is sy verlam. Mevrou Rita het gesê dat daar nie geld is om vir Inge weg te stuur vir ’n operasie nie en dat sy haar tuis sal onderrig.

Toe sy huis toe gaan, dring Sanna daarop aan dat sy self die kuikens en die pampoen wat antie Poppie gegee het, sal dra. Sy wil vir Johannes vermy en wil nie hê dat hy dit later moet bring nie.

1. Waarheen is Sanna op pad? Wat dink jy is die hoofrede vir haar besoek? (2) [2, 3]
2. Verduidelik waarom Sanna verlig voel dat Johannes nie by die huis is nie. (1) [3]
3. Waarvan is die verkoeler van die Neelsens gemaak? Noem TWEE produkte wat hulle in die verkoeler bewaar. (3) [1]
4. Waar is antie Poppie toe Sanna by hul werf aankom? (1) [1]
5. Verduidelik waarom die kuikens wat antie Poppie vir Sanna wil gee haar opgewonde laat voel. (p. 110-111) (1) [3]
6. Hoe oud was Inge toe sy op Draairivier kom bly het? Wat was die aanvanklike rede vir haar verblyf? (2) [2]
7. Wat dink jy was die oorsaak van die bakleiery tussen Rita en Bertus van Zyl? Motiveer jou antwoord deur die gevolge van die bakleiery op bladsy 112 te bestudeer. (2) [4]
8. Evalueer krities mevrou Rita se optrede teenoor Inge. (p. 113) (2) [5]
9. Waarom is Inge nie geopereer nadat sy verlam geraak het nie? (1) [4]
10. Watter leuen het mevrou Rita ná Inge se ongeluk aangaande haar versorging vertel? (1) [2]
11. Wat gee antie Poppie vir Inge saam huis toe? (2) [1]

**(18 punte)**

**Hoofstuk 17** (bladsy 117-120)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Sanna gaan sit op ’n bankie onder die vyeboom toe hulle klaar tee gedrink het. Oom Dries gee vir Sanna ’n bruin koevert wat haar pa vir hom gegee het om vir Sanna te bewaar totdat sy vrygelaat word. In die koevert is haar ma se oorkrabbels, trouringe, ’n armband en briewe wat Johannes vir haar geskryf het.

Sanna vra vir Oom Dries waarom hulle haar nooit in die tronk besoek het nie. Hy sê dat ’n konstabel vir hulle gesê het dat sy saam met ’n groep na die Kaap oorgeplaas is en dat hulle haar nie weer kon opspoor nie. Antie Poppie was oortuig dat Sanna gehang is, en dat haar liggaam verbrand is. Sy het dinge so bewimpel dat Rosie en Johannes later ’n verhouding aangeknoop het omdat sy gedink het dat Rosie vir hom ’n goeie vrou sal wees.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Gert het geknak na Sanna tronk toe is. Sy ouers se dood en die mynongeluk het veroorsaak dat hy hom aan drank vergryp het. Iemand het hom laas in die Kaap voor ’n drankwinkel gesien.

1. Noem TWEE plekke wat Sanna graag wil besoek. Hoekom wil sy nie vir Johannes sien nie? (3) [2]
2. Wat is in die bruin koevert wat Sanna by oom Dries kry? (2) [1]
3. Verduidelik waarom oom Dries, Johannes en antie Poppie nie vir Sanna in die tronk besoek het nie. (2) [2]
4. Dink jy Sanna het rede om Johannes kwalik te neem oor die verhouding tussen hom en Rosie? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2) [4]
5. Wat was die oorsaak van Gert se drinkery? (2) [2]
6. Wie is Mavis? (bladsy 119) (1) [2]
7. Op watter wyse wen Sanna Lalie se guns? (1) [2]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 18** (bladsy 121-131)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Desember 1955

Maandagoggend gaan Sanna veld toe om hout bymekaar te maak. Sy verlustig haar in die natuur. Nadat sy die hout bymekaar gemaak het, gaan sit sy onder bome om te rus. Sy hoor ’n geluid en sien vir Johannes met ’n bondel riete en ’n klein skilpadjie. Hy gee die skilpadjie vir Sanna as geskenk en sy besluit om hom Wouksie te noem.

Johannes lag vir Sanna wat hardkoppig probeer om die swaar drag hout op haar kop te sit. Hy lig dit op haar kop, maar toe hy sien dat sy met die hout sukkel, besluit hy om dit eerder te dra. Sy dra die riete en die skilpad tot by hulle huis. Hy wil met die riete vir haar kuikens ’n hok bou.

Johannes begin om die hok te bou terwyl Sanna in haar kamer gaan sit. Toe die hok klaar is, roep Johannes vir Sanna om die kuikens in die hok te sit. Hy dring aan op ’n bedanking en voordat Sanna weet wat haar tref, soen hy haar en vra of sy sy meisie sal wees. Sanna is smoorverlief op Johannes en stem in, maar is bekommerd dat hy ander meisies sal kry as hy by die myn in Okiep begin werk.

1. Noem twee eienskappe van Mavis. (2) [2]
2. Waarom wil die Jansens en Neelsens Donderdag dorp toe gaan? (1) [1]
3. Waarom dink jy wil Ma nie hê dat Sanna saam na die Groothuis toe gaan nie? (1) [4]
4. Wat gee Johannes vir Sanna as geskenk? Wat noem sy hom? (p. 126) (2) [2]
5. Noem die karaktereienskap wat Sanna openbaar toe sy weier dat Johannes haar help om die hout te dra. (1) [3]
6. Wat wil Johannes met die riete maak? (1) [1]
7. Verskaf ’n moontlike rede waarom Sanna skaam voel oor die oorgroot rok wat sy dra. (1) [4]
8. Waarom is Sanna kortaf met Johannes? Dink jy Johannes verdien hierdie behandeling? Motiveer jou antwoord. (2) [3]
9. Hoe verras Johannes vir Sanna? (p. 130) (1) [4]
10. “. . . gaan hy meisies lok soos vlieë” (p. 131)
    Benoem die beeldspraak. Wat kan jy uit hierdie aanhaling aflei? (2) [3]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 19** (bladsy 132-134)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** 1971

Oom Dries sê vir Sanna dat sy en Lalie ewe oud is en dat sy nog ’n kind van haar eie kan kry. Sanna wil nie kinders hê nie weens die feit dat sy in die tronk was. Oom Dries vertel vir Sanna van sy seun by ’n vorige meisie.

Johannes kom die middag na oom Dries se huis toe om sy bokke te melk. Hy en Sanna is verheug om mekaar na al die jare te sien. Hulle is in mekaar se arms en huil van vreugde. Selfs Lalie is aangedaan oor die blye wedersiens tussen die twee geliefdes.

1. Waarom wil Sanna nie kinders van haar eie hê nie? Stem jy saam met haar opinie? Motiveer. (2) [1, 5]
2. Verduidelik waarom oom Dries vir jare nie geweet het van sy seun nie. (1) [2]
3. Wat kom doen Johannes elke middag by oom Dries? (1) [2]
4. Waarom dink jy is Johannes mank? (1) [4]

5. Hoe voel Sanna oor die wedersiens tussen haar en Johannes? Voel Johannes dieselfde as sy? Motiveer jou antwoord. (2) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 20** (bladsy 135-147)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** 1955

Tweeuur Woensdagmiddag laai meneer Bertus vir Ma met ’n groot sak vet by die huis af. Ma gaan seep kook en daar sal hout aangedra moet word. Sanna het reeds begin vuurmaak toe Ma later die middag met ’n waatlemoen by die huis aankom.

Ma vervies haar toe Sanna weer oor Inge begin praat. Dit hinder Sanna dat Inge net die heeltyd in die kamer sit en nooit uit die huis kom nie. Sanna vra dat daar ander gordyne in Inge se kamer gehang moet word.

Donderdag kan Sanna nie wag dat Ma huis toe kom nie, want hulle gaan Kersinkopies doen. Hulle gaan saam met die Neelsens met die donkiekar dorp toe en ontmoet die flambojante Mavis, antie Poppie se jonger suster. Ma gaan dokter toe en vind uit dat sy rumatiek het. Sanna koop vir Inge ’n blou haarkammetjie as Kersgeskenk.

Kersdag is Sanna vroeg op. Sy stryk haar hare met ’n warm klip. Dit lyk nou langer en steiler en hang los om haar gesig. Na kerk maak Ma en Pa reg om na die buurplaas te gaan vir Kersete. Gert sê dat hy later sal gaan en eers wil gaan swem. Sanna wil glo ook gaan swem, maar eintlik beplan sy om vir Inge te gaan kuier, want die Van Zyls is nie by die huis nie.

Sanna haal die agterdeur se sleutel onder die matjie uit en gaan na Inge se kamer. Sy gee vir haar die geskenk, borsel haar hare en steek dit vas met die kammetjie wat sy vir haar as geskenk gegee het. Inge skaterlag vir die stories van Sanna dat sy later begin huil.

Sanna besluit om vir Inge na die dam te vat sodat sy die eende kan sien. Sy dra vir Inge op haar rug by die trap af en stoot haar met die rolstoel na die dam toe. Hulle bring ’n heerlike middag deur. Hulle voer die eende en Inge sit met haar voete in die water en sê die water is koel. Sanna glo dat Inge gevoel in haar bene het.

1. Wat gaan Ma met die vet maak wat sy by meneer Bertus gekry het? (1) [1]
2. Verklaar waarom Sanna nie voorheen vir Inge gesien het nie? (1) [3]

3. Watter verandering stel Sanna voor vir Inge se kamer? Dink jy dit is ’n goeie voorstel? Motiveer jou antwoord. (2) [1, 4]
4. Waar word die waatlemoen wat Ma gebring het gebêre? Hoekom word dit juis daar gebêre? (2) [2]
5. Hoe verskil Ma en antie Poppie se kleredrag van dié van Mavis? Gee een woord om Mavis se voorkoms te beskryf. (2) [3]
6. Wat koop Sanna vir Inge as Kersgeskenk? (1) [1]
7. Waaraan lei Ma Sara volgens die dokter? (1) [1]
8. Waarom dink jy stryk Sanna haar hare met ’n warm klip? (1) [4]
9. Hoe slaag Sanna daarin om Kersdag saam met Inge deur te bring sonder dat Ma daarvan weet? Dink jy Sanna het reg opgetree? (2) [3, 4]
10. Wat dink jy is die rede waarom Inge aanvanklik nie Sanna se geskenk wil aanvaar nie? (p. 141) (1) [4]
11. Watter verband is daar tussen Sanna se handeling op bladsy 142, waar sy vir Inge skud toe sy histeries begin lag, en hoofstuk 1? (1) [3]
12. Lug jou mening oor Sanna se impulsiewe besluit om vir Inge uit die huis te neem. (1) [5]
13. Verduidelik waarom Inge begin huil toe sy buite kom. (1) [3]
14. Wat is Sanna se vermoede toe Inge haar voete in die water sit en sê dat dit heerlik is? Wat is die implikasie van hierdie vermoede? (2) [3]

**(19 punte)**

**Hoofstuk 21** (bladsy 148-151)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Nadat Johannes die bokke gemelk het, gaan hy en Sanna na antie Poppie se huis. Johannes sê aan Sanna dat hy ’n lafaard was om nie verder na haar te soek nie en vra vergifnis. Sanna het almal reeds vergewe en wil net op die toekoms fokus. Johannes is trots op sy dogter, Lappies. Haar regte naam is Poliena.

Sanna wil alleen na haar ouers se grafte gaan. Johannes het grafstene op die grafte opgerig. Hy wys vir Sanna die skilpad wat hy lank gelede vir haar gegee het. Wouksie is nou Wouks, ’n reusebergskilpad. Toe sy die skilpad sien en hoor dat haar pa vir Johannes die skilpad teruggegee het, is sy in trane. Johannes troos haar en tannie Poppie gee vir haar

suikerwater vir die skok. Sanna hang ’n handdoek om haar skouers en stap na haar ouers se grafte.

1. Sanna se innerlike konflik word gedeeltelik ontlont toe sy weer vir Johannes sien. Verduidelik waarom hierdie stelling waar is. Waarmee wroeg Sanna steeds? (2) [3]
2. Stem jy saam met Johannes dat Sanna ’n sterk vrou is? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
3. Waarvan is die naam Lappies afgelei? (p. 149) (1) [2]
4. Verduidelik waarom dit vir Sanna belangrik is om alleen haar ouers se grafte te besoek. Watter besonderse taak het Johannes by Sanna se ouers se grafte verrig? (2) [3, 2]
5. Gee een rede waarom die skilpad, Wouks, so groot is. (1) [2]
6. Watter ooreenkoms is daar tussen Wouks en Sanna? (1) [3]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 22** (bladsy 152-164)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** 25 Desember 1955 en 1 Januarie 1956

Inge en Sanna eet van die Kersfeeskos, voer die eende en gaan lê op die kombers. Hulle raak albei aan die slaap. Toe Sanna baie later wakker word, weet sy hulle is in die moeilikheid. Sy skraap alles bymekaar en hulle maak gereed om terug te gaan huis toe.

Skielik bars Ma Sara tussen die biesies deur, en Inge en Sanna is stil geskrik. Ma is baie woedend en stuur vir Sanna huis toe. Sanna verduidelik aan haar pa dat sy net vir iemand wat alleen is op Kersdag iets wou beteken.

Johannes is kwaad vir Sanna omdat sy Kersdag saam met Inge deurgebring en hom afgeskeep het. Daar is ’n woordewisseling tussen hulle en verwyte word links en regs geslinger.

Ma belet Sanna om na die Groothuis te gaan. Die hele week soek Sanna witvoetjie by haar ma. Op Nuwejaarsdag sê Ma dat Inge vir Sanna wil sien. Sanna is verras toe sy Inge se deur oopstoot en die pragtige pienk gordyne, wit deken en ander bykomstighede sien. Inge is ’n heel ander mens na Kersfees. Sy eet en slaap ook goed.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Sanna en Inge gaan na die vyeboord. Die Van Zyls is na ’n Nuwejaarsdans toe en sal nie weet dat Sanna en Inge bymekaar is nie. Inge vra dat Sanna weer vir haar lappies moet bring.

Daardie aand gaan groet Johannes vir Sanna. Hy is op pad myn toe. Hy verduidelik aan Sanna dat hy myn toe moet gaan sodat hy geld kan bymekaarmaak om met haar te trou. Sanna neem hartseer afskeid van Johannes.

1. Waarom glo Inge nie dat sy gevoel in haar bene het nie? (1) [2]
2. Beskryf die stemming (p. 152-153) wat heers terwyl Sanna en Inge Kersfees hou by die dam. Hoe word die stemming versteur? (2) [3, 2]
3. Dink jy Ma Sara se optrede teenoor Sanna is regverdig? Motiveer jou antwoord met TWEE redes. (2) [4]
4. “Maar ek het net gevoel ek wil iets beteken vir iemand wat op Kersdag stoksielalleen is.” (p. 155)

4.1 Noem ’n karaktereienskap van Sanna wat deur die aanhaling gesuggereer word. (1) [3]

4.2 Sou jy dieselfde as Sanna opgetree het as jy in haar situasie was? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

5. Noem TWEE dinge wat Sanna se impulsiewe besluit om Kersdag saam met Inge deur te bring tot gevolg het. (2) [3]
6. Het Johannes genoeg rede om vir Sanna kwaad te wees? Motiveer jou antwoord. (1) [3]
7. Hoe probeer Sanna vergoed vir haar onaanvaarbare gedrag op Kersdag? (1) [2]
8. Noem TWEE verrassings wat Sanna op Nuwejaarsdag kry. (2) [2]
9. Hoe verskil die voorkoms van Inge se kamer van die vorige weergawe? (2) [2]
10. Het Inge en Sanna se samesyn op Kersdag ’n wending in Inge lewe veroorsaak? Motiveer jou antwoord. (1) [3]
11. Wat vind Sanna uit tydens haar besoek by Inge? (p. 159) (1) [2]
12. Waarom dink jy wil Sanna nie vir Inge van haar konflik met Johannes vertel nie? (p. 160) (1) [4]
13. Verduidelik waarom die Van Zyls nie bewus is van Inge en Sanna se kuiertjie op Nuwejaar nie. (1) [3]
14. “En tog is daar nog steeds heimwee in my hart. Johannes . . .” (p. 162)

Wat is die funksie van die ellips in bogenoemde aanhaling? (1) [3]

15. Watter ontstellende nuus kry Sanna die aand? Hoe probeer Johannes haar gerusstel? (2) [2]

16. Verduidelik waarom Johannes se droom vir hom en Sanna nooit waar geword het nie. (2) [3]

**(24 punte)**

**Hoofstuk 23** (bladsy 165-168)

**Ruimte:** Kliprant

**Tyd:** Oktober 1971

Sanna besoek die begraafplaas waar Ma Sara en Pa Hendrik in ’n dubbelgraf lê. Sy belowe haar ouers dat sy vir Gert sal soek en terugbring na Kliprant. Johannes kom haal haar later. Hy vou sy arm om haar en saam stap hulle terug huis toe. Sanna eet by antie Poppie, maar sy wil nie daar slaap nie, want sy is bang die inwoners van Kliprant maak praatjies daaroor.

Johannes sê dat hulle oom Dries se bakkie moet leen om vir Wouks op Draairivier vry te laat. Hy sal ook vir Sanna help om na Gert in die Kaap te soek en dan wil hy met haar trou. Hy stap saam terug na oom Dries se huis waar Sanna in ’n sinkkamertjie gaan bly.

1. Watter belofte maak Sanna by haar ouers se graf? (1) [2]
2. Wie is oom Jonny? (1) [2]
3. Verduidelik waarom Johannes oom Dries se bakkie wil leen. (2) [2]
4. Dink jy dit is ’n goeie idee dat Sanna na Draairivier wil gaan? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
5. Op watter maniere verdien Johannes ’n inkomste? (3) [2]
6. Bestudeer die ruimte van die sinkkamertjie waarin Sanna gaan woon. Wat kan jy aflei in verband met die voorkoms van die kamer? (2) [3]
7. Noem TWEE dinge wat verhoed dat Sanna opgewonde is oor Johannes se troupraatjies. (2) [2]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 24** (bladsy 169-175)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** 1956, een week na Nuwejaar

Ma Sara stem in dat Sanna saam na die Groothuis mag gaan as sy haarself gedra. Terwyl hulle besig is om klere te was, begin Sanna weer oor Inge praat. Sara voel dat Inge ’n houvas op Sanna het en dat sy te maklik in haar medemens glo.

Na die eerste bondel wasgoed klaar is, stap Sanna na die sitkamer en loer deur die skrefie van die gordyne. Mevrou en die tweeling sit rustig buite, al drie se hare is gevleg. Sy gaan na Inge se kamer, maar sy is nie daar nie. Inge en Ma is in die badkamer en sy besluit om later terug te kom met die lappies wat sy vir Inge wil gee.

Die volgende oomblik loop sy haar in mevrou Rita vas. Mevrou wil weet wat in die sak is. Sanna verduidelik dat dit haar naaldwerk is. Toe Ma uitkom sê sy vir Sanna dat Inge na haar soek. Mevrou is kwaad en wil weet waarom Inge haar soek. Ma verduidelik dat Sanna vir Inge haar naaldwerk gaan wys en van die lappies gee om te werk. Mevrou Rita hou nie van ’n gekonkel agter haar rug nie en sê sy hou nie van moeilikheidmakers nie.

Ma stuur vir Sanna na Inge se kamer. Sanna gee die sak vir Inge en sê dat sy self lappies moet uitsoek, want sy moet haar ma met die wasgoed gaan help.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Bestudeer die eerste twee paragrawe van hoofstuk 24. Wat is die oorsaak van Sanna se innerlike konflik? | (2) [3] |
| 2. | Waar het Sanna gehoor dat Inge moontlik weer kan loop? Watter gebeure laat Sanna glo dat dit waar is? Hoe voel Ma daaroor? | (3) [2] |
| 3. | “Ek hou net nie van die houvas wat sy op jou het nie.” (p. 170)<br>Stem jy saam met Ma Sara dat Inge ’n houvas op Sanna het? Motiveer jou antwoord. | (1) [5] |
| 4. | Noem en verduidelik ’n karaktereienskap van Sanna soos dit na vore kom op bladsy 171 of 172. Watter karakteriseringstegniek word hier gebruik? | (3) [3] |
| 5. | “Jana en Elsie sit saam met hulle ma en drink tee <u>soos Middeleeuse dames</u>.” (p. 172) | |
| 5.1 | Benoem die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte van die aanhaling. | (1) [2] |
| 5.2 | Dink jy die beeldspraak is effektief? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

6. Verskaf ’n moontlike rede waarom mevrou Rita wil sien wat in Sanna se sak is. Wat is in Sanna se sak? (2) [4, 2]
7. Mevrou Rita kyk op bladsy 173 belangstellend na die slopies wat Sanna gemaak het, maar verwys op bladsy 174 vernederend na die “flentertjies lap”.
   Wat is die rede vir mevrou Rita se veranderde houding? Hoe word die konflik tussen mevrou Rita en Sanna ontlont? (2) [3]
8. Waarom dink jy aanvaar mevrou Rita die vriendskap tussen Inge en Sanna, al keur sy dit nie heeltemal goed nie? (1) [4]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 25** (bladsy 176-178)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** Oktober 1971

Sondagoggend voel Sanna onseker of sy moet kerk toe gaan. Oom Dries sê dat Sanna haar tyd moet vat en eers die priester moet ontmoet. Oom Dries sal vir Johannes sê dat sy moeg is. Sy dink aan die tronk en dat sy vir Agnes ’n brief wil skryf.

Johannes loer ná die diens by Sanna in. Hy vra vir oom Dries of hy sy bakkie kan leen om na Draairivier te gaan en na Gert te gaan soek. Hy wil ook gou met Sanna trou, want sy is die liefde van sy lewe. Sanna reken hy is haastig. Oom Dries is dankbaar dat Johannes so mooi na sy susterskind kyk.

1. Verduidelik waarom Sanna nie wil kerk toe gaan nie. (1) [3]
2. Wat doen Sanna terwyl oom Dries en Lalie by die kerkdiens is? (2) [2]
3. Noem DRIE dinge wat Johannes vir oom Dries vra. (p. 177) (3) [1]
4. Dink jy Sanna het rede om vies te wees omdat Johannes so gou met haar wil trou? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2) [4]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 26** (bladsy 179-186)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** 1956 Januarie/Februarie → winter → lente (Groot tydsprong – Februarie – September/Oktober)

Die einde van die vakansie het aangebreek. Sanna kry haar skoolklere gereed vir haar finale skooljaar. Ma Sara keur deesdae Inge en Sanna se vriendskap goed, maar mevrou Rita is nie ten gunste daarvan nie. Woensdagmiddag na skool gaan haal Sanna vir Inge en bring haar na hulle huis toe. Hulle doen saam tuiswerk. Inge sê dat sy moontlik deur die pos sal aangaan met haar skoolwerk.

Sanna en Inge verskil net vier dae. Die Dinsdag vier hulle Inge se verjaarsdag met piekniek onder die bloekomboom. ’n Paar maande gaan verby waartydens Sanna en Inge gereeld kuier. Inge vertel vir Sanna hoe verskriklik kwaad Mevrou vir Meneer was toe sy uitvind dat hy Inge se pa is.

Weens Sanna se netbal en funksies by die skool sien Sanna en Inge mekaar min, maar sodra hulle kans kry, is sy en Inge buite. Hulle bring tyd deur by die eende en by die donga met die hoë walle. Johannes skryf nie meer vir Sanna briewe nie en dit maak haar hartseer.

Sanna help gereeld vir juffrou Klaaste. Sy moedig vir Sanna aan om verder te studeer en aan ’n interessante onderwerp te dink vir haar toespraak. Inge stel voor dat Sanna oor die biblioteek en al die interessante dinge waaroor ’n mens kan navorsing doen, praat.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Watter graad (standerd) is Sanna in 1956? | (1) [1] |
| 2. | Hoe word Ma Sara gekarakteriseer op bladsy 179? | (1) [3] |
| 3. | “Seker maar gaan swem.” (p. 180)<br>Verduidelik waarom dié antwoord van Sanna ironies is. | (1) [3] |
| 4.1 | Op watter ander wyse, afgesien van die laslappiewerk, probeer Sanna om Inge se lewe te verryk? | (1) [3] |
| 4.2 | Dink jy hierdie wyse maak ’n wesenlike verskil in Inge se lewe? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 5. | Wat is die verskil in ouderdom tussen Sanna en Inge? Hoe oud is Jana en Elsie? | (2) [1] |

6. Noem TWEE dinge wat Inge en Sanna in die middae na skool doen. (p. 181) (2) [1]

7. Hoe oud was Inge toe sy uitgevind het dat meneer Bertus haar pa is? (1) [3]

8. Noem TWEE buitemuurse aktiwiteite wat veroorsaak dat Sanna en Inge mekaar nie gereeld sien nie. (2) [2]

9. Waarom keur Ma Sara dit nie goed wanneer Inge en Sanna na die donga met sy hoë walle gaan nie? (1) [3]

10. Watter onderwyser by Hoërskool Vorentoe het ’n positiewe invloed op Sanna? Motiveer jou antwoord. (2) [1, 3]

11.1 Watter onderwerp beveel Inge aan vir Sanna se toespraak? (1) [2]

11.2 Dink jy dit is ’n goeie keuse? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

**(17 punte)**

**Hoofstuk 27** (bladsy 187-189)

**Ruimte:** Kliprant

**Tyd:** November 1971

Johannes is omgekrap, want Sanna is al meer as ’n maand terug in Kliprant, maar het heeltyd ’n verskoning waarom sy nie wil uitgaan nie. Sy sê dat sy selfbewus voel oor die mense van Kliprant wat oor haar skinder. Daar is konflik tussen hulle en Sanna dink dat hulle nie moet trou nie. Sy het nog nie vrede in haar hart omdat Johannes en Rosie ’n verhouding gehad het en ’n kind het nie.

Johannes sê hy sal nie druk op haar plaas nie, maar dat sy weer moet begin leef. Sy raak opgewonde toe hy sê dat haar broer Gert by Mavis was. Johannes sal ’n stukkie grond skoon maak vir ’n huisie vir Gert as hy terugkom.

1. Wat is die oorsaak van Johannes en Sanna se konflik in hierdie hoofstuk? (1) [2]

2. Dink jy dat Sanna se verweer aangaande die konflik (p. 187) geloofwaardig is? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

3.1 Wat voer Sanna as redes aan waarom sy nie met Johannes wil trou nie? (2) [2]

3.2 Watter karaktereienskap van haar word deur die redes beklemtoon? (1) [3]

4. “Ek wil maar net hê jy moet ook weer begin leef.” (p. 188) Verduidelik die konnotatiewe betekenis van die aanhaling. (1) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

5. Op watter manier word die uiterlike konflik tussen Sanna en Johannes ontlont? (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 28** (bladsy 190-201)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** Einde van Oktober 1956

Inge is by Sanna-hulle se huis. Hulle is besig om ’n samma voor te berei om konfyt te kook toe hulle ’n voertuig se dreuning hoor. Hulle sien ’n bontgeverfde bussie en ’n man kom na hulle toe aangestap. Sy naam is Henk de Waal. Hy is ’n skilder en sy bussie het onklaar geraak. Dit is duidelik dat Inge en Henk dadelik tot mekaar aangetrokke voel.

Inge weier dat Henk haar in die rolstoel huis toe stoot. Hy loop na die Groothuis om gereedskap te gaan vra om sy bussie reg te maak. Inge voel afgehaal toe sy sien hoe Elsie en Jana om die aantreklike vreemdeling draai en vra vir Sanna om haar huis toe te stoot. Henk gaan haal iets in die bussie en sê vir Inge dat mevrou Rita hom genooi het vir tee. Sanna stoot vir Inge in die rigting van die Groothuis. Toe hulle nader kom, neem Elsie, kamma besorg oor Inge, die rolstoel oor.

1. Wat doen Sanna en Inge op die laaste Vrydag in Oktober? (1) [2]
2. Waaraan kan die meisies aflei dat daar iets fout is met die naderende voertuig? (p. 192) (1) [3]
3. Wat word gesuggereer deur die voorkoms van die bussie? Hoe word hierdie suggestie bevestig? (2) [3]
4. Wie is die bestuurder van die bussie? Verduidelik waarom hy die vriendskap tussen Sanna en Inge vreemd vind. (2) [1, 3]

5.1 Watter reaksie het die bestuurder van die bussie op Inge? Is die gevoel wat sy vir hom het wedersyds? (2) [3]

5.2 Haal ’n frase op bladsy 193 aan wat jou antwoord ondersteun. (1) [2]

6. Waarheen was Henk op pad? (1) [3]
7. Wat word geïmpliseer deur Henk se woorde: “Miskien was dit so bestem dat ek vandag die verkeerde afdraai gevat het”? (p. 194) (1) [1]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

8. Hoe voel Inge toe sy vir Jana en Elsie saam met Henk sien? (p. 197) Lug jou mening oor hulle toegeneentheid tot Henk. (2) [5]

9. Gee ’n moontlike rede waarom Inge weier dat Henk haar in haar rolstoel huis toe stoot. (1) [3]

10. Lug jou mening oor Elsie wat gretig naderkom en die rolstoel by Sanna oorneem. (p. 199) (1) [5]

11. Verduidelik waarom Ma vir Sanna kortaf antwoord op bladsy 200. (1) [3]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 29** (bladsy 202-206)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** November 1971

Maandagmiddag kom Johannes om die bokke te melk. Antie Poppie het saam met hom kom kuier. Lalie maak vir hulle tee. Johannes neem Sanna saam bokkraal toe om die konflik tussen hulle te ontlont. Johannes vra Sanna amptelik om te trou. Sanna voel haar lewe is nog te deurmekaar vir so ’n groot stap.

Later is daar ’n klop aan die deur van oom Dries se huis. Lalie maak die deur oop en Sanna herken dadelik die stem van haar broer, Gert. Hulle groet en hou mekaar snikkend vas.

Gert vertel dat hy by antie Mavis gehoor het dat Sanna terug is. Vir vier dae het hy geryloop en teen die pad geslaap, water het hy by die vulstasies gedrink. Party mense wat hom opgelaai het, het hom darem iets gegee om te eet.

1. Wie daag saam met Johannes by oom Dries se huis op? (1) [1]

2.1 Wat was volgens Johannes die redes vir die mislukte verhouding met Rosie? (1) [2]

2.2 Hoe verskil sy opinie van Rosie s’n? (1) [3]

3. Watter verrassing kry Sanna daardie middag? (1) [2]

4. Wat kan jy aflei uit Gert se voorkoms op bladsy 205? (1) [3]

5. Hoe lank het dit vir Gert geneem om te ryloop na Kliprant? Waar het hy kos en water gekry op pad? (3) [1]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 30** (bladsy 207-213)

**Ruimte:** Draairivier

**Tyd:** Einde van Oktober 1956

Sondagoggend gaan Sanna en Ma saam met Mevrou en Meneer kerk toe. Henk gaan die tweeling skilder en daarna gaan hulle piekniek hou. Sanna is bekommerd dat Henk Inge se hart gaan breek.

Maandagoggend, op pad skool toe, vertel die tweeling opgewonde van die skilderye. Die res van die week sien Sanna selde vir Inge. Sy stap een middag in die rigting van die dam, waar Ma gesê het Henk besig is om vir Inge te skilder. Sy sien vir Inge en Henk in 'n omhelsing en sluip weg.

Daardie aand sit Sanna buite en kyk na die weerlig. Gert kom sit by haar en vertel haar dat Johannes 'n werk gekry het en dat dit goed gaan met hom. Sanna kry haarself jammer omdat Inge haar afskeep en sy dink dat Johannes van haar vergeet het.

Sy gaan kuier vir antie Poppie. Sy bars van opgewondenheid toe sy twee briewe van Johannes by haar kry. Antie Poppie verduidelik dat Johannes nie geld vir seëls gehad het nie, daarom het hy Sanna se briewe en sy ma s'n in een koevert gesit en vir antie Poppie gestuur.

1. Verduidelik waarom Elsie en Jana nie saam kerk toe is nie. Waarom dink Sanna dat meneer en mevrou Van Zyl onverantwoordelik optree? (2) [3]
2. Waarom is Sanna opgewonde dat Inge tyd saam met Henk kan deurbring? Wat is die gevolg van Henk se teenwoordigheid in Inge se lewe vir Sanna? (2) [3]
3. Waarom dink jy wil Sanna nie hê dat Mietjie die naweek vir haar kom kuier nie? Motiveer jou antwoord. (1) [4]
4. Gee twee redes vir Sanna se hartseer op bladsy 210. (2) [2]
5. Watter goeie nuus kry Sanna toe sy vir antie Poppie gaan besoek? Hoe voel sy oor die briewe van Johannes? (2) [3]

**(9 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

**Hoofstuk 31** (bladsy 215-217)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** 1971

Sanna gee vir Gert toebroodjies en bokmelk. Terug in die voorhuis is almal se oë op Sanna gerig. Omdat hulle nie by Sanna se hofsaak was nie, wil almal weet wat werklik vyftien jaar gelede op Draairivier gebeur het. Sanna is gewillig om hulle alles te vertel.

1. Noem ’n ooreenkoms tussen Gert se tuiskoms op Kliprant en Sanna se aankoms op Suurvlakte. (1) [3]
2. Verklaar waarom almal skielik stilbly en na Sanna staar toe sy met die kos in die voorhuis terugkom. (1) [3]
3. Waarom weet niemand wat op Draairivier gebeur het nie? Dink jy dit sal goed wees dat Sanna praat oor wat aanleiding gegee het tot haar tronkstraf? Motiveer jou antwoord. (2) [2, 4]
4. Verduidelik waarom Sanna aanvanklik ontsteld is omdat haar familie en vriende wil hê dat sy die waarheid aan hulle moet vertel. (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 32** (bladsy 218-227)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** November 1956

Sanna is teleurgesteld, want Inge is nie meer met haar maats nie omdat sy al haar tyd saam met Henk spandeer. Ma sê dat Inge haar nodiger as ooit sal hê wanneer Henk die volgende dag van die plaas af vertrek.

Nadat Henk weg is, gaan kuier Sanna vir Inge. Sy is in ’n toestand, want Henk het nog nie gebel nie. Hy het gesê dat hy haar gaan kom haal en na die beste spesialis in die Kaap sal vat. Hy wil met haar trou en in Pretoria gaan bly. Dit was egter alles leuens, want Henk kontak nie weer vir Inge ná hy weg is nie.

Daardie middag begin die weer opsteek. Die wind waai al sterker en dit lyk asof ’n storm op pad is. Ma is bekommerd oor Pa en Gert wat nog met die skape in die veld is. ’n Storm breek los. Dit reën en hael so erg dat die klei tussen die riete van die huis afval.

Meneer Bertus kom later met ’n bakkie vol dooie skape verbygery. ’n Tweede vrag dooie skape word aangery terwyl Gert die ander skape na die kraal toe jaag. Ses en dertig van die vierhonderd skape is dood. Mevrou Rita glo dat die skape dood is weens Hendrik se nalatigheid en hy word afgedank.

Sanna is bekommerd oor die nuutste verwikkelinge, want sy moet oor twee weke begin met haar matriekeindeksamen. Sy kwel haar oor wat van Inge gaan word as hulle van die plaas af weggaan.

1. Waarom sê Ma Sara dat Inge vir Sanna nodig sal hê as Henk van Draairivier af wegry? (1) [3]
2. Stem jy saam met Sanna dat Inge rassisties is? Motiveer jou antwoord. (1) [5]
3. “gee haar net kans om uit die <u>rooskleurige wolk</u> te kom” (p. 219) Benoem en verduidelik die beeldspraak in die onderstreepte woorde. (2) [3]
4. Noem DRIE beloftes wat Henk aan Inge gemaak het. (3) [1]
5. Wat dink Ma Sara is die rede waarom Henk nie vir Inge kontak nie? (1) [1]
6. Verduidelik kortliks die progressie in die weerstoestand op bladsy 221 tot 222. Wat is die funksie van hierdie progressie? (3) [3]
7. Noem TWEE gevolge van die haelstorm. Watter tipe konflik word deur die haelstorm beklemtoon? (3) [3]
8. Waar het Hendrik en Gert geskuil tydens die haelstorm? (1) [1]
9. Evalueer krities die regverdigheid van mevrou Rita se optrede teenoor Hendrik. (2) [5]
10. Verduidelik waarom mevrou Rita soveel mag op die plaas het. (1) [3]
11. Noem TWEE struikelblokke wat Sanna kan ervaar na haar pa se afdanking. (2) [3]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 33** (bladsy 228-232)
**Ruimte:** Kliprant
**Tyd:** November 1971

Dinsdagoggend besoek Rosie vir Sanna. Sy is daarop uit om moeilikheid te maak, want sy maak gemene aanmerkings oor Sanna en Johannes. Sanna vererg haar en sit Rosie op haar

plek. Sy voel later sleg oor die woordewisseling en dink dat sy Rosie moet om verskoning vra.

Sanna en Gert help oom Dries in die tuin en kyk waar hulle ’n huisie vir Gert kan bou. Die namiddag kom Johannes om die bokke te melk. Hy vertel vir Gert van die skilpad, Wouks, wat hulle wil terugneem na Draairivier. Antie Poppie is nuuskierig om te hoor wat daardie vreeslike dag op Draairivier gebeur het.

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Aan watter siekte lei antie Poppie? | (1) [1] |
| 2. | Waar slaap Sanna en Gert onderskeidelik daardie aand? | (2) [1] |
| 3. | Noem TWEE dinge wat Rosie sê wat veroorsaak dat Sanna haar humeur verloor. (p. 229) | (2) [2] |
| 4. | Dink jy Sanna het reg opgetree deur Rosie op haar plek te sit? Motiveer jou antwoord. | (1) [4] |
| 5. | Verduidelik waarom Sanna vir Rosie om verskoning wil vra. | (2) [3] |
| 6. | Na watter “storie” verwys oom Dries op bladsy 232? | (1) [3] |
| | | **(9 punte)** |

**Hoofstuk 34** (bladsy 233-237)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** November 1956

Maandagoggend loop Sanna na die Groothuis om by Inge te gaan kuier. Inge het besluit om na ’n tehuis vir gestremdes in die Kaap te gaan. Sy wil die plaas groet, want as Sanna eers weg is, gaan niemand haar buite rondstoot nie. Inge wil na die hoë walle van die donga gaan. Sanna is skrikkerig vir die donga waarteen Ma haar altyd waarsku. Boonop het dit gereën en die grond kan maklik meegee.

Hulle maak eers ’n draai by die eende. Albei is hartseer omdat Sanna-hulle moet weggaan, maar glo dat hulle altyd maats sal bly. Toe hulle by die donga kom, is Sanna moeg. Sy sak op haar hurke om ’n bietjie te rus. Skielik kom mevrou Rita met ’n aaklige grynslag te voorskyn. Sy stoot vir Inge oor die hoë walle en plaas die blaam op Sanna.

Sanna kyk verstom na die stukkende rolstoel en Inge se slap liggaam. Meneer Bertus weier om vir Sanna te glo toe sy sê dat mevrou Rita vir Inge vermoor het.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

1. Watter verband is daar tussen hoofstuk 33 en 34? (1) [3]
2. Waarom is Sanna nie Maandagoggend by die skool nie? (1) [1]
3. Verduidelik waarom Inge eerder na ’n tehuis vir gestremdes in die Kaap wil gaan as om op Draairivier te bly. (2) [3]
4. Waarheen wil Inge gaan om afskeid te neem van die plaas? Verskaf TWEE redes waarom Sanna nie van die idee hou nie. (3) [1, 4]
5. Lees bladsy 234 en 235. Watter stemming heers aanvanklik tussen Inge en Sanna? Waarom voel Sanna nie heeltemal dieselfde as Inge nie? (2) [3]
6. Wat dink jy is die werklike rede waarom mevrou Rita vir Inge by die afgrond afgestamp het? (1) [5]
7. Verduidelik binne die konteks van die milieu hoe mevrou Rita daarin kon slaag om die skuld op Sanna te pak. (2) [3]
8. Haal ’n voorbeeld van eufemisme op bladsy 236 aan. (1) [3]
9. Dink jy dit is geloofwaardig dat meneer Bertus nie vir Sanna wou glo nie? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 35** (bladsy 238-240)
**Ruimte:** Draairivier
**Tyd:** November 1971

Sanna, Johannes en antie Poppie is op pad na Draairivier. Johannes laai vir antie Poppie by Bultfontein se arbeiders se huise af en ry na Draairivier. Die Van Zyls woon nie meer op die plaas nie.

Hulle laat Wouks naby die dam vry en gaan sit op die koppie. Die Groothuis lyk nog dieselfde. Die ou bloekom is steeds daar. In die kamp, aan die rivier se kant, wei daar ’n trop beeste. Waar Sanna-hulle se riethuisie was, is nou ’n steenhuisie.

Sanna dink met heimwee terug aan Inge en die plaas. Toe sy na die hoë walle kyk, voel sy nie weemoedig nie, haar hart voel lig en sy voel vry. Johannes vra weer vir Sanna om te trou en uiteindelik stem sy in om sy vrou te word.

1. Waarheen is Sanna, Johannes en antie Poppie op pad? Wat is die doel van hulle besoek? (2) [2]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

2. Waarom laai Johannes vir antie Poppie by Bultfontein se werkershuisies af? Gee TWEE redes. (2) [2, 3]

3. Hoe verskil Wouks en Sanna se vryheid? (2) [3]

4. Verduidelik waarom Sanna uiteindelik instem om met Johannes te trou. (2) [3]

5. Dink jy Sanna het werklik vir mevrou Rita vergewe vir die onreg wat sy haar aangedoen het? Motiveer jou antwoord. (1) [4]

6. Sou jy die slot van die verhaal as geslaagd beskou? Motiveer jou antwoord. (1) [5]

**(10 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

## 2. Opsteltipe vrae

Die literêre opstel vereis:

- ’n goeie kennis van die intrige en inhoud van die verhaal.
- ’n deeglike kennis van literêre begrippe soos ruimte, konflik, temas en deurlopende motiewe.
- ’n deeglike kennis van die karakters en hulle karaktereienskappe.

Die literêre opstel vereis ’n bespreking van ‘n karakter, literêre begrippe deurlopende temas en motiewe. Dit is nie bloot die oorvertel van die verhaal nie, maar ’n evaluering of ontleding van die vraag. Dit is belangrik dat die kandidaat gestruktureerd skryf en insig toon.

**WENK:**

Om ’n suksesvolle opstel te skryf moet jy:

1. vooraf beplan.
2. ’n goeie inleiding skryf.
3. elke paragraaf begin met die hoofgedagte of -stelling.
4. elke stelling ondersteun met feite of bewyse uit die roman.
5. ’n goeie slot skryf waarin jy tot ’n gevolgtrekking kom.

**Moontlike opstelvrae:**

1. Sanna se verhouding met Johannes gee aanleiding tot innerlike sowel as uiterlike konflik. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300-350 woorde.

* Sien die voorbeeldopstel wat na die vrae verskyn.

2. Bespreek in ’n opstel van 300-350 woorde die tema “gevangenskap” deur na Inge, Wouks en Sanna te verwys. (sien Afdeling A – temas)

3. Sanna verander van ’n selfversekerde tiener tot ’n onseker volwassene, maar vind aan die einde geluk en vrede.
   Bespreek Sanna se karakterontwikkeling in ’n opstel van 300-350 woorde.

4. Bespreek die invloed wat die ruimte van Draairivier, Suurvlakte en Kliprant op Sanna het in ’n opstel van 300-350 woorde.

5. Sanna beland in die tronk weens die onreg wat mevrou Rita haar aangedoen het. Skryf ’n opstel van 300-350 woorde en verduidelik hoe hierdie onreg haar lewe beïnvloed het.

6. Haar vriendskap met Inge stuur Sanna se lewe in ’n ander rigting. Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300-350 woorde.

7. Bespreek die kontras tussen die Van Zyls en die Jansens se gesinslewe in ’n opstel van 300-350 woorde.

*** Voorbeeldopstel:**

Sanna se <u>verhouding met Johannes</u> gee aanleiding tot <u>innerlike sowel as uiterlike konflik.</u>
Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300-350 woorde.

**Kandidaat skryf ’n gepaste inleiding.**

- **Sanna is verlief op Johannes, maar sy weet nie hoe hy oor haar voel nie.** Sy loop baie keer tot op die koppie en kyk of sy hom nie op die buurplaas raaksien nie. Dit veroorsaak innerlike konflik, want sy is smoorverlief op hom, maar dink dat hy haar nie raaksien nie. “*Op sewentien sien hy my seker as ’n kind, al is hy en Gert net twee jaar ouer as ek.*” (p. 17)
- **Gert terg haar oor Johannes, terwyl sy gedink het dat niemand weet van haar gevoelens vir Johannes nie.** Gert sê dat sy laat by hulle in die veld aangekom het met die kos omdat sy “’n sekere buurman” (p. 20) wou sien. Sy kry skaam en loop vinnig weg. Die gedagte dat Gert vir Johannes sal vertel dat sy op hom spioeneer, maak haar beangs en veroorsaak innerlike konflik. “*Ek spring sowaar van daai hoë wal by die donga af waarteen Ma ons altyd waarsku!*” (p. 33)
- **Sanna voel opgewonde toe Johannes haar met warmte in sy stem op haar doopnaam aanspreek, maar dink dat sy haar verbeel.** Toe Johannes ’n skoenriem by die Jansens gaan haal en kort daarna wil loop, roep Sanna hom terug en sê dat hy vir sy ma moet sê dat sy die volgende dag vir haar gaan kuier. Sy bloos toe hulle mekaar in die

oë kyk en stap met lam bene weg toe hy groet. Tog twyfel sy of sy die situasie reg vertolk en ervaar innerlike konflik. "*Moet jou nou nie goed staan en verbeel nie . . .*" (p. 53)

- **Sanna is ontsteld toe sy uitvind dat Johannes myn toe gaan.** Sy kry haarself jammer en voel dat Johannes haar mislei het met sy beleefdheid. "*Ek voel hoe woede my liggies laat bewe. Die gemene luis!*" (p. 62)
- **Johannes het vir sy ma gesê dat Sanna die swart en wit kuiken moet kry, en hy gee vir haar 'n skilpad.** Sanna voel opgewonde oor die kuikens en die skilpad, maar wil nie hê dat Johannes haar moet help om die hout te dra toe hy haar in die veld kry nie. Johannes sien hoe sy sukkel met die drag hout. Hy stop die riete en skilpad in haar hande en dra die hout huis toe. Sanna is steeds vertwyfeld oor Johannes se houding. "*Is dit sy manier om my te groet? Of gee hy tog so bietjie om vir my?*" (p. 111)
- **Die feit dat hy weggaan myn toe maak haar benoud.** Sy is teleurgesteld omdat hy nie self vir haar gesê het dat hy weggaan nie. "*Die gevoel van teleurstelling bederf sommer my oggend. Dis asof die veld skielik asvaal is*." (p. 126)
- **Johannes soen vir Sanna en vra haar om sy meisie te wees.** Nadat Johannes die kuikens se hok gebou het, dring hy aan op 'n bedanking. Voordat sy kan antwoord, soen hy haar en betrap haar heel onkant toe hy vra dat sy sy meisie moet wees. Die feit dat hy weggaan myn toe maak haar benoud. Sanna beleef innerlike konflik omdat sy twyfel of 'n langafstandverhouding kan werk. "*As hy teruggaan Okiep toe om in die myn te werk, gaan hy meisies lok soos vlieë*." / "*Want ás dit iets beteken het, sou hy nie weggegaan het nie*." (albei voorbeelde p. 131)
- **Daar is uiterlike konflik tussen Johannes en Sanna omdat sy Kersdag saam met Inge deurgebring het en hom afgeskeep het.** Johannes is kwaad omdat Sanna op Kersdag by Inge was, want dit was die laaste naweek wat hulle bymekaar kon wees voor hy weggaan myn toe. Sanna sê dat hy selfsugtig is en dat hy haar nie besit nie. Hy sê sy is bemoeisiek en dat sy vir Inge moet uitlos, want die feit dat Inge alleen is, het niks met haar te doen nie. "*Die aand huil ek my aan die slaap*." (p. 157)
- **Nuwejaarsaand kom groet Johannes en Sanna ervaar innerlike konflik.** Johannes sê dat hy op die myn wil gaan werk omdat hy geld wil hê om met haar te trou. Hy sal vir hulle 'n huis bou terwyl sy besig is met haar studies. "*Die teleurstelling lê my bors vol. As ek geweet het 'n verhouding sou soveel dinkwerk en pyn veroorsaak, het ek nooit ingestem om sy meisie te wees nie*." (p. 163)

- **Johannes skryf aanvanklik dun briefies, maar dan droog sy briewe op en Sanna hoor niks van hom nie.** Sanna dink dat Johannes van haar vergeet het. "*Hoekom sal hy ou maer Sanna van die plaas met die terugspringhare onthou?*" (p. 169)
- **Die twee briewe van Johannes wat sy by antie Poppie kry, ontlont haar innerlike konflik.** Gert vertel aan Sanna dat Johannes 'n werk gekry het. Hy vertroos haar omdat sy niks van hom hoor nie en sê dat Johannes weer eendag op die plaas sal opdaag. Sanna is oorstelp van vreugde toe sy die twee briewe van Johannes by antie Poppie kry en besef dat hy haar nie vergeet het nie. "*. . . voel ek hoe die lewe besig is om na my siel terug te keer*." (p. 213)
- **Na haar vrylating wonder Sanna of Johannes haar nog onthou, maar vind by Rosie uit dat hulle 'n verhouding gehad het en dat sy 'n kind by hom het.** Terug op Kliprant vertel Rosie vir haar dat Lappies haar en Johannes se kind is. Sanna is so ontsteld omdat Johannes so gou van haar vergeet het dat sy flou val. "*Dis dan hoekom hy my nie besoek het nie: hy was te besig om vir Rosie die hof te maak*." (p. 96)
- **Daar is 'n vreugdevolle weersiens tussen Johannes en Sanna.** Toe Johannes by oom Dries opdaag om die bokke te melk, is hy verras om Sanna daar te sien. Hy hou sy arms na haar uit en hou haar baie styf vas terwyl trane van blydskap vloei. "*Sonder 'n geluid loop jare se seer, verlange en eensaamheid uit my siel waar ek teen Johannes se bors staan*." (p. 134)
- **Johannes wil met Sanna trou, maar sy voel onseker en wil eers haar voete vind.** Sanna twyfel aan Johannes se opregtheid omdat hy en Rosie 'n kind het. Daar is uiterlike konflik tussen hulle omdat Sanna nie saam met Johannes na plekke wil gaan nie en in die huis wegkruip, weens haar eie onsekerheid. "*Jy wou Rosie jou vrou maak, as dit nie was dat sy jóú gelos het nie. En nou is ek weer goed genoeg?*" (p. 187)
- **Gert se terugkeer na Kliprant en die besoek aan Draairivier ontlont Sanna se innerlike konflik.** Toe Gert terugkeer na Kliprant is Sanna baie bly. Sy voel meer selfversekerd en sit Rosie op haar plek toe sy weer lelike aanmerkings maak. Johannes vat vir Sanna saam na Draairivier om Wouks vry te laat. Toe hy haar weer vra om te trou, stem sy in, want sy het vrede gevind. "*En helder, sonder twyfel, weet ek dat my lewe sonder hierdie man geen betekenis het nie*." (p. 240)

**Kandidaat skryf 'n gepaste slot.**

## 3. Konsepvraestel: *Draairivier* deur Engela Ovies

**Beantwoord vraag 1 of 2.**

**Vraag 1:** OPSTELVRAAG

Inge se kluisenaarskap word veroorsaak weens die konflik tussen haar en mevrou Rita van Zyl.

Bespreek hierdie stelling in ’n opstel van 300-350 woorde en verduidelik hoe Inge se kluisenaarskap opgehef word.

**(25 punte)**

**OF**

**Vraag 2:** KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die volgende uittreksels en beantwoord die vrae wat volg:

**TEKS A**

Terwyl hy praat, kom hy nader. Hy kyk my vol in die oë. Vir ’n oomblik weet ek nie waar om te kyk nie. Die stilte raak swaar tussen ons.

Toe sê hy: “Nou moet jy my behoorlik bedank.”

“Maar ek hét dan dankie –”

Voor ek klaar gepraat het, soen hy my vol op die mond.

“Sal jy my meisie wees, Sanna?”

Ek knik net my kop, heeltemal onkant gevang.

Hy draai om en loop met lang hale weg hek toe sonder om een keer om te kyk.

Skielik is ek vies vir hom. Hy’t natuurlik lankal die ding vir homself uitgewerk om my alleen te kry.

Wat nou? wonder ek. Nou weet jy hoe hy oor jou voel, antwoord die stemmetjie.

Met my hand teen my mond loop ek soos in ’n droom om die huis. Ek kyk na Inge se kamervenster, al weet ek sy het nie die soen gesien nie. Net die gedagte dat sy tog kon gesien het, laat my skaam voel. Miskien sit sy agter daai toegetrekte gordyne en staar deur ’n skrefie na buite.

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers

2.1 In watter ruimte speel die gebeure in TEKS A af? Wat gaan die gebeure in TEKS A vooraf? (2)

2.2 Verduidelik waarom Johannes vra dat Sanna hom moet bedank. Wat het hy vir die Jansens gedoen terwyl sy in die tronk was? (2)

2.3 Wat is die funksie van die leesteken in reël 4? (1)

2.4 Noem TWEE dinge wat veroorsaak het dat Sanna onkant gevang is deur Johannes se dialoog en handeling in reël 5 en 6. (1)

2.5 Dink jy dat Sanna werklik vies is vir Johannes? (reël 10) Motiveer jou antwoord. Waarom is sy eintlik kwaad vir hom? (2)

2.6 Benoem die beeldspraak in die onderstreepte gedeelte in reël 14. Verduidelik die funksionaliteit van dié beeldspraak. (2)

2.7 Watter karaktereienskap van Sanna kom na vore in reël 15-17? (1)

2.8 Verklaar waarom Inge en Sanna se vriendskap konflik tussen Ma Sara en Sanna veroorsaak. Noem ’n voorval van uiterlike konflik tussen Ma Sara en Sanna. (2)

**TEKS B**

“Ja, ek het besluit ek gaan vir Pappa vra om my na ’n tehuis vir gestremdes in die Kaap te neem. Ek het aanvaar dat Henk nie deel van my lewe gaan wees nie. Jy gaan ook weg, so hier is niks wat my op Draairivier hou nie.”

Ek leun vorentoe en gee haar ’n stywe druk. “Dit maak my weggaan soveel makliker. Ek het juis gekom om jou te groet.”

Sy glimlag dapper. “Ek wil ook die plaas gaan groet, sommer nou. As jy eers weg is, gaan niemand bereid wees om my uit die kamer te stoot nie.”

“Waarheen wil jy gaan?”

“Daar na die hoë walle toe. Vandag wil ek net naby die berg wees waar ek die Oranjerivier kan hoor en die veld kan ruik. Net ’n slag buite, <u>waar ek kan asemhaal</u>.”

“Ma kry die aapstuipe as sy ons sien,” gooi ek wal. “Jy weet sy waarsku ons gereeld om nie daarheen te gaan nie. En ná die reën weet

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

mens nie hoe los die grond is nie."

"As jou ma nie weet nie, is daar mos nie 'n probleem nie."

Daarteen kan ek nie stry nie. "Nou goed, ek vat solank die stoel en kom jou haal."

Ek draf uit tot in die gang. Dis doodstil. Ons sal moet gou maak, voor Mevrou terugkom van die skool af.

Ons maak eers 'n draai by die eende. Inge is regtig in 'n goeie bui, want sy trek sommer los met: "Hoe ry die boere sit-sit so, sit-sit so, hoera!"

2.9 Gee 'n ander rede, afgesien van dit wat in TEKS B genoem is, waarom Inge na 'n tehuis vir gestremdes wil gaan. (1)

2.10 Waarom dink jy het Henk nie sy beloftes aan Inge nagekom nie? (1)

2.11 Na watter deurlopende motief word in TEKS B verwys? Wat is die funksie van hierdie deurlopende motief? (2)

2.12 Is die onderstreepte woorde in reël 13 denotatief of konnotatief? Motiveer jou antwoord. (1)

2.13 Waarom moet die Jansens die plaas verlaat? Dink jy dat Hendrik regverdig behandel is deur mevrou Rita? Motiveer jou antwoord. Hoe kontrasteer Sanna en Inge se gemoedstoestand oor die weggaan van Draairivier af? (3)

2.14 Verduidelik waarom beide Inge en Sanna se lewe onderskeidelik as gevolg van hul besoek aan die donga onherroeplik verander. (2)

2.15 Lug jou mening oor die onregverdigheid van mevrou Rita se houding en handeling teenoor Inge in die gebeure wat na TEKS B volg. (2)

**(25 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

## 4. Memorandum en nasienriglyne

### Hoofstuk 1

1. Eerstepersoonsverteller/ek-verteller. √ (1) [1]
2. Sy was vir vyftien jaar in die tronk en is skaam daaroor. / Sy dink almal kan sien sy was in die tronk. √ (1) [3]
3. Dis nat en miserabel/mistroostig. Sy voel ook miserabel omdat sy hartseer is dat niemand haar ná haar vrylating verwelkom nie. √ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sanna het nog nie vrede gemaak met die feit dat sy onskuldig tronk toe is nie. / Sy kan nie mevrou Rita vergewe vir die onreg wat sy haar aangedoen het nie. √ (1) [4]
5. Die meeste mense sien nie uit na werk nie en sal eerder heeldag niks wil doen nie, maar die gevangenes is opgewonde omdat dit hulle ’n geleentheid gee om buite die tronk te wees. √ (1) [3]
6. Pyne is mededeelsaam/vrygewig. √ (1) [3]

7.1 Agnes. √ (1) [1]

7.2 Hulle was baie goeie vriende. / Agnes het aan Sanna se onskuld geglo en haar bemoedig. √
Agnes het Pyne oorreed om in te stem dat Sanna saam met haar familie kuier as hulle haar besoek. / Agnes het vir Sanna klere gegee om aan te trek toe sy ontslaan word. / Agnes se ma het vir haar geld gegee vir ’n treinkaartjie. √√ (enige 2) (3) [3]

8. Kakamas. √ Haar ouers is oorlede en sy het geen kontak met haar broer nie. / Sy het geen geliefdes wat weet dat sy vrygelaat is wat haar per motor kan kom haal nie. √ (2) [2]
9. Daar het ’n ysige wind by die venster ingewaai; sy het niks gehad om haar mee warm te hou nie (en sy het baie siek geword). (1) [3]
10. “geklik van staal op staal” (1) [2]
11. Die vet vrou wat langs haar gesit het. √
Sy is ’n goeie mens wat haar naaste in tye van nood sal help. / Sy is medemensliewend/goedhartig. √ (2) [1, 3]
12. Sy dink terug aan die verlede en die onreg wat haar aangedoen is. / Die feit dat sy vyftien jaar onskuldig in die tronk gesit het, is vir haar traumaties. √
Die vet vrou het vir Sanna geklap. √

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit is ’n goeie manier om iemand wat histeries is tot bedaring te bring.

OF

Nee, sy kon vir haar op ’n beskaafde wyse gevra het wat fout is en rustig met haar gesels het. √ (3) [3,1,4]

13. Sanna dink met heimwee terug aan Inge, maar sy ervaar onaangename herinneringe wanneer sy dink aan die rede vir haar tronkstraf / die omstandighede wat haar lewe onherroeplik verander het. √ (1) [3]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 2**

1. Sy kook seep. √ Sy doen huiswerk in die Groothuis. / Sy werk vir mevrou Rita. / Sy maak huis skoon, was en stryk en bad namiddae vir Inge. √ (2) [1]
2. “Groothuis” word as eienaam gebruik. Dit is die arbeiders se manier om na die hoofopstal van Draairivier te verwys. √ (1) [3]
3. Dit beteken dat Ma baie hout gebruik het. √ (1) [2]
4. Sy is verlief op Johannes. √ “dan raak my hakskene pienk” √ Sy staar droomverlore en kyk of sy nie vir Johannes raaksien nie. √ (3) [2]
5. Bultfontein. √ Die Roodts woon daar. / Die Neelsens (antie Poppie, oom Jonny en Johannes). √ (2) [2]
6. Dit word tussen aanhalingstekens geskryf omdat die plaas nie aan Sanna se mense behoort nie. / Sanna is so lief vir die plaas dat sy daarna as “ons” plaas verwys, maar die plaas behoort aan die Van Zyls. √ (1) [3]
7. Dit is ’n baie gevaarlike plek. / Ma is bang dat Sanna dalk by die hoë walle na haar dood kan val. √ (1) [2]
8. Dit is Bertus en Rita van Zyl se kinders. √ (1) [1]
9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die perd is dalk wild en het iemand afgegooi, daarom is almal bang om op die perd te ry. √ (1) [4]
10. Vergelyking. √ (1) [2]
11. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Sanna dink gedurig aan haar ouma en kan die woorde onthou wat sy gesê het. / Sanna dink aan haar ouma se wyse woorde wanneer sy sekere besluite moet neem. √ (1) [4]

12. Sy het te lank op die koppie vertoef, daarom was haar pa en broer reeds veld toe. √ Sy moet wag totdat hulle die skape na die dam toe bring om te kom water drink. √ (2) [3]

13. Johannes. √ Sy kry skaam en loop haastig weg. √
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is verlief op Johannes, maar probeer maak asof dit nie so is nie. / Sy is vies vir Gert en probeer haar verleentheid wegsteek. √ (3) [2, 5]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 3**

1. Sy kry baie koud en het nie warm klere aan nie. √ Sy hou nie van die geskommel van die trein nie. √ (2) [2]

2. Sanna is hartseer omdat sy onseker voel oor die toekoms. √ Sy voel eensaam omdat daar geen familie of vriende is wat haar op die stasie kan verwelkom nie. √ (2) [3]

3. Innerlike konflik. √ Die retoriese vraag betrek die leser sodat hulle kan nadink oor hoe gevangenes moet voel as hulle vrygelaat word en daar niemand is wat bly is om hulle te sien nie. √ (2) [2, 3]

4. "Toe ek tronk toe is, het almal nog pennies en sjielings gebruik." √ (1) [2]

5. Sanna is beleefd, √ terwyl die vrou uiters ongeskik is. √ (2) [3]

6. Sanna moet op die oop vragmotor se bak tussen die koring- en mieliesakke sit, daarom kry sy baie koud en is vol stof. √
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy moet eintlik bly wees dat sy 'n saamrygeleentheid gekry het sonder om daarvoor te betaal. / Dit is nie sy skuld dat sy nie warm genoeg aangetrek is nie, sy moet bly wees dat hy haar gratis laat saamry het. √ (2) [3, 4]

7. Sy is hartseer oor haar ouers se dood, want sy dink dat hulle dood is vanweë die skok van haar tronkstraf. (1) [3]

8. Eufemisme. √ (1) [3]

9. Hulle was in 'n mynongeluk. / Die mynskag het op hulle ingetuimel. √
Hulle is beseer en het in die hospitaal beland. (Gert het 'n dronklap geword en Johannes is mank.) √ (2) [2]

10. Sy is bang hy wil dalk niks met haar te doen hê nie omdat sy in die tronk was. / Sy is bang hy verwerp haar omdat dit ’n skande is as iemand tronk toe gaan. √
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, baie mense is bevooroordeel en veroordeel mense wat in die tronk was.

OF

Nee, waar bloed nie kan loop nie, daar kruip dit. Haar oom sal nie sy eie bloedverwant verwerp nie, want hy weet dat sy nêrens het om heen te gaan nie. √ (2) [3, 4]

11. Die klere is oud, lelik en boonop vuil, want dit is die klere waarmee sy tronk toe is. √ (1) [3]

12. Sy moet tot Vrydag wag om ’n saamrygeleentheid na Kliprant te kry. √ Sy is siek en benodig mediese behandeling. √ (2) [2]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 4**

1. Die meisie het blonde hare (twee goue vlegsels) en is baie mooi. √ Dit lyk asof sy baie hartseer is. √ (2) [2]

2. Dit beklemtoon die gevaar van die donga. √ Dit beklemtoon dat Sanna in die verleentheid is, want sy is bang Johannes vind uit dat sy op hom verlief is. √ (2) [3]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, dit dui daarop dat die verhaal in die era van apartheid afspeel. / Dit beklemtoon dat daar onderskeid tussen wit en bruin mense is.

OF

Nee, daar is geen sprake van rassisme in die verhaal nie, inteendeel daar is ’n besondere vriendskap tussen Inge en Sanna alhoewel hulle van verskillende rasse is.

(1) [4]

4. Sanna is fluks/pligsgetrou/hardwerkend. / Sy is besorg (oor Ma se siekte). Sy is nuuskierig. √√ (enige 2) (2) [3]

5. Ma Sara is vies oor Sanna se nuuskierigheid √ en sê dat die Van Zyls se doen en late niks met haar te doen het nie. √ (2) [2]

6. Hulle draai dit in ’n nat lap toe en sit dit onder die bed. √ (1) [2]

7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hulle hou nie van haar nie. / Hulle wil haar teenwoordigheid geheim hou. √ (1) [4]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is baie onverantwoordelik, want die kers kon omval en die huis laat afbrand het. √ (1) [5]

9. Dit is kerkbasaar en Ma gaan by die basaar help. √ Sanna het nie ’n ander motor gehoor of gesien in die grootpad wat voor hulle huis verbyloop nie, dus behoort die meisie nog in die huis te wees. √ (2) [2, 3]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 5**

1. Haar keel is baie seer. √ Haar kop draai en sy is duiselig. √ (2) [2]

2. Daar word geïmpliseer dat Sanna so siek is dat sy sal doodgaan en dan sal niemand weet wie sy is nie. √ (1) [3]

3. Mietjie is al ’n geruime tyd oorlede. √ (1) [3]

4. Hulle was huisvriende / hulle het Sondae by die Swarts-gesin gekuier terwyl hulle gewag het dat die Van Zyls hulle kom oplaai. √ (1) [2]

5. Die pad na Kliprant is baie stil gedurende die week; dit is net Vrydae wat die boere katoenbale inbring. √ (1) [1]

6. “glimlag hy met ’n wye poort” (p. 40)

6.1 Metafoor. √ (1) [3]

6.2 Ja, dit beklemtoon die gaping tussen sy tande / dit dui daarop dat daar ’n gaping is, want sy voortande is uit. √ (1) [5]

7. Konnotatief. √ Sy val nie in ’n fisiese gat in nie, maar beklemtoon dat sy baie siek is en duiselig raak as gevolg van die koors. √ (2) [3]

8. Sy het gedink dat Sanna nog in die tronk is en het haar nie daar verwag nie. / Sy het dalk gedink dat Sanna die doodstraf gekry het. √ (1) [3]

9. Metafoor. √ Die duiseligheid wat Sanna weens die siekte ervaar, word gelykgestel aan donkerte wat haar toevou. √ (2) [3]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 6** (bladsy 44-55)

1. Sy wil haar nooi om saam met haar na die eendjies te gaan kyk. √ (1) [1]
2. Sy dink dit sal voorbarig wees. / Sanna is goed opgevoed en weet dat dit verkeerd is om sonder uitnodiging of toestemming in iemand se huis te gaan. √ (1) [2]
3. Dit beteken om iemand in die verleentheid te stel/skaam te laat voel. √ (1) [3]
4. Ma se klere word in die laaikas gebêre, √ Pa en Gert se klere los sy op hulle beddens √√ en haar klere kom in ’n sak onder haar bed. √
   Persoonlike opinie, bv.: Hangkaste is duur en hulle is te arm om dit te koop. / Hulle leef op die broodlyn en kan nie hangkaste bekostig nie. √ (5) [1, 4]
5. Sy sê dat sy te oud is vir sulke harde werk. √ Ma Sara sê dat antie Poppie te lui is om te werk. √ (2) [1]
6. Pannekoek, braaivleis, ’n sak met stukkies lap en wol. √√√ (enige 3) (3) [1]
7. Sy kan slopies maak van die lappies/laslappiewerk. √ (1) [1]
8. Ongeveer ’n jaar. √ Hulle het op Kliprant gebly. √ (2) [2]
9. Inge is verlam √ en kan nie self in en uit die bad klim nie. √ (2) [2]
10. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is verkeerd om iemand wat verlam is en nie die vryheid van beweging het nie, heeldag in die kamer te los. √ Die Van Zyls moet haar in haar rolstoel na buite stoot sodat sy die natuur kan geniet, want dit sal haar gemoedstemming verbeter. √ (2) [5]
11. Antie Mina het voorheen vir die Van Zyls gewerk. √ (1) [2]
12. Sy is senuweeagtig en skarrel rond op soek na die koffiesif. √ Hy het ’n rolletjie skoenriem kom haal. √ (2) [2]
13. Sy voel opgewonde omdat sy hom weer gesien het en dat hy haar met warmte in sy stem aangespreek het. √ Sy is teleurgesteld omdat haar ma sê dat hy weggaan. √ (2) [1, 3]

**(25 punte)**

**Hoofstuk 7**

1. Sy was so siek dat Martha nie haar koors kon afbring nie, daarom het sy haar hospitaal toe gevat. Daar is bevind dat sy dubbele longontsteking het. √ Anna. √ (2) [2]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is die twee mense wat vir haar baie belangrik is en na wie sy verlang. √ Johannes is die persoon op wie sy verlief was voor haar tronkstraf, terwyl Agnes die laaste jaar in die tronk haar selmaat en vriendin was en haar ondersteun het. √ (2) [4]

3. Hy wou seker maak dat sy nie uit die tronk ontsnap het nie. √ (1) [3]

4. Sy weet dat daar net op Vrydae saamrygeleentheid na Kliprant is en weet dat sy nou langer sal moet wag. √ (1) [3]

5. Sanna is nie lus vir Martha se geselskap nie, want sy wil alleen wees. √ (1) [2]

6.

6.1 Vergelyking. √ (1) [3]

6.2 Metafoor. √ (1) [3]

7. Jy kan aflei dat sy innerlike konflik ervaar. / Dit beklemtoon dat sy baie onseker voel oor die toekoms en nie die onreg wat haar aangedoen is, kan vergeet nie. / Sy is nog nie gereed om te vergewe en met haar lewe aan te gaan nie. √

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, die suster ken haar van geen kant nie, sy sê dit dit net om haar te kalmeer. / Die suster weet niks van haar nie, baie misdadigers kom onskadelik voor, maar is tot gruweldade in staat. √ (2) [3, 4]

**(11 punte)**

**Hoofstuk 8**

1. Hy wil by die myn (in Okiep) gaan werk. √ Sy het gedink dat sy en Johannes ’n toekoms saam het, maar nou gaan hy weg. √ (2) [1, 3]

2. Sy wil by antie Poppie uitvind of sy nie iets van Inge af weet nie. √ (1) [3]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy is ’n ongenaakbare mens wat vir Inge soos ’n gevangene in haar kamer hou. Sy gee net voor dat sy goeie dade doen om mense te beïndruk. / Ja, sy het beweer dat sy vir Inge tuis sal onderrig, maar het dit net gesê om mense te beïndruk; sy is dus gewoond daaraan om voor te gee. √ (1) [5]

4. Ma Sara is op daardie stadium besig om ’n deegmengsel aan te maak. √ Mevrou Rita en die tweeling sit onder ’n koelteboom en tee drink. √ (2) [2]

5. Sy is nie gewoond daaraan om gaste te ontvang nie. √ Sy is nie geïnteresseerd in geselskap nie, want dit lyk asof sy vir Sanna ignoreer. √ (2) [3]

6. Ma Sara kom in die kamer in en jaag vir Sanna weg. √ (1) [1]
7. Hy bring vir hulle afval. √ (1) [1]
8. Daar heers ’n gemoedelik atmosfeer, want Sanna lag vir Gert se onhandigheid. √ Almal lyk gelukkig, maar Ma lyk moeg en dit lyk asof sy pyn het. √ (2) [3]
9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek stem saam met Sanna, want dit is onregverdig dat ’n tiener in ’n huis opgesluit word omdat sy nie kan loop nie. √ Dit maak nie saak watter ras ’n persoon is nie, jy kan steeds probeer om ’n ander persoon se lewe te verbeter sodat sy menswaardig kan voel. √ (Enige ander aanvaarbare motivering.) (2) [5]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 9**

1. Op ’n Sondag. √ Sy is nog te swak en moet eers herstel en haar kragte opbou voordat sy kan reis. √ Daar is eers op ’n Vrydag ’n saamrygeleentheid wanneer die boere die katoenbale inbring dorp toe. √ (3) [1,3]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Suster Anna het aangebied dat sy daar moet bly. / Dalk is Martha se huis nie groot genoeg nie. / Martha se man wil dalk nie vir Sanna daar hê nie. √ (enige aanvaarbare opinie) (1) [4]
3. Die klere van Mietjie wat Martha vir Sanna gebring het. √ (1) [1]
4. ’n Deurlopende motief. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die verlede is vir haar te pynlik en sy wil graag aangaan met haar lewe. √ (2) [2, 5]
5. Hospitaal O.F. Kulsen. √ (1) [1]
6. Vergifnis. √ (1) [3]
7. Die uitsteltegniek. √ Dit bou spanning op en skep afwagting by die leser. √ (2) [3]
8. Suster Anna werk nagskof en Martha het aangebied om ’n ogie op Sanna te hou. √ (1) [2]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 10**

1. Sanna het ’n obsessie oor Inge en wil alles van haar weet. √ (1) [3]
2. Tuisgemaakte salf van knoffel, wat in skaapvet gebraai is, met bietjie rooilaventel daarby. √ (1) [1]

3. Hulle eet onder die bloekomboom by die dam. √ Hulle eet afval en asbrood. √ (2) [1]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Die verhaal speel af in die apartheidsjare en in daardie tyd het wit en bruin mense na aparte kerke gegaan. √ (1) [4]
5. Martha dink dat Inge oorlede is. √ (1) [2]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Elsie dink dat sy beter is as Sanna. / Sy kyk neer op Sanna. √

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, haar ma het haar gewaarsku om nie verder oor Inge navraag te doen nie.

   OF

   Ja, sy is net besorg oor Inge en probeer inligting kry om Inge se lewe te verbeter. √ (2) [4]
7. Sinekdogee. √

   Die tweeling hou nie van Inge nie en wil nie oor haar praat nie. / Hulle is geskok omdat Sanna hulle uitvra oor Inge, want hulle wil Inge se omstandighede geheim hou. √

   (2) [3]

**(10 punte)**

**Hoofstuk 11**

1. Sanna het langer as ’n maand by suster Anna gebly. √ (1) [1]
2. Bennie / Suster Anna se seun. √ (1) [1]
3. Daar is die afgelope vyftien jaar nuwe huise gebou en sy wil seker maak dat sy die regte huis vind. √ (1) [3]
4. Sanna het die afgelope paar jaar geen kontak met haar naasbestaandes gehad nie en weet nie waar haar broer is nie. √ Konstabel Koper. √ (2) [3, 2]
5. Antie Totie √ en Rosie. √ (2) [2]
6. Antie Totie het gedink dat dit Sara, Sanna se ma, is, alhoewel sy lankal dood is. / Sy het gedink sy sien ’n spook: Sara Jansen. √ Die ou vrou is effens mal/abnormaal. √ (2) [3]
7. “Dink sy en Martha maer is besig om uit die mode te gaan?” √ (1) [3]
8. Goeie nuus: Sy hoor dat Gert nog lewe. / Sy hoor dat Johannes nou in Kliprant bly. √

Slegte nuus: Sy hoor dat Gert die huis verkoop het. / Gert het ’n drankprobleem en het Kaap toe geryloop. / Sy weet nie of Gert in die Kaap uitgekom het nie. √ (2) [2]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is uiters gemeen, Sanna het alreeds soveel gely, dit is nie nodig om haar verder te straf nie. √

OF

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is waarskynlik ’n baie erge misdaad soos moord of poging tot moord. √ (2) [4]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 12**

1. Sanna weet haar ma keur nie ’n vriendskap met Inge goed nie. / Haar ma wil nie hê dat sy haar met Inge moet bemoei nie. √ Sy wil vir haar die laslappiewerk gaan wys. √ (2) [2]
2. Sy weet as haar ma die lappies sien sal sy weet sy was by Inge. / As haar ma of mevrou Rita haar in Inge se kamer betrap sal sy in groot moeilikheid wees. √ Sara / Sanna se ma. √ (2) [3, 2]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dat Inge so honger is vir geselskap van haar eie ouderdom dat sy enige iets sal doen om dit te behou. / Ek dink sy vind die situasie amusant en hou daarvan om saam te speel. / Sy weet dat Sanna in die moeilikheid sal wees en wil haar beskerm omdat sy van haar hou. √ (1) [4]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Sanna gee skaars vir Inge kans om iets te sê en is besig om vir Inge te verduidelik van die lappies. √ (1) [4]
5. Sanna wil ’n welsynswerker word √ en Inge wou ’n lugwaardin word. √ Dis onmoontlik dat iemand in ’n rolstoel kan omsien na passasiers op ’n vliegtuig, want sy sal sukkel op die vliegtuig se trappe en moeilik in die gangetjie kan beweeg. √

   (3) [2, 3]
6. Dit beteken dat Sanna die hele tyd moet praat, veral oor Inge se belangstellings, om die gesprek aan die gang te hou. (Die uitrdruking “hou (1) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

die pot aan die kook" beteken om "sake in die huishouding aan die gang te hou". In hierdie geval word dit op 'n unieke manier gebruik.)

**(10 punte)**

**Hoofstuk 13**

1. Hulle kyk heeltyd of hulle iets kan sien wat toon dat sy in die tronk was. / Misdadigers word soms gekenmerk deur tatoeëermerke of littekens weens 'n bakleiery in die tronk. (1) [3]
2. Ongeveer twaalf jaar oud. √ Lappies is stil en teruggetrokke, terwyl Rosie aanmekaar praat en snedige aanmerkings maak. √ (2) [1, 3]
3. Sy beweer dat hy 'n obsessie oor die skilpad (Wouks) gehad het. √ Hy was in "sy eie wêreld" (p. 95). / Hy was 'n dromer / het voortdurend aan Sanna gedink en nie aandag aan Rosie gegee nie. √ (2) [1]
4. Sy was ontsteld toe sy hoor dat Lappies Johannes se kind is en dat hy moontlik van haar vergeet het. √ (1) [3]
5. Hulle dink dat sy dalk tering/tuberkulose/TB het. √ (1) [2]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 14**

1. Sy loop met 'n stapel gestrykte klere die trappe op. √ (1) [1]
2. Sy sê dat Inge dit op die basaar moet verkoop. √ Sy is verlam en die kans dat 'n man met 'n verlamde vrou sal trou is skraal. √ (2) [2, 3]
3. "Niemand kom in my kamer nie, net jou ma." √
   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit is wreed om 'n verlamde persoon, wat in dieselfde huis as jy bly, so sleg te behandel. Inge kan dalk in die nag siek word of van die bed afval en niemand sal dit eers weet nie, want Sara is nie saans by haar nie. √ (2) [3, 4]
4. Ja, sy het reeds twee eenderse slopies aanmekaar gewerk. / Sy vra of Sanna vir haar groen en wit lappies kan bring, want sy wil nog slopies maak. √ (1) [2]
5. Sanna is kwaad oor die manier wat die Van Zyls Inge behandel en omdat Ma nie wil hê dat sy by Inge kuier nie. / Sy is kwaad vir die Van Zyls omdat hulle Inge ignoreer en sy is vies vir Ma Sara omdat sy weier dat sy en Inge kan vriende wees. √

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, al is ’n mens baie ontsteld is jy steeds veronderstel om jou ouers met respek te behandel. √ (2) [3, 4]

6. Innerlike konflik. √ (1) [3]
7. Hulle gee vir die skape klipsweet en warm water in. √ (1) [2]
8. Hulle verkoop die wol van die skape √ en die ouer skape word as slaggoed verkoop aan die slagpale/abattoir. √ (2) [1]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 15**

1. Sy sê dat oom Dries getroud is met ’n vrou wat baie jonger as hy is. √ (1) [1]
2. Dit is ’n vaalgeel steenhuisie √ met ’n netjiese tuin √ en daar is ’n kraal met bokke ’n ent vêrder. √ (3) [1]
3. Die meeste inwoners is boorlinge (hulle is daar gebore en het daar grootgeword) van daardie omgewing en het dieselfde tipe voorkoms, terwyl Lalie van die Kaap af kom en steil swart hare het. √ (1) [3]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Lalie vertrou nie vreemdelinge nie en sy het nog nooit vir Sanna ontmoet nie. / Lalie weet dat Sanna in die tronk was en kan moontlik dink dat sy ontsnap het. / Sy wil eers oom Dries se toestemming kry voordat sy vir Sanna laat inkom. √ (1) [4]
5. Sy het in ’n fabriek in die Kaap gewerk waar oom Dries katoenbale vir meneer Kowie afgelaai het. √ Sy werk in die poskantoor. √ (2) [2]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 16**

1. Sy is op pad na antie Poppie toe. / Na die plaas, Bultfontein. √ Sy wil meer te wete kom van Inge en hoop antie Poppie sal haar iets kan vertel omdat hulle al lank in die omgewing woon. √ (2) [2, 3]
2. Sy is vies vir hom omdat hy weggaan. / Sy voel seergemaak omdat hy nie vir haar vertel het hy gaan weg nie. √ (1) [3]
3. Die verkoeler van die Neelsens is van die uitgeholde stam van ’n kokerboom gemaak. √ Magou/gemmerbier/vleis of smeervet. √√ (enige 2) (3) [1]
4. Sy is by die hoenderhokke, besig om die hoenders kos te gee. √ (1) [1]

5. Sy voel opgewonde, want Johannes het gevra dat sy die swart-en-wit hennetjie moet kry. / Dit laat haar geliefd voel omdat Johannes spesiaal die hen vir haar uitgesoek het, wat daarop dui dat hy vir haar omgee. √ (1) [3]
6. Vyf. √ Meneer Bertus het gesê Inge is die dogter van ’n ou vriend van hom wat sterwend is aan kanker. √ (2) [2]
7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mevrou Rita het uitgevind dat haar man ontrou was en dat Inge eintlik sy eie dogter by ’n ander vrou is. √ Mevrou Rita het die tweeling verbied om naby Inge te kom. / Inge is sleg behandel omdat mevrou Rita vir meneer Bertus wou straf vir sy misstap. √ (2) [4]
8. Mevrou Rita is ’n wrede vrou, want Inge was ’n onskuldige agtjarige kind wat nie verantwoordelik gehou kon word vir iets waaraan Bertus van Zyl skuldig is nie. Sy kon eerder van meneer Bertus geskei het as om ’n onskuldige kind te straf. √√
   (Ken twee punte toe vir ’n goed gemotiveerde antwoord.) (2) [5]
9. Mevrou Rita het gesê dat ’n operasie te veel geld sal kos. √ (1) [4]
10. Sy het gesê dat sy vir Inge tuisonderrig sal gee, maar dit het nooit gebeur nie. √ (1) [2]
11. Twee kuikens (’n hen en ’n haan) √ en ’n pampoen. (2) [1]

**(18 punte)**

**Hoofstuk 17**

1. Die begraafplaas waar haar ouers begrawe is, √ en sy wil na antie Poppie toe gaan om haar te gaan groet. √ Sy is teleurgesteld in hom omdat hy haar nie in die tronk besoek het nie. / Sy voel seergemaak omdat hy haar so gou vergeet het en ’n kind by Rosie het. √ (3) [2]
2. Haar ma se oorkrabbels, trouringe en armbande (juwele) √ en briewe wat Johannes vir haar geskryf het toe hy destyds in die myn op Okiep gewerk het. √ (2) [1]
3. Die konstabel het vir hulle gesê dat sy na ’n tronk in die Kaap oorgeplaas is. √ Antie Poppie het gedink dat sy die doodstraf gekry het en dat haar liggaam verbrand is. √ (2) [2]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Johannes het gedink dat sy dood is. √ Dit is onbillik om te verwag dat Johannes vir vyftien jaar moet wag as hy nie weet waar sy is nie; hy moes voortgaan met sy lewe. √ (2) [4]
5. Hy kon dit nie verwerk dat Sanna in die tronk is nie. √ Sy ma en pa se dood kort na mekaar was vir hom te erg. √ (2) [2]
6. Mavis is antie Poppie se jongste suster. √ (1) [2]
7. Sy sê vir Lalie dat sy lekker geëet het. / Sy bewonder Lalie se lekker kos. √ (1) [2]

**(13 punte)**

**Hoofstuk 18**

1. Sy het ’n vrolike geaardheid. √ Sy hou daarvan om gedurig haar voorkoms/ haarkleur te verander. √ (kleurryk/flambojant/wispelturig) (2) [2]
2. Hulle wil Kersinkopies gaan doen. / Ma wil dokter toe gaan. √ (1) [1]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy is bang dat Sanna weer na Inge se kamer sal gaan en dat mevrou Rita haar sal afdank as sy vir Sanna in die huis betrap. / Sy wil hê dat Sanna vergeet van Inge. √ (1) [4]
4. ’n Klein skilpadjie. √ Sy noem hom Wouksie. √ (2) [2]
5. Sy is onafhanklik/eiewillig/hardkoppig. √ (1) [3]
6. Hy wil ’n hok vir die kuikens maak. √ (1) [1]
7. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy dink dalk dit lyk lelik. / Sy wil graag op haar beste vir Johannes lyk. √ (1) [4]
8. Sy is kwaad vir hom omdat hy weggaan en haar nie daarvan vertel het nie. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy is niks aan haar verskuldig nie, want hulle is nie in ’n verhouding betrokke nie. √ (2) [3]
9. Hy sê dat sy hom behoorlik moet bedank en gee haar ’n soen. / Hy vra haar om sy meisie te wees. √ (1) [4]
10. Vergelyking. √ Jy kan aflei dat Johannes aantreklik is. / Jy kan aflei dat Sanna onseker voel oor hulle verhouding. / Sanna het ’n swak selfbeeld. √ (2) [3]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 19**

1. Sy is bang dat daar ’n klad op die kind se naam sal wees omdat sy in die tronk was. √

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy was onskuldig in die tronk, daarom hoef sy glad nie sleg te voel nie. / Sy is ’n goeie mens en sy moet die verlede agter haar sit en fokus op die toekoms. / Enige vrou verdien dit om haar eie kinders te hê en sy sal ’n goeie ma wees, want sy het goeie waardes. √ (2) [1, 5]

2. Sy meisie, Trisa, het gesê dat dit Maans se kind is. / Hy het eers kort voor Trisa se dood gehoor dat dit sy kind is. √ (1) [2]
3. Hy kom melk die bokke. √ (1) [2]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hy is beseer in die mynongeluk en het sy been seergemaak. √ (1) [4]
5. Sy is oorstelp van vreugde en baie aangedaan. √ Ja, hy druk haar styf teen hom vas. / Hy huil van vreugde. √ (2) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 20**

1. Sy gaan seep kook. √ (1) [1]
2. Inge het in ’n ander kamer gebly. Nols het daardie Desember daarop aangedring om in Inge se kamer, wat bo die waskamer is, te bly, en hulle het kamers geruil. √ (1) [3]
3. Sy sê daar moet nuwe matte en gordyne vir Inge se kamer gekoop word. √ Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, bruin is ’n oninteressante kleur en is meer geskik vir ’n seun se kamer; pienk of blou is sagter kleure waarvan meisies hou. √ (2) [1, 4]
4. Die halwe waatlemoen word in ’n bord omgekeer en onder Ma se bed gebêre. √ Hulle het nie ’n yskas nie en onder die bed is die koelste plek in die huis. / Warm lug styg op, daarom is dit koeler op die grond onder die bed. √ (2) [2]
5. Ma en antie Poppie se kleredrag is bruin, teenoor Mavis se oranje gewaad (pers hare en rinkelende armbande). √ Flambojant, eksentriek/kleurryk. √ (2) [3]
6. Sy koop vir Inge ’n blou piesangvormige kammetjie. √ (1) [1]
7. Rumatiek. √ (1) [1]
8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy wil graag mooi lyk op Kersdag. / Sy wil vir Johannes of Inge met haar voorkoms beïndruk. √ (1) [4]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

9. Sy gee voor dat sy saam met Gert gaan swem, maar gebruik die agterdeur se sleutel van die Groothuis om die deur oop te sluit en na Inge se kamer te gaan.

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Sanna het 'n goeie hart en sy doen die regte ding om Inge se Kersfees lekker te maak en nie net aan haar eie genot te dink nie.

   OF

   Nee, dit was verkeerd van haar om daaroor te jok en vir Johannes af te skeep. Kersdag is 'n dag wat jy saam met jou familie moet deurbring. √

   (2) [3, 4]

10. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Inge voel sleg omdat sy nie vir Sanna iets kan gee as Kersgeskenk nie. / Inge is so oorweldig deur Sanna se goeie daad en kan nie glo dat 'n vreemdeling vir haar so goed is nie. √ (1) [4]
11. Sy dink dat Inge histeries is en probeer haar tot bedaring bring; net so het die vet vrou op die trein vir Sanna tot bedaring gebring deur haar te klap. √ (1) [3]
12. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sanna is waaghalsig, want sy kon geval het toe sy vir Inge by die trappe afgedra het en albei kon baie seergekry het. / Inge was vir jare nie buite die huis nie en sy kon siek geword het of die son kon haar ligte vel gebrand het. √ (1) [5]
13. Sy huil van vreugde, want sy was langer as vier jaar gelede buite die huis om die natuur te geniet. √ (1) [3]
14. Sy dink dat Inge gevoel in haar bene het. √ Dit impliseer dat Inge moontlik weer sal kan loop. √ (2) [3]

**(19 punte)**

**Hoofstuk 21**

1. Sanna het geglo dat Johannes van haar vergeet het, maar sy blydskap om haar te sien, toon dat sy verkeerd was. √ Sy wroeg met die feit dat sy onskuldig in die tronk was. / Sy sukkel om vir mevrou Rita te vergewe vir die onreg wat sy haar aangedoen het. / Sy voel dat almal wat haar sien haar veroordeel omdat sy in die tronk was. √ (2) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy was vir vyftien jaar in die tronk, maar dit het haar nie ondergekry nie. √

OF

Nee, Sanna is baie onseker van haarself en dit voel vir haar asof die ander mense van haar skinder. As sy werklik so 'n sterk vrou was, sou dit haar nie gepla het nie, want sy weet mos dat sy onskuldig was. √ (1) [5]

3. Poliena/Antie Poppie se doopnaam. √ (1) [2]

4. Sy wil alleen wees en op haar eie manier van hulle afskeid neem, want sy was in die tronk en kon nie hul begrafnisse bygewoon het nie. √
Hy het grafstene op hulle grafte opgerig. √ (2) [3, 2]

5. Dit is nie 'n gewone skilpad nie, maar 'n bergskilpad. / Dit is vyftien jaar later en 'n bergskilpad word baie groot. √ (1) [2]

6. Albei was gevangenes. √ (1) [3]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 22**

1. Sy dink dat sy maar net onthou hoe dit voel. √ (1) [2]

2. Daar is 'n vrolike/vreedsame stemming. √
Die stemming word versteur toe Ma by die dam opdaag. √ (2) [3, 2]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy het vir haar gejok en die hele Kersdag saam met Inge deurgebring. √ Inge kon iets oorgekom het en dan sou Sanna die verantwoordelikheid daarvoor moes vat. √

OF

Nee, sy is onregverdig. Sanna het eerlike intensies gehad om iets goeds te doen vir iemand wat alleen op Kersdag is. √ Sanna het niemand enige skade aangedoen nie, inteendeel sy het Inge se lewe verbeter. / Weens haar optrede het Inge beter geëet en geslaap. √ (2) [4]

4. "Maar ek het net gevoel ek wil iets beteken vir iemand wat op Kersdag stoksielalleen is." (p. 155)

4.1 Sy is onbaatsugtig. / Sy is goedhartig/medemensliewend. Sy stel ander se belange bo haar eie. √ (1) [3]

4.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, ek wil ook ander wat deur hul eie mense verwerp word help om 'n gelukkige lewe te lei.

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

OF

Nee, ek is 'n verantwoordelike persoon wat nie kanse waag nie en sal eerder gehoorsaam wees en nie teen my ma se wil iets onverantwoordeliks doen nie. √ (1) [5]

5. Dit veroorsaak dat haar ouers kwaad is vir haar. / Haar ma verbied haar om na die Groothuis te gaan. / Sanna en Johannes het 'n groot rusie omdat Johannes voel sy het hom afgeskeep en haar bemoei met ander se sake wat niks met haar te doen het nie. √√ (enige 2) (2) [3]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Sanna is sy meisie en hy sou graag Kersdag saam met haar wou spandeer. / Johannes het net enkele dae tyd om saam met Sanna deur te bring voordat hy myn toe gaan. √ (1) [3]
7. Sy is hardwerkend en doen alles wat sy kan om haar ma se guns te wen. √ (1) [2]
8. Inge nooi haar om te kom kuier en sy sien dat Inge se kamer se gordyne en bykomstighede nou pienk is. √

   Johannes kom kuier vir Sanna en sê dat hy met haar wil trou, daarom gaan hy die volgende dag myn toe. √ (2) [2]
9. Die lelike bruin gordyne en matte is weg en in die plek daarvan is 'n wit deken, pienk kussings √ en pienk en wit matte weerskante van die bed. √ (2) [2]
10. Ja, Inge is 'n totaal ander mens. Sy is opgeruimd, eet en slaap beter. √ (1) [3]
11. Sy vind uit dat meneer Bertus eintlik Inge se pa is. √ (1) [2]
12. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy wil nie Inge se geesdrif demp deur haar te bemoei met haar persoonlike probleme nie. √ (1) [4]
13. Hulle is na 'n Nuwejaarsdans toe. √ (1) [3]
14. Die ellips toon Sanna se onuitgesproke emosies. / Die ellips beklemtoon Sanna se hartseer oor haar en Johannes se konflik. √ (1) [3]
15. Johannes gaan die volgende dag weg om werk te gaan soek by die myn. √ Hy sê dat hy vir hulle 'n huis sal bou terwyl sy besig is om te studeer. √ (2) [2]
16. Johannes was in 'n ongeluk by die myn en het daarna op Kliprant kom woon. √ Sanna was vir vyftien jaar in die tronk. √ (2) [3]

**(24 punte)**

**Hoofstuk 23**

1. Sy sal vir Gert gaan soek en hom terugbring na Kliprant. √ (1) [2]

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

2. Oom Jonny was antie Poppie se man. / Dit was Johannes se pa. √ (1) [2]

3. Hy wil vir Wouks terugneem na Draairivier √ en vir Gert in die Kaap gaan soek en terugbring na Kliprant. √ (2) [2]

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, as sy teruggaan na die plek waar sy haar grootste hartseer beleef het, kan sy dalk berusting kry en aangaan met haar lewe.

   OF

   Nee, as sy teruggaan na Draairivier kan dit ou wonde oopkrap en kan sy dalk emosioneel ineenstort. √ (1) [4]

5. Johannes kry ’n toelae by die staat weens sy besering in die myn. √ Hy werk twee dae van die week in meneer Kowie se tuin √ en twee dae in die kerk se tuin. √ (Daar word nêrens vermeld dat hy ’n inkomste verdien uit die melk van om Dries se bokke nie.) (3) [2]

6. ’n Mens kan aflei dat Lalie en oom Dries baie moeite gedoen het om die plek netjies te laat lyk √ om Sanna welkom te laat voel. √ (2) [3]

7. Hy was ontrou aan haar omdat hy met Rosie ’n verhouding aangeknoop het. / Die kind wat hy by Rosie het, kan ook verskille veroorsaak. / Sanna voel onseker oor die toekoms en weet nog nie wat sy in die toekoms wil bereik nie. √√ (enige 2) (2) [2]

**(12 punte)**

**Hoofstuk 24**

1. Sanna voel onseker oor haar verhouding met Johannes √ en dink dat hy haar gaan vergeet en los vir ’n ander meisie. √ (2) [3]

2. By antie Poppie. √ Inge het gesê dat die water lekker is toe sy op Kersdag by die dam met haar bene in die water gesit het. √ Ma dink dit is onwaar en dat antie Poppie haar kop vol nonsens geprop het. √ (3) [2]

3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit was Sanna wat na Inge uitgereik het en obsessief oor haar geword het, Inge het net reageer op wat Sanna begeer het. √ (1) [5]

4. Sanna is goedhartig/medemensliewend, √ want sy stel haar medemens se belange bo haar eie. √ (p. 171) Die karakteriseringstegniek wat gebruik word, is dialoog (dit wat Ma van Sanna sê).

OF

Sanna is veroordelend/sarkasties √ omdat sy die tweeling wat soos grootmense sit en tee drink as Middeleeuse dames beskou. √ Die karakteriseringstegniek wat gebruik word, is dit wat die verteller aan die leser meedeel deur middel van die eerstepersoonsverteller se gedagtegang. √ (3) [3]

5. "Jana en Elsie sit saam met hulle ma en drink tee <u>soos Middeleeuse dames</u>." (p. 172)

5.1 Vergelyking. √ (1) [2]

5.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, in die Middeleeue het die meisies vroeg getrou en het hulle al op daardie ouderdom opgetree soos volwasse vrouens. / Die tweeling is nog nie eers vyftien nie, maar hulle geniet nie die lewe nie, want hulle speel nooit nie en moet soos hul ma sit en tee drink. √ (1) [4]

6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy dink dalk dat Sanna iets gesteel het, want sy is nie veronderstel om in die huis te wees nie. √
Stukkies lap/materiaal. √ (2) [4, 2]

7. Sy het besef dat Sanna en Inge bevriend is en sy haat Inge. √ Ma tree vir Sanna in die bres. / Ma beveel vir Sanna om na Inge te gaan en probeer vir mevrou Rita oortuig dat Sanna se vriendskap met Inge 'n goeie idee is. √ (2) [3]

8. Persoonlike opinie, byvoorbeeld:Mevrou Rita beskou vir Sanna as minderwaardig en daarom dink sy dalk dat haar vriendskap met Inge ook minderwaardig is. √ (1) [4]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 25**

1. Sy voel selfbewus/skaam omdat dit vir haar voel asof die res van die gemeenskap haar veroordeel oor haar tronkstraf. √ (1) [3]

2. Sy maak die huis skoon en vryf die stoeppaadjie blink √ en was die skottelgoed en pak dit weg. √ (2) [2]

3. Hy vra sy bakkie om na Draairivier te ry √ en om in die Kaap na Gert te gaan soek. √ Hy vra om Sanna se hand, want hy wil met haar trou en oom Dries is haar naaste ouer bloedverwant wat toestemming kan gee vir 'n troue. √ (3) [1]

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 

4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy het meer as vyftien jaar gelede al gesê hy wil met haar trou. √ Sy het haar hele lewe lank begeer om met hom te trou en kan nie nou ongelukkig wees daaroor nie, boonop raak hulle ook nie jonger nie en kan nie tyd verspil nie. √

OF

Ja, hy het kort na haar tronkstraf 'n verhouding met Rosie gehad en het 'n kind by haar. √ Hy is te haastig en moet eers vir Sanna 'n kans gee om haar voete te vind.

(2) [4]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 26**

1. Sy is in matriek. / Destyds standerd 10, vandag word dit graad 12 genoem. √ (1) [1]
2. Ma is vreesloos/uitdagend/nie bang om haar sê te sê nie. √ (1) [3]
3. Sy sê dat sy en Inge sal gaan swem, maar Inge is verlam in haar onderlyf en kan nie swem nie. √ (1) [3]

4.1 Sy doen saam met Sanna huiswerk. √ (1) [3]

4.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy gaan nie skool nie en haar prestasie kan dus nie gemeet word om 'n sertifikaat te ontvang nie. √ (1) [4]

5. Hulle verskil vier dae. √ Hulle het 3 Januarie vyftien geword. √ (2) [1]
6. Hulle doen saam breiwerk of naaldwerk / hulle voer die eende / kuier in die vyeboord / spoel die waterbakke in die kraal skoon. √√ (enige 2) (2) [1]
7. Ongeveer vyftien jaar oud. √ (Sy was veertien toe sy van die perd afgeval het en 'n jaar daarna het sy eers gehoor dat hy haar pa is.) (1) [3]
8. Sanna speel netbal en moet soms ná oefening in die dorp oorslaap. √ Sanna moet soms saans vir die konsert oefen of 'n funksie bywoon, dan slaap sy ook in die dorp. √ (2) [2]
9. Dit is baie gevaarlik daar en sy is bang hulle val daar af en kry seer. √ (1) [3]
10. Juffrou Klaaste. √

Sy moedig vir Sanna aan om verder te studeer. / Sy gee haar raad oor die taak vir meneer Julie. √ (2) [1, 3]

11.1 Sy sê Sanna moet oor iets praat waarby almal kan baat vind, soos die waarde van 'n biblioteek. √ (1) [2]

11.2 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, in 1956 was biblioteke die hoofbron van inligting. Die internet het nog nie bestaan nie; daarom is dit 'n goeie idee vir enige iemand wat navorsing wil doen of as mens daarvan hou om te lees. √ (1) [4]

**(17 punte)**

**Hoofstuk 27**

1. Johannes is kwaad vir Sanna omdat sy nie saam met hom wil uitgaan nie, want sy is selfbewus oor wat die mense van haar sal sê weens die feit dat sy in die tronk was. √ (1) [2]

2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die mens is geneig om mense wat in die tronk was te veroordeel sonder dat hulle die omstandighede ken. √

OF

Nee, dit hang van elke persoon wat in die tronk was af of sy aan die mense wil bewys dat hulle opinie oor haar verkeerd is en dat sy verander het. √ (1) [4]

3.1 Sy is kwaad omdat hy met Rosie wou trou. / Hy het na haar mening gou van haar vergeet en vir Rosie vuurwarm gevry. √ Hy het 'n kind by Rosie en sy dink hy moes eerder met haar getrou het. √ (2) [2]

3.2 Sy is onvergewensgesind/veroordelend. √ (1) [3]

4. Dit beteken dat sy van die verlede moet vergeet en 'n normale lewe moet geniet. √ (1) [3]

5. Johannes vertel vir Sanna dat Gert by Mavis was en dat hy weet dat sy in Kliprant is. √ (1) [3]

**(7 punte)**

**Hoofstuk 28**

1. Hulle bewerk 'n samma en maak konfyt daarvan. √ (1) [2]

2. Dit klink asof die voertuig uitmekaar wil val. / Daar trek bolle rook aan die agterkant van die voertuig uit. √ (enige 1) (1) [3]

3. Die geverfde bussie dui op ’n kreatiewe persoon/’n kunstenaar/’n skilder of iemand met ’n eksentrieke persoonlikheid. √ Die man het ’n jas aan wat besmeer is met verskillende kleure verf. √ (2) [3]

4. Henk de Waal. √ Die verhaal speel af in die apartheidsjare en dit was daardie tyd vreemd dat daar ’n goeie vriendskap tussen ’n bruin en wit meisie was. √ (2) [1, 3]

5.1 Sy raak smoorverlief op hom en bewonder sy voorkoms. / Sy bloos en sukkel om te praat. √ Ja, die gevoel is wedersyds. √ (2) [3]

5.2 “Die jongman . . . kan sy oë nie van haar afhou nie.” / “sy blou oë skitter” √ (1) [2]

6. Hy was op pad na Kliprant. √ (1) [3]

7. Dit impliseer dat hy baie van Inge hou en ’n toekoms saam met haar sien. √ (1) [1]

8. Sy voel teleurgesteld omdat sy dink dat hy meer van hulle sal hou as van haar. √

   Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Hulle toegeneentheid tot ’n heelwat ouer man is onvanpas, want hulle is ’n skrale vyftien jaar oud. / Hulle is nie op vyftien opgewasse teen ’n ouer man nie en is nog op skool. √ (2) [5]

9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Sy wil Henk graag beïndruk en hou nie daarvan dat hy kan sien sy is afhanklik van iemand anders nie. √ (1) [3]

10. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Elsie is vals en hou ’n front voor om vir Henk te beïndruk. √ (1) [5]

11. Sy is moeg en verduur baie pyn, daarom is sy kortaf al was dit nie haar intensie nie. √ (1) [3]

**(16 punte)**

**Hoofstuk 29**

1. Antie Poppie. √ (1) [1]

2.1 Hy kon nooit van Sanna vergeet nie, want haar lewende hart het na hom geroep. √ (1) [2]

2.2 Hy kon nie vir Rosie ’n standvastige gesinslewe gebied het nie, maar Rosie het hom as ’n dromer beskou wat ’n obsessie met die skilpad gehad het. √ (1) [3]

3. Haar broer, Gert, daag by oom Dries se huis op. √ (1) [2]
4. Gert se voorkoms toon dat hy baie beproewinge gehad het. / Dit toon dat Gert swaargekry het. √ (1) [3]
5. Hy het vier dae geryloop na Kliprant. √ Hy het water by vulstasies gekry √ en kos by mense wat vir hom ’n saamrygeleentheid gegee het. √ (3) [1]

**(8 punte)**

**Hoofstuk 30**

1. Henk het hulle daardie Sondag geskilder en hulle sou daarna saam met hom piekniek gehou het. √ Sy dink dit is verkeerd om die twee jong meisies alleen by ’n volwasse man te los. √ (2) [3]
2. Sy weet dat Inge verlief is op Henk en wil haar graag gelukkig sien. √ Inge spandeer al haar tyd saam met Henk en skeep Sanna af. √ (2) [3]
3. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Mietjie is “pieperig” (p. 209) en nie ’n lekker speelmaat nie. / Sanna sal eerder by Inge wil wees. √ (1) [4]
4. Dit voel vir haar asof Inge nie meer haar maat wil wees nie. √ Sy verlang na Johannes. √ (2) [2]
5. Johannes het haar nie vergeet nie, want daar is twee briewe van hom by antie Poppie. / Johannes het nou ’n permanente adres waarheen sy vir hom kan briewe stuur. √ Sy is baie bly en kan nie wag om dit vir haar ma te vertel nie. √ (2) [3]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 31**

1. Sanna het, soos Gert, net die klere aan haar lyf gehad toe sy by Suurvlakte aangekom het. / Net soos Martha bly was om haar te sien en na haar omgesien het, so is oom Dries-hulle ook bly om hom te sien en gee dadelik vir hom iets te ete. √ (1) [3]
2. Hulle het van haar geskinder. / Almal wil weet wat regtig daardie dag op Draairivier gebeur het. √ (1) [3]
3. Hulle was nie by die hofsaak nie. / Hulle het nie met haar gepraat voor sy tronk toe is nie. √

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, sy kan sodoende haar innerlike konflik ontlont. / As sy praat dan weet almal wat gebeur het en dat sy onskuldig in die tronk was. / Sy sal berusting kry en kan aangaan met haar lewe as sy daaroor praat. √ (2) [2, 4]

4. Sy is bang dat hulle nie glo dat sy onskuldig is nie. √ (1) [3]

**(5 punte)**

**Hoofstuk 32**

1. Ma Sara weet dat Inge eensaam gaan wees as Henk weg is. / Sy is bang dat Henk Inge se hart gaan breek en dat sy iemand nodig sal hê om haar te vertroos. √ (1) [3]
2. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, Inge was nog nooit rassisties nie en het vir Sanna as haar vriendin beskou sonder om na haar kleur te kyk. √ (1) [5]
3. Metafoor. √ Inge se verliefdheid word as ’n rooskleurige wolk beskou. / Inge se verliefdheid word gelykgestel aan ’n plek waar alles mooi lyk en alles goed gaan. √ (2) [3]
4. Hy het gesê hy gaan Inge kom haal. √ Hy sal haar na die beste spesialis in die Kaap vat. √ Hulle gaan trou en in die Jakarandastad (Pretoria) bly. √ (3) [1]
5. Sy dink dat sy bussie weer gebreek het en dat hy êrens gestrand is en haar nie kan kontak nie. √ (1) [1]
6. Die wind waai sterker, swaar reënwolke vorm, dit begin hard reën en dan begin dit hael. √√ Die progressie dra tot verhoogde spanning by en skep afwagting. / Dit dra daartoe by om die krisis in die roman te beklemtoon. √ (3) [3]
7. Ses en dertig skape word deur die hael doodgeslaan. √ Hendrik word van nalatigheid beskuldig en afgedank. √ Konflik tussen die mens en die natuur. √ (3) [3]
8. Hulle het in ’n uitgeholde miershoop geskuil. √ (1) [1]
9. Persoonlik opinie, byvoorbeeld: Sy is uiters onregverdig. Hendrik kan nie kwalik geneem word vir die haelstorm nie, want hy kan nie die wind en weer reguleer nie. Dit was ’n natuurramp en niemand se skuld nie. √√ (2) [5]
10. Sy het die plaas by haar ouers geërf en omdat dit haar grond is, kan sy almal, selfs haar man, manipuleer. √ (1) [3]

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

11. Sanna sal matriek moet skryf in moeilike omstandighede, want hulle sal moet trek. √ Sy sal van Inge moet afskeid neem, want hulle sal mekaar nie weer sien as hulle moet trek nie. √ (2) [3]

**(20 punte)**

**Hoofstuk 33**

1. Sy het bloeddruk-probleme. √ (1) [1]
2. Sanna slaap in die voorhuis √ en Gert slaap in die sinkkamertjie. √ (2) [1]
3. Sy sê dat sy kom kyk het of Sanna nie terug is tronk toe nie. √ Sy verwys smalend na Sanna se tronkstraf en haar verhouding met Johannes. √ (2) [2]
4. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, Rosie het vir moeilikheid gesoek en Sanna het nog elke keer stilgebly as sy haar verneder het. Dit was hoogtyd dat sy Rosie op haar plek sit. √ (1) [4]
5. Sanna wil nie hê dat Rosie moet dink Johannes het haar misbruik nie. √ Sy weet dat Johannes vanweë die kind (Lappies) altyd met Rosie kontak sal moet maak en wil dit nie vir hom moeiliker maak nie. √ (2) [3]
6. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot Sanna se tronkstraf. √ (1) [3]

**(9 punte)**

**Hoofstuk 34**

1. In hoofstuk 33 vra oom Dries vir haar om haar storie te vertel. Hoofstuk 34 speel vyftien jaar tevore af en verduidelik waarom Sanna tronk toe is. √ (1) [3]
2. Die matrikulante het afgekry om tuis vir die eksamen te leer. √ (1) [1]
3. Sy weet dat alles weer soos tevore sal wees: sy sal weer soos ’n kluisenaar in haar kamer bly en niemand sal haar ooit weer buite rondstoot soos Sanna nie. / Sy besef dat Henk nie gaan terugkom om haar te kom haal nie. / Daar is vir haar geen hoop op ’n beter lewe saam met Henk of enige ander man nie. √√ (enige 2) (2) [3]
4. Sy wil na die hoë walle van die donga gaan waar sy die rivier kan hoor en die veld kan ruik. √ Ma Sara wil nie hê sy moet daarheen gaan nie omdat dit so gevaarlik is. √ Dit het onlangs gereën, wat veroorsaak dat die grond los is en maklik kan meegee. √ (3) [1, 4]

5. ’n Vrolike stemming. √ Sanna is hartseer omdat hulle die plaas moet verlaat en is bang dat Inge van haar sal vergeet. √ (2) [3]
6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Dit sou baie geld gekos het om Inge in ’n tehuis te versorg en sy wil dit nie betaal nie. / Sy haat Inge omdat sy haar man se buite-egtelike kind is. √ (1) [5]
7. Die donga is afgesonder en niemand anders kon sien wat daar gebeur het nie. / In daardie jare het die polisie maklik ’n wit vrou se woord bo dié van ’n bruin persoon gevat. / Die gereg sou eerder die eienaar se storie glo as dié van ’n bruin tienermeisie. √ (2) [3]
8. “haar pragtige blou oë is vir altyd toe” √ (1) [3]
9. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, hy kon mos sien dat Inge en Sanna alles saam doen en dat Sanna nooit vir Inge skade sal aandoen nie. / Hy was bewus daarvan dat sy vrou Inge haat en kon mos dink dat Rita eerder die een sal wees wat Inge vermoor het. √ (1) [5]

**(14 punte)**

**Hoofstuk 35**

1. Hulle is op pad na Draairivier, √ want hulle wil die skilpad vrylaat op die plek waar Johannes hom jare tevore gekry het. √ (2) [2]
2. Antie Poppie is oud en sal nie deur die draad kan klim nie. √ Johannes wil graag alleen tyd saam met Sanna spandeer. / Die vrylating van die skilpad is ’n emosionele gebeurtenis vir Sanna en Johannes. √ (2) [2, 3]
3. Wouks is vir altyd vry in die natuur, √ maar Sanna sal altyd ’n gevangene bly van haar emosies wanneer sy terugdink aan die vyftien jaar wat sy onskuldig in die tronk was. √ (2) [3]
4. Sy voel vir die eerste keer werklik vry en sien kans vir die lewe. √ Sy weet Johannes is die enigste man vir haar en sonder hom sal haar lewe geen betekenis hê nie. √ (2) [3]
5. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is ondenkbaar om iemand wat jou hele lewe vernietig het, sommer net te vergewe.

   OF

   Ja, om normaal aan te gaan met jou lewe is dit belangrik om die verlede agter te laat en te fokus op die toekoms. (1) [4]

6. Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ja, die slot hou verband met die titel en voltooi die siklus in Sanna se lewe. √ (1) [5]

**(10 punte)**

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

**Nasienriglyn: konsepvraestel**

Hierdie vraag word aan die hand van die RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG VIR DIE ROMAN EN DRAMA nagesien.

**LET WEL:**

- Dit is ’n breë raamwerk van feite.
- Al die feite word nie genoem nie.

**Vraag 1**

Die kandidaat skryf ’n gepaste inleiding.

- **Inge het op vyfjarige ouderdom by die Van Zyls gaan bly, maar Bertus van Zyl het vir sy vrou gejok – dit het gelei tot konflik toe Inge agt was.** Inge is Bertus van Zyl se buite-egtelike dogter en nie die kind van ’n vriend wat sterwend is aan kanker soos hy beweer het nie. Toe Rita daarvan uitvind het sy en haar man ’n woordewisseling gehad. Daarna het sy die tweeling, Elsie en Jana, weggehou van Inge en Inge het "’n stil, sluipende wesentjie geword" (p. 112).
- **Konflik ontstaan toe mevrou Rita hoor hoe Inge (toe veertien) vir Bertus vra wie haar ouers is.** Rita het vir Inge gesê dat sy vir "niks goed is nie, nes haar drankverslaafde ma." Inge het haar "’n rooihaar heks" genoem en Rita het haar geklap. Inge het na buite gehardloop en op die wit perd gespring en weggejaag. Die perd het haar afgegooi. "*Mina sê hulle het op die stoep gestaan en gesien hoe Inge deur die lug trek*." (al drie aanhalings p. 113)
- **Na die ongeluk was Inge verlam en was sy beperk tot haar kamer.** Die dokter het gesê dat ’n operasie dalk sal help dat sy weer kan loop. Rita het geweier om vir Inge se operasie te betaal en het gesê dat sy self vir Inge sal onderrig. Dit is egter nie waar nie, want Inge het nooit verdere onderrig ontvang nie. "*Mevrou Rita het net gesê daar is nie geld vir ’n operasie nie.*" (p. 113)
- **Rita het eers vir Mina en later vir Sara aangestel om Inge te versorg.** Mina Swarts was aanvanklik verantwoordelik vir Inge se versorging. Later het Sara haar werk oorgeneem. Sara bad Inge elke middag, trek haar aan, bring vir haar kos en water kamer toe en sorg dat haar kamer aan die kant bly. "*Dis vyfuur Inge se badtyd. Eers moet ek sorg dat sy eet.*" (p. 51)

- **Niemand kom in Inge se kamer nie behalwe Sara.** Inge het byna ’n jaar na die ongeluk uitgevind dat Bertus haar pa is. Nie een van die Van Zyls kom ooit in Inge se kamer nie. Sy vra maar vir Sanna as sy iets nodig het en hou haar bedags besig met lees, breiwerk of blokkiesraaisels invul. “*Niemand kom in my kamer nie, net jou ma*.” (p. 98)
- **Sanna merk eendag vir Inge in die kamervenster van die Groothuis op en wil alles van haar weet, maar Sara is onwillig om vir haar inligting te gee.** Sanna het ’n obsessie om alles oor Inge uit te vind, maar haar ma is vaag. Sy probeer eers vir Martha, Mina se dogter, uitvra, maar sy het gedink dat Inge dood is. Antie Poppie vertel vir haar die waarheid oor Inge. “*Tog nie al weer daai storie nie! Los dit, dis niks met jou te doen nie*.” (p. 49)
- **Sanna stel self ondersoek in deur Inge in die geheim te besoek.** Sanna weet haar besoek aan Inge dra nie haar ma se goedkeuring weg nie, daarom probeer sy dit skelmpies doen. Eenkeer betrap Sara haar in Inge se kamer en jaag haar huis toe. Tydens ’n volgende besoek wys sy vir Inge hoe om laslappiewerk te doen en kruip weg toe sy voetstappe op die trappe hoor. Inge vind in Sanna ’n vriendin van haar eie ouderdom en geniet haar geselskap. “*As sy diékant van die bed omkom, is dit klaarpraat* . . .” (p. 91)
- **Sanna neem op Kersdag vir Inge uit die huis.** Vir die eerste keer in byna vier jaar word Inge se kluisenaarskap tydelik opgehef toe Sanna haar uit die huis vat en haar met die rolstoel tot by die dam met die eende stoot. Hulle sit met hulle voete in die water en Inge sê dat die water lekker voel. Sanna vermoed dat Inge gevoel in haar bene het en dalk weer sal kan loop, maar Inge dink dat sy net onthou hoe dit gevoel het. “*Trane stroom geluidloos oor haar wange*.” (p. 145) / “*Miskien onthou ek maar net hoe dit voel*.” (p. 152)
- **Sanna het ’n positiewe invloed op Inge.** Alhoewel Sara kwaad is omdat Sanna vir Inge op Kersdag uit die huis geneem het, sien sy ’n positiewe verandering in Inge se gemoedstoestand. Sy is vroliker en eet en slaap goed. “*Ek weet nie wat jy op Kersdag vir Inge gevoer het nie, maar sy is van toe af ’n heel ander mens*.” (p. 159)
- **Op Nuwejaarsdag nooi Inge vir Sanna na die huis om te kom kuier.** Op Nuwejaarsdag gaan die Van Zyls na ’n Nuwejaarsdans en Inge en Sanna bring weer tyd saam deur en sit in die vyeboord en kuier. Daar is nuwe pienk en wit beddegoed, gordyne en matte in Inge se kamer. “*Onthou om môre weer lappies te bring*.” / “*En dankie dat jy gekom het*.” (p. 162)

- **Toe Rita vir Sanna in die huis betrap en sy uitvind dat Sanna vir Inge gaan kuier, is sy baie kwaad, maar Sara tree vir haar in die bres.** Rita van Zyl haat Inge, daarom gun sy haar geen vriende of vryheid nie. Ma Sara beredder die konflik en staan op vir Sanna en Inge, al moet sy daaroor jok. "*Ek het net vir Inge vertel dat Sanna naaldwerk doen. Toe vra sy dat Sanna vir haar kom wys en ook van die lappies bring*." (p. 174)
- **Inge se kluisenaarskap word heeltemal opgehef toe sy en Sanna vrylik buite mag beweeg.** Sanna neem Inge op verskeie uitstappies in die natuur. Hulle voer die eende, kuier in die vyeboord, doen saam naaldwerk en huiswerk. "*Aan Inge is daar geen keer meer nie. Mevrou moes die laaste tyd net kyk hoe ons twee in en uit by die huis.*" (p. 179)
- **Inge ontmoet die skilder, Henk de Waal, en raak smoorverlief op hom.** Toe Henk op die plaas opdaag en Inge hom sien, raak sy halsoorkop verlief. Henk voel skynbaar dieselfde as Inge en hulle bring die meeste van die tyd in mekaar se geselskap deur. Hy belowe dat hy haar op die plaas gaan kom haal en na die beste spesialis sal vat sodat sy geopereer kan word, dan sal hy met haar trou. "*My hart gaan staan amper. Inge sit in Henk se arms in 'n omhelsing*." (p. 210)
- **Inge is hartseer toe sy besef Henk het vir haar gejok en ook omdat Sanna weggaan.** Inge berus in die feit dat Henk haar nie gaan kom haal nie. Sy weet dat sy weer soos 'n kluisenaar sal leef as Sanna weggaan, daarom vra sy haar pa om haar na 'n tehuis vir gestremdes in die Kaap te stuur. "*Ek het aanvaar dat Henk nie deel van my lewe gaan wees nie.*" (p. 233)
- **Inge vra vir Sanna om haar na die hoë walle te neem om die plaas te gaan groet.** Sanna het haar bedenkinge oor die besoek aan die donga, maar stem tog in om Inge daarheen te vat. Mevrou Rita daag onverwags op en stoot vir Inge oor die afgrond. " *'Jy wil mos vry wees!' skree sy soos 'n mal ding. 'Nou kan jy vry wees.'* " (p. 235)

**Die kandidaat skryf 'n gepaste slot.**

**(25 punte)**

**Vraag 2**

2.1 Die gebeure speel af buite Sanna-hulle se huis op Draairivier. √ Johannes het vir Sanna in die veld gekry waar sy vuurmaakhout bymekaargemaak het en hy het vir haar 'n klein skilpadjie gegee. √ (2)

2.2 Johannes het vir die kuikens 'n hok gemaak. √ Hy het grafstene op haar ouers se grafte opgerig. √ (2)

2.3 Dit dui op 'n onvoltooide spreekbeurt. / Johannes het haar gesoen voordat sy haar sin kon voltooi. √ (1)

2.4 Johannes soen Sanna en vra haar om sy meisie te word. √ (1)

2.5 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, sy is eintlik verheug, want sy is al lankal verlief op Johannes en het gedink hy sien haar nie raak nie. √
Sy is kwaad omdat hy wil myn toe gaan en haar nie daarvan vertel het nie. / Sy is kwaad omdat hy myn toe gaan, want sy dink dat sy niks vir hom beteken nie. √ (2)

2.6 Vergelyking. √ Die beeldspraak is funksioneel, want wanneer jy verlief is, voel dit asof jy in 'n droomwêreld leef. / Die feit dat Johannes haar gesoen het en gevra het om sy meisie te word, voel vir haar onwerklik, soos 'n droom, daarom is die vergelyking funksioneel. √ (2)

2.7 Sanna is selfbewus (nie skaam nie) / sy is iemand met sterk morele waardes. (1)

2.8 Ma was bang dat sy haar werk sal verloor weens Sanna se obsessie oor Inge omdat die Van Zyls nie van inmenging/moeilikheidmakers hou nie. / Ma was bang dat mevrou Rita sal kwaad wees as Inge en Sanna vriende word omdat almal Inge vermy. / Ma wil nie hê dat Inge 'n houvas op Sanna kry nie en wil haar beskerm teen seerkry. √

Enige een van die volgende: Ma betrap vir Sanna in Inge se kamer en stuur haar huis toe. / Sanna is arrogant met haar ma nadat sy doelbewus haar ma se wens om nie by Inge te kuier nie, verontagsaam het. / Sanna neem op Kersdag vir Inge uit die huis en hulle hou piekniek by die dam. √ (2)

2.9 Inge is baie ongelukkig op Draairivier, want al die Van Zyls vermy haar en sy moet heeldag in haar kamer bly. / Mevrou Rita haat Inge omdat sy die buite-egtelike kind van haar man, Bertus, is. √ (1)

2.10 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink Henk het nie kans gesien om met 'n verlamde vrou te trou nie. / Henk is 'n sukkelende skilder en sal dit nie kan bekostig om vir Inge se operasie te betaal nie. / Hy het Inge net gebruik en het dalk klaar 'n ander meisie. √ (1)

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers

2.11 Die donga. √
Die verwysings na die donga skep spanning of afwagting. / Die donga dui op gevaar en is ’n voorafskaduwing van Inge se noodlottige einde. √ (2)

2.12 Konnotatief, dit verwys nie letterlik na asemhaal nie, want elke mens moet asemhaal, maar dit beklemtoon Inge se smagting na vryheid. / Dit dui daarop dat Inge wil ontspan en wil vergeet van mevrou Rita se haat. √ (1)

2.13 Mevrou Rita het Sanna se pa van nalatigheid beskuldig en afgedank omdat die hael ses en dertig skape doodgeslaan het. √
Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Nee, dit is baie onregverdig, want Hendrik het nog altyd mooi na die skape gekyk. Hy versorg die skape asof dit sy eie is en weet as daar iets fout is, soos die een aand wat die skape opgeblaas was en hy hulle klipsweet ingegee het. / Hendrik is onverhoeds betrap deur die storm. Hy kan nie die weersomstandighede reguleer nie en kon nie die skape betyds in die kraal kry nie. / Al was die skape in die kraal, kon die hael hulle steeds doodgeslaan het. √
Sanna is hartseer, want sy was lief vir die plaas en is bang dat Inge van haar sal vergeet. Inge is bly, want sy haat dit in die Groothuis op Draairivier en wil graag weggaan (niemand kom ooit in haar kamer nie en sy is op ’n vroeë ouderdom verwerp deur haar stiefma en haar kinders.) √
(Albei kante vir een punt.) (3)

2.14 Inge is dood nadat mevrou Rita haar by die hoë walle afgestamp het. √
Sanna is van moord beskuldig en is tronk toe vir vyftien jaar. √ (2)

2.15 Persoonlike opinie, byvoorbeeld: Ek dink dit is onregverdig van mevrou Rita om Inge so sleg te behandel en haar in haar kamer opgesluit te hou. √ Dit is byna ondenkbaar dat ’n stiefma ’n kind so kan haat en haar vermoor, want Inge was bereid om na ’n tehuis te gaan en dan sou sy ontslae wees van haar. √

**OF**

Dit is onregverdig van mevrou Rita om Inge te haat vir Bertus van Zyl se oortredinge. √ Ek dink sy het vir Inge gebruik om vir Bertus te straf vir sy buite-egtelike verhouding, en terselfdertyd het sy ’n onskuldige kind se lewe hel gemaak. √ (2)

**(25 punte)**

## 6. Glossarium van literêre begrippe

**Afloop** – dit dui op die einde van die verhaal waar alle konflik ontlont is en antwoorde op die leser se vrae gekry word.
*Voorbeeld*: Sanna en Johannes se besoek aan Draairivier aan die einde van die verhaal laat haar vry voel en sy stem in om met Johannes te trou.

**Antagonis** – die teenstellende karakter wat die protagonis opponeer. Die antagonis veroorsaak worsteling by die hoofkarakter.
*Voorbeeld*: In *Draairivier* is Rita van Zyl die antagonis. Sanna kan nie verstaan waarom mevrou Rita vir Inge soos ’n kluisenaar in haar kamer hou nie. Rita van Zyl se optrede het gelei tot Sanna se tronkstraf en dit is vir Sanna moeilik om haar te vergewe.

**Atmosfeer/stemming en toon** – dit kan beskryf word as ’n gevoel wat gewoonlik deur beskrywing of handeling opgeroep word.
*Voorbeeld*: Toe Sanna vir Inge Kersdag uit die huis neem, heers daar ’n vrolike stemming.

**Boodskap** – wanneer die hoofkarakter tot ’n nuwe insig kom, kan dit die leser aanspoor om dieselfde waarde na te streef.
*Voorbeeld*: Sanna besef dat sy van die verlede moet vergeet en moet fokus op ’n toekoms saam met Johannes.

**Denotasie** – verwys na die letterlike betekenis soos dit in ’n woordeboek voorkom. Dit wat jy fisies kan waarneem.
*Voorbeeld*: Sanna voer die eende by die dam.

**Dialoog** – ’n gesprek tussen twee of meer karakters. ’n Woordewisseling tussen karakters skep spanning en afwagting.
*Voorbeeld*: Die dialoog tussen mevrou Rita en Sanna toe sy haar in die huis betrap het, dra by tot die toename van spanning.

**Eerstepersoonsverteller** – hierdie tipe verteller is een van die karakters in die roman. Dit is die beste tipe verteller om geloofwaardigheid te verseker omdat die verteller sy emosies en gevoelens die beste kan beskryf.
*Voorbeeld*: Sanna Jansen, die hoofkarakter, is die verteller in *Draairivier*. Sy voel verlore omdat niemand haar op die stasie inwag en bly is om haar te sien nie. "Is ek dan 'n soort pes wat deur almal vermy moet word?" (p. 23)

**Emosies** – die innerlike belewenis of gevoel van byvoorbeeld vreugde, angs, woede, jaloesie, boosheid of verdriet wat spontaan te voorskyn kom of deur 'n bepaalde situasie opgewek word.
*Voorbeeld*: Sanna se verliefdheid op Johannes word weerspieël deur haar gedagtegang. "Is dit hoe verliefdheid voel? So 'n vreemde warmte gemeng met 'n lekker banggeit." (p. 129)

**Eksposisie** – in die eksposisie leer die leser die agtergrond, ruimte en die karakters ken.
*Voorbeeld*: Die verhaal begin eintlik met Sanna se lewe op Draairivier. In hoofstuk 2 word die belangrikste karakters aan die leser bekend.

**Ellips** – word ook die beletselteken of die stippels genoem. Dit vervul verskillende funksies. Dit kan aandui dat 'n karakter se spreekbeurt onvoltooid is omdat iemand hom/haar in die rede geval het. Dit vestig die aandag op 'n belangrike deel wat volg en verhoog die spanning. In sommige gevalle dui dit op 'n kort pouse of 'n versugting. 'n Deel wat weggelaat word, word deur die ellips aangedui en die leser kan self dink wat die karakter wou sê of dink.
*Voorbeeld*: "Miskien, as ek gelukkig is, loop Johannes-hulle se vee in die kamp hier agter die klipkoppie en kan ek hom weer sien . . ." (p. 16)

**Eufemisme** – 'n versagtende manier om iets te stel. In plaas deur te sê dat iemand dood is, word daar gesê dat hy die tydelike met die ewige verwissel het.
*Voorbeeld*: "haar pragtige blou oë is vir altyd toe." (p. 236)

**Fragmentaries** – die verloop van die gebeure in die roman volg nie chronologies op mekaar nie, want die hede en die verlede word afgewissel (elke tweede hoofstuk speel in 'n ander tydgleuf af).
*Voorbeeld*: In hoofstuk 1 word Sanna, in 1971, uit die tronk vrygelaat en is sy drie en dertig, maar hoofstuk 2 vertel die verhaal van Sanna as 'n sewentienjarige tiener op Draairivier.

**Geloofwaardigheid** – beteken dat iets of iemand betroubaar is. Is die roman so geskryf dat dit met feite ondersteun word sodat die karakters en gebeure geglo kan word, met ander woorde is hulle geloofwaardig?
*Voorbeeld*: Die skrywer, Engela Ovies, wat in die Boesmanland grootgeword het, ken die agtergrond van die Boesmanland en kan die ruimte en karakters betroubaar weergee in die verhaal.

**Hoofkarakter** – staan ook bekend as die protagonis omdat al die gebeure in die roman op haar fokus. Die meeste verteltyd word aan haar afgestaan.
*Voorbeeld*: Sanna Jansen is die hoofkarakter in *Draairivier*.

**Houding** – die houding van ’n karakter is die manier van optrede of die gedrag wat ’n karakter openbaar oor hoe sy oor ’n saak voel.
*Voorbeeld*: Mevrou Rita kyk aanvanklik belangstellend na Sanna se lappieswerk, maar sodra sy besef dat Sanna en Inge vriende is, verander haar houding en is sy vyandig.

**Innerlike konflik** –’n karakter ervaar intense emosies waarmee hy in sy gemoed worstel. Hy wroeg oor ’n saak wat hy nie kan verwerk nie.
*Voorbeeld*: Sanna voel selfbewus oor haar tronkstraf en dit voel vir haar of die gemeenskap oor haar skinder, daarom vermy sy sover moontlik ander mense in Kliprant.

**Intertekstualiteit** – ’n herhaling van woorde of ’n aanhaling uit ’n ander geskrewe teks soos die woorde van ’n lied, boek of gedig.
*Voorbeeld*: “. . . sy trek sommer los met ‘Hoe ry die boere sit-sit so, sit-sit so, hoera!’.” (p. 234)

**Intrige** – die verhaalplan/plan van die verloop van die verhaal (die “plot”). Gebeure word so ontplooi dat ’n spanningslyn opgebou word wat uiteindelik tot die klimaks van die roman ontwikkel.
*Voorbeeld:* Sien intrige in Afdeling A,

**Ironie** – die teenoorgestelde van wat gesê word, word bedoel. Die gebeure verloop anders as wat die leser verwag.

*Voorbeeld*: Sanna sê dat sy en Inge op haar verjaarsdag kan swem, maar Inge is verlam en kan nie eers loop nie, wat te sê nog swem. (p. 180)

**Karakteriseringstegniek** – die manier waarop die leser ’n karakter leer ken, byvoorbeeld deur dialoog, voorkoms, handeling, kleredrag of dit wat ander karakters oor haar sê.
*Voorbeeld*: Lalie is ’n deftige vrou met steil hare (voorkoms) en Sanna dink aanvanklik dat sy hoogmoedig is, maar sy doen alles in haar vermoë (handeling) om die sinkkamer vir Sanna in te rig om haar welkom te laat voel.

**Karaktereienskap** – is eie aan ’n karakter soos die leser die karakter leer ken deur sy handeling, dialoog of houding. ’n Karakter kan byvoorbeeld selfsugtig, jaloers of ongeskik wees.
*Voorbeeld*: Rosie is ongevoelig en maak bytende aanmerkings: “Het al skoon begin dink hulle het ’n fout gemaak met jou vrylating en jou toe kom terugvat!” (p. 229)

**Karakterontwikkeling** – die hoofkarakter verander deur die loop van die roman. Sy tree anders op as aan die begin en kom tot insig.
*Voorbeeld*: Sanna is baie onseker toe sy uit die tronk vrygelaat word en dit lyk asof sy twyfel oor haar verhouding met Johannes. Maar in die slot kom sy tot ’n ander insig. “. . . weet ek dat my lewe sonder hierdie man geen betekenis het nie.” (p. 240)

**Klanknabootsing** – nabootsing van klank wat deur ’n woord voorgestel word.
Voorbeeld: “Tjoef-tjaf, tjoef-tjaf klink my voetstappe op die nat gruis.” (p. 7)

**Klimaks** – die hoogtepunt van die struktuur van die roman.
*Voorbeeld*: Die klimaks in *Draairivier* speel af by die donga toe mevrou Rita vir Inge by die hoë walle afstamp en vir Sanna van moord beskuldig.

**Konflik** – kom voor wanneer twee kragte teenoor mekaar gestel word. ’n Woordwisseling tussen karakters staan bekend as uiterlike konflik. Innerlike konflik is wanneer die konflik in die gemoed van ’n karakter plaasvind. Dit gebeur wanneer spanning in die karakter geskep word deur die botsing van emosies, begeertes, behoeftes of vrese, en wanneer een gevoel of drang die oorhand oor ’n ander probeer kry.

*Voorbeeld*: Sanna is voortdurend met haar ma in konflik weens haar obsessie oor Inge. Haar vriendskap met Inge veroorsaak ook konflik met haar ma, Johannes en mevrou Rita. Die uiterlike konflik dra by tot haar innerlike konflik.

**Konnotasie** – die figuurlike betekenis van ’n woord of uitdrukking.
*Voorbeeld*: “Maar sodra ek my oë toemaak, voel dit ek val in ’n gat in.” (p. 41)

**Kontras** – ’n teenstelling waar mense/dinge/idees/situasies teenoor mekaar gestel of met mekaar vergelyk word.
*Voorbeeld*: Die pienk en wit kleurskema van Inge se kamer kontrasteer met die oorspronklike bruin gordyne en matte.

**Krisis** – deel van die struktuur van die roman waar die spanning hewiger raak. Die krisis is net voor die klimaks van die roman.
*Voorbeeld*: Die haelstorm (hoofstuk 32) het Bertus van Zyl se skaapboerdery baie skade berokken, boonop word Hendrik afgedank en moet hulle Draairivier verlaat.

**Metafoor** – twee sake, wat verband hou met mekaar, word gelykgestel.
*Voorbeeld*: Die petroljoggie glimlag “met ’n wye poort” (p. 40). Die gaping tussen sy tande word gelykgestel aan ’n poort.

**Milieu** – sluit tyd, ruimte en agtergrond in. Die roman is geskryf teen ’n sekere agtergrond en tydgleuwe waarbinne die karakters in die ruimte optree.
*Voorbeeld*: Die roman speel in twee tydgleuwe af, 1955-56 en 1971. Al die gebeure in 1955-56 speel af in Draairivier en omgewing, terwyl die gebeure in 1971 in verskillende ruimtes afspeel: Upington, Kakamas, Suurvlakte, Kliprant en Draairivier.

**Motief** – ’n karakter, insident, voorwerp of iets abstrak soos n ideeat voortdurend in die roman na vore kom. Ons praat gewoonlik van ’n herhalende of deurlopende motief. Die funksie van ’n motief is om die roman tot ’n eenheid saam te bind en belangrike gedagtes uit te hef.
*Voorbeeld*: Daar word gereeld in hierdie roman na lappies verwys.

**Motoriese moment** – daardie oomblik in die struktuur van die roman waar die handeling aan die gang gesit word.
*Voorbeeld*: Die motoriese moment in *Draairivier* is die eerste keer toe Sanna vir Inge raaksien. Daarna het Sanna ’n obsessie oor Inge en die omstandighede waarin sy haar bevind.

**Naamgewing** – sekere plekke in die roman het hul naam te danke aan die voorkoms van die omgewing.
*Voorbeeld*: Suurvlakte het sy naam gekry vanweë die suurgras wat in daardie omgewing groei. (p. 27)

**Newekarakter** – al die belangrike karakters wat die hoofkarakter, Sanna Jansen, se eienskappe na vore bring en tot haar karakterontwikkeling bydra.
*Voorbeeld*: Ma Sara, Inge en Johannes is van die newekarakters in die roman.

**Ontknoping/afloop/afwikkeling** – dit dui op die einde van die roman en is die laaste gedeelte van die roman.
*Voorbeeld*: Die gedeelte ná Sanna se tronkstraf vorm die afloop van die roman, alhoewel Johannes en Sanna se besoek aan Draairivier in hoofstuk 35 die hoofgebeure in die afloop is.

**Personifikasie** – menslike eienskappe word aan lewelose dinge gegee, byvoorbeeld die venster loer tussen die blare deur, die tyd stap aan, die wind huil om die hoeke.
*Voorbeeld*: “. . . dink ek voor die donkerte my weer toevou.” (p. 43)

**Progressie** – dit dui op vooruitgang of ontwikkeling wat opbou tot ’n hoogtepunt en word gebruik om die spanning te laat toeneem.
*Voorbeeld*: Die weerstoestande in hoofstuk 32 word al hoe meer intens en dra by tot die spanning wat opbou tot die uiteindelike krisis van die haelstorm.

**Protagonis** – die hoofkarakter wie se gevoelens en ervaringe gewoonlik sentraal gestel word en aan wie die meeste verteltyd afgestaan word.
*Voorbeeld*: Sanna Jansen.

**Randkarakters/figurante** – minder belangrike karakters wat geen noemenswaardige rol in die roman vertolk nie.

*Voorbeeld*: Die petroljoggie by Suurvlakte se vulstasie.

**Ronde karakter** – hoofkarakters word soms ronde karakters genoem omdat hulle karakterontwikkeling ondergaan.
*Voorbeeld*: Sanna is na haar vrylating baie onseker oor haarself en ’n toekoms saam met Johannes, maar aan die einde besef sy dat Johannes betekenis gee aan haar lewe en dat sy met hom wil trou.

**Ruimte** – dit is nie net die fisieke ruimte nie, maar ook die geestelike ruimte, wat die atmosfeer insluit, wat die karakters beïnvloed en veroorsaak dat hulle op die ruimte reageer.
*Voorbeeld*: Die tronkruimte word meestal deur Sanna se gedagtegang weergegee en beklemtoon haar negatiewe gemoedstoestand. Die ruimte van Draairivier het ’n positiewe uitwerking op Sanna, want sy is lief vir die plaas. “. . . kyk ek uit oor <u>ons</u> plaas” (p. 17)

**Sarkasme** – ’n manier van praat waar die persoon eintlik presies die teenoorgestelde bedoel van wat hy sê of iets op so manier sê om met iemand te spot of seer te maak.
*Voorbeeld*: Die manier waarop Rosie spottend verwys na Sanna en Johannes se verhouding en haar tronkstraf is sarkasties bedoel om Sanna seer te maak: “Die feit dat jy vir so ’n swaar saak weggebêre was, het toe nie eers die vlammetjie geblus nie.” (p. 229)

**Sinekdogee** – gedeeltelike aanduiding, net ’n deel word genoem terwyl die geheel eintlik bedoel word.
*Voorbeeld*: “Twee pare groen oë staar my aan.” (p. 83)

**Spanning** – ’n belangrike element in enige roman. Wanneer spanning geskep word, wonder die toeskouer wat volgende gaan gebeur.
*Voorbeeld*: Elke keer wanneer Sanna in die geheim by Inge gaan kuier, word spanning opgewek omdat sy dalk uitgevang en gestraf kan word.

**Stereotipering** – ’n gestandaardiseerde idee of siening van iemand of iets omdat hy/sy aan ’n sekere groep behoort.
*Voorbeeld*: Gert word gestereotipeer as ’n dronklap omdat hy elke dag dronk is en op die bottelstoor se stoep sit. (p. 119)

**Subintrige** – minder belangrike gebeure in die roman. Dit ondersteun gewoonlik die intrige in die roman.
*Voorbeeld*: Die verloop van Gert se lewe in die Kaap na sy ouers se dood.

**Suggestie/geïmpliseerde betekenis** – wanneer iets gesuggereer of geïmpliseer word, word dit nie direk gesê nie, maar moet die leser tussen die lyne lees wat die skrywer wil sê.
*Voorbeeld*: "Niemand kom in my kamer nie, net jou ma." (p. 98) Die leser kan aflei dat die Van Zyls vir Inge verwerp en hulle distansieer van haar.

**Taalgebruik** – word gebruik om die kenmerke van 'n sekere persoon of groep te beklemtoon of te karakteriseer.
*Voorbeeld*: Die bruin mense van Suurvlakte en Kliprant praat 'n redelike standaard-Afrikaans, terwyl die petroljoggie by die vulstasie se dialek tipiese Kaaps Afrikaans is.

**Tema** – die grondgedagte of kern van 'n roman. Die leser wil 'n tema hê waarvan die kern 'n aktuele lewensvraagstuk is en waaroor hulle kan nadink.
*Voorbeeld*: Ten spyte van onregverdigheid en moeilike omstandighede kan 'n mens steeds gelukkig wees. Die leser het empatie met Sanna wat moes boet vir mevrou Rita se misdaad, maar sy het ten spyte van haar hartseer tog geluk gevind.

**Titel** – die "naam" van die roman. Dit gee die leser 'n aanduiding waaroor die roman handel.
*Voorbeeld*: *Draairivier*

**Tritagonis** – die tritagonis staan tussen die strydende partye. Hierdie karakter kan verskeie rolle vervul, soos die oorsaak van die konflik, of die helper van die strydende partye.
*Voorbeeld*: Ma Sara probeer alles in haar vermoë om te verhoed dat Sanna en Inge vriende word, maar sy beskerm hulle toe mevrou Rita vir Sanna in die Groothuis betrap.

**Uiterlike konflik** – wanneer twee strydende partye fisies mekaar die stryd aansê deur byvoorbeeld 'n vuisgeveg of met wapens, of 'n woordewisseling het. 'n Deurborende kyk kan ook 'n voorbeeld van uiterlike konflik wees.
*Voorbeeld*: "Ek koes net betyds toe sy na my klap. Sy druk my behoorlik by die agterdeur uit en slaan dit toe." (p. 99)

**Uitsteltegniek** – ’n skrywer gebruik soms die uitsteltegniek om lesers nuuskierig te hou sodat hulle die roman enduit sal lees om uit te vind wat gaan gebeur.
*Voorbeeld*: In hoofstuk 1 kom Sanna Jansen uit die tronk, maar die leser word nie dadelik ingelig wat die rede vir haar tronkstraf was nie.

**Vergelyking** – twee sake met gemeenskaplike kenmerke word met mekaar vergelyk. Die woorde “soos”, “net soos”, “nes” of “asof” word gebruik om die ooreenkoms aan te dui, byvoorbeeld: hy is so stadig soos ’n skilpad.
*Voorbeeld:* “Dit klink soos donderende perdehoewe wat oor die veld aangehardloop kom” (p. 222)

**Verteltyd** – verwys na die tyd wat dit duur om die verhaal te vertel.
*Voorbeeld*: Die verteltyd in dié roman is 233 bladsye.

**Vertelde tyd** – die tydperk wat in die verhaal gedek word of die tydsduur.
*Voorbeeld*: Die vertelde tyd in *Draairivier* is ongeveer ’n jaar en vier maande.

**Verwikkeling/ontwikkelingsfase** – verteenwoordig die grootste gedeelte van die struktuur van die roman.
*Voorbeeld*: Sanna se vriendskap met Inge.

## 7. Woordverklarings

| | |
|---|---|
| **afgemat** | baie moeg/uitgeput (p. 16) |
| **bemoeisiek** | iemand wat daarvan hou om hom/haar met ander se sake te bemoei (p. 156) |
| **bergskilpad** | ’n groot, gelerige skilpad met swart strepe en kolle op die dop wat van ’n klipperige habitat hou (p. 150) |
| **bestiering** | wanneer God se wil plaasvind (p. 166) |
| **bewimpel** | nie met die volle waarheid vorendag kom nie / die waarheid verbloem om ’n doel te bereik (p. 118) |
| **bitterbos** | ’n Karoobossie met bitter, giftige blare (*Chrysocoma tenuifolia*) (p. 30) |
| **blikkantien** | ’n houer wat van tin gemaak is vir vloeistowwe; dit word oor die vuur verhit om die vloeistof te laat kook (p. 38). Deesdae word dit as idioom gebruk: “die laaste sien van die blikkantien” wat beteken dat iets spoorloos verdwyn het. |
| **bliklampie** | ’n blikkie waarin paraffien gegooi is met ’n lont wat aan die brand gesteek word om lig te verskaf (p. 37) |
| **deurbraak** | wanneer ’n kunstenaar sukses behaal op ’n sekere gebied of beroemd raak (p. 199) |
| **die hof maak** | vryery / liefdesbetoning (p. 96) |
| **donga** | ’n dieperige, droë sloot wat deur spoeling veroorsaak is (p. 18) |
| **donskombers** | ’n kombers wat met dons of vere gestop is (p. 19) |
| **drankprobleem** | ’n onvermoë om gereelde dronkenskap te vermy (p. 89) |
| **erdmannetjie** | meerkat (p. 31) |
| **flerrie** | ’n vryerige meisie (p. 19) |
| **gegaps** | iets sonder toestemming gevat / onregmatig toegeëien (p. 91) |
| **gewiks** | ’n pak slae gekry (p. 154) |
| **ginnegaap** | wanneer iemand laggend, oppervlakkig en verspot oor onbenullige sake praat (p. 68) |
| **Groothuis** | die eienaar van die plaas se huis (p. 70) |
| **grynslag** | ’n spottende, haatlike lag (p. 235) |

| | |
|---|---|
| **handdoekrol** | ’n handdoek wat in ’n rol gedraai en op die kop geplaas word as beskerming sodat swaar voorwerpe op die kop gedra kan word (p. 127) |
| **hardvogtig** | harteloos/ongevoelig/wreed (p. 63) |
| **ingenome** | baie tevrede met ’n situasie (p. 207) |
| **jongetjiesmens** | ’n seun/kêrel (p. 19) |
| **kaiings** | uitgebraaide stukkies vet of vleis (p. 34) |
| **kaartjiesman** | ’n kondukteur of amptenaar op die spoorweë wat sorg vir die op- en afklim van passasiers op ’n trein en die kaartjies kontroleer (p. 11) |
| **kardoes** | ’n sakkie van papier (p. 29) |
| **katoenbale** | die wollerige omhulsel van die sade van die katoenstruik wat geoes en in groot (ronde) bale gepers word (p. 40) |
| **kerkbasaar** | ’n verkoping wat deur die lidmate van ’n kerk georganiseer word om fondse vir die kerk in te win; die meeste produkte soos gebak en naaldwerkitems word geskenk deur die lidmate en word dan verkoop. (p. 181) |
| **Kewertjie** | ’n Volkswagen-motor waarvan die vorm soos dié van ’n kewer (“beetle”) lyk (p. 74) |
| **kleurryk** | ’n verskeidenheid kleure (p. 121) |
| **kluisenaar** | ’n persoon wat hom van mense afsonder en verkies om alleen te woon (p. 51) |
| **kokerboom** | ’n aalwyn (ongeveer vier meter hoog) van Noordwestelike Suid-Afrika waarvan die hol stamme vir pylkokers deur die San gebruik is (p. 109) |
| **kookskerm** | beskutte afdak waar kos gekook word (p. 63) |
| **kopboekie** | identiteitsdokument (p. 39) |
| **krip** | ’n water- of eetbak vir vee (p. 19) |
| **laatlammetjie** | ’n kind wat gebore word as die moeder nie meer jonk is nie en die ander kinders al heelwat ouer as die nuwe baba is (p. 114) |
| **lappiesdeken** | ’n deken, wat oor ’n bed gegooi word, gemaak van laslappies (p. 75) |
| **lomerig** | slaperig (p. 33) |

**lugwaardin** ’n vrou wat as lid van die kajuitpersoneel op ’n vliegtuig diens doen en omsien na die passasiers se welsyn (p. 93)

**magou** ’n slap suurpap van graansorghum voorberei (p. 109)

**manewales** snaakse bewegings (p. 83)

**mank** kruppel loop (p. 133)

**medisynetaal** die geneeskundige en/of medisinale verwysings wat deur mediese personeel gebruik word (p. 59)

**miershoop** ’n harde grondhoop wat deur miere bokant die grondoppervlak uitgebou word (p. 224)

**miserabel** ellendig/beklaenswaardig (p. 7)

**mistroostig** neerslagtig/verdrietig (p. 7)

**murasie** ou vervalle mure van ’n gebou, ’n bouval (p. 27)

**mynskag** ’n opening wat toegang verleen tot ’n myn (p. 26)

**nalatigheid** versuim om die nodige te doen, agterlosigheid (p. 224)

**noodlot** ’n opvatting dat ’n mens se lot deur ’n onbeheerbare mag bestuur word (p. 75)

**ommesientjie** in ’n paar oomblikke, gou (p. 122)

**onherroeplik** wat nie verander kan word nie (p. 14)

**oorkrabbels** (oorkrabbers) oorringe, oorbelle, oorsieraad (p. 118)

**opstal** die woning en ander geboue op ’n plaas (p. 17)

**parool** die vrylating van ’n gevangene vroeër as sy oorspronklike tyd, gewoonlik op sekere voorwaardes, byvoorbeeld dat hy nie ’n soortgelyke oortreding begaan nie (p. 7)

**pennie** ’n kopermuntstuk wat minder as ’n sent werd was (p. 24)

**perron** ’n hoë platform langs die spoorbaan van ’n treinstasie (p. 23)

**pieperig** tingerig, klein en swak, siekerig/klaerig of kleinserig (p. 209)

**ritteltit** histeries wees, besonder baie bewe a.g.v. ’n aandoening (p. 111)

**rumatiek** ’n chroniese ongesteldheid wat met spier- en gewrigspyne gepaardgaan (p. 139)

**samma** ook tsamma, wildewaatlemoen; ’n rankende woestynplant met ’n waatlemoenagtige vrug (p. 190)

**sjieling** ’n muntstuk (twintig sjielings was destyds gelykstaande aan ’n pond) (p. 24)

Kopiereg © Human & Rousseau, ’n druknaam van NB-Uitgewers 

| | |
|---|---|
| **skoenriem** | ’n bandjie van leer wat gebruik is om skoene te herstel (p. 54) |
| **slodderig** | slordig/onnet (p. 28) |
| **smalend** | verkleinerend/honend (p. 235) |
| **spesialis** | ’n dokter wat hom op ’n sekere gebied van die geneeskunde toelê (p. 220) |
| **spioeneer** | heimlik bespied/beloer (p. 21) |
| **stoomroller** | ’n saak deurvoer sonder om teenkanting in ag te neem (p. 92) |
| **suurgras** | ’n soort harde, onvoedsame veldgras (p. 27) |
| **tengerig** | tingerig, swak, broos/skraal (p. 40) |
| **tob** | om jou te bekommer oor ’n aangeleentheid, vol kommer wees (p. 231) |
| **trekpas gee** | uit diens ontslaan, afdank (p. 225) |
| **tronkvoël** | iemand wat in die tronk was (p. 26) |
| **voorhuis** | sitkamer (p. 35) |
| **weemoedig** | treurig (p. 239) |
| **welsynvrou** | (welsynsbeampte) maatskaplike werker, iemand wat optree in belang van behoeftiges se welsyn (p. 92) |
| **windhond** | ’n jaghond gekenmerk deur sy slank bou en groot snelheid (p. 141) |
| **windlawaai** | ’n grootprater (p. 138) |
| **windpomp** | ’n waterpomp op ’n boorgat wat deur ’n groot wiel, op ’n staaltoring, deur die wind aangedryf word (p. 19) |

## Bronnelys


- Labuschagne, F.J. & Eksteen, L.C. 2011. 9de uitgawe. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Kaapstad: Pharos.


### Internetskakels


- https://www.sapeople.com/2017/06/15/plea-help-drought-stricken-farmers-namakwaland-boesmanland-things-not-good/
- https://www.netwerk24.com/Weg/Reis/Boesmanland-vat-my-hand-20150528
- kaart: http://www.capebirdingroute.org/Index.htm
- www.literaryterminology.com


**Telefoniese onderhoude**:

- Engela Ovies, skrywer van *Draairivier*
- Isak Nel, inwoner van Kliprant

Kopiereg © Human & Rousseau, 'n druknaam van NB-Uitgewers 